

***“Vergelyking van Kommunikasiebehoefes
by Werknemers en Bestuur op ‘n
Platinamyn.”***

***Verhandeling voorgelê ter voltooiing van die graad M
Phil. – Kommunikasiebestuur aan die Universiteit van
Pretoria.***

Student: Barend Petrus Johannes Delport

Studentenommer: 75276918

**Promotor: Professor Ronel Rensburg – Departement
Bemarkings – en Kommunikasiebestuur.**

“If Management fails in accurately identifying the communication needs of employees and react proactively to it, their efforts of keeping employees informed and motivated to share their knowledge, views and needs with management and to make a meaningful contribution to organisational effectiveness and growth will be without substance and credibility.”

“If Management fails in the effective communication of information required by employees to optimally function in the organisation, they will fail in their efforts to unleash employee potential to establish trust and win the credibility required to manage the organisation effectively and productively.”

***Dr. D.S. Molapo - DML Associated – Amplats HR Conference,
18 – 20 November 1998.***

INHOUDSOPGAWE

		BLADSY
	<i>HOOFSTUK 1</i>	
1.	Probleemstelling	1
1.1	Inleiding	1
1.2	Agtergrond tot die probleem	4
1.3	Doel van die ondersoek	6
1.4	Formulering van die probleem van hierdie studie	7
1.5	Metode van ondersoek	8
1.5.1	Literatuurstudie	8
1.5.2	Toepassing van die NERV – matriks	9
1.5.3	Bepaling van kommunikasiebehoefes	9
1.5.4	Korrelasie van geïdentifiseerde behoeftes	9
1.5.5	Toepassing van bevindings	10
1.6	Afbakening van die studieterrein	10
1.7	Opsomming van verdere hoofstukke in die studie	12
	<i>HOOFSTUK 2</i>	
2.	Die organisasie	16
2.1	Wat is 'n organisasie?	16
2.2	Wie of wat is 'n werkgewer / bestuur?	17
2.3	Doelwitte van 'n organisasie / bestuur	18
2.4	Verantwoordelikhede van bestuur	19
2.5	Regte en pligte van bestuur	20
2.5.1	Regte van bestuur	20
2.5.1.1	Eksklusiewe regte van bestuur	20
2.5.1.2	Tradisionele regte van bestuur	20
2.5.2	Pligte van bestuur	21
2.6	Wie of wat is werknemers?	22
2.7	Doelwitte van werknemers	22

2.8	Verantwoordelikhede van werknemers	23
2.9	Regte en pligte van werknemers	24
2.9.1	Regte van werknemers	24
2.9.2	Pligte van werknemers	24
2.10	Die interafhanklikheid van bestuur en werknemers	25
	HOOFSTUK 3	
3.	Kommunikasie in die organisasie	27
3.1	Definisies van kommunikasie	27
3.2	Kommunikasiemodelle	29
3.2.1	Sanford se model	29
3.2.2	Lewis se model	29
3.2.3	Berlo se model	30
3.2.4	Die Eksternebetrekkinge – kommunikasiemodel	31
3.3	Bestuursteorieë en kommunikasie	32
3.4	Funksies van organisatoriese kommunikasie	43
3.5	Die eienskappe van die kommunikeerder en die belangrikheid van vertroue in die kommunikasieproses in 'n organisasie	49
3.5.1	Die eienskappe van 'n goeie kommunikeerder	49
3.5.2	Die belangrikheid van vertroue in kommunikasie	50
3.6	Die belangrikheid van doeltreffende terugvoer	51
3.7	Die noodsaaklikheid van kommunikasie in die organisasie	53
3.7.1	Voordele van opwaartse kommunikasie	55
3.7.2	Voordele van afwaartse kommunikasie	56
3.7.3	Voordele van horisontale kommunikasie	57
3.8	Interkulturele kommunikasie	57
	HOOFSTUK 4	
4.	Konflik as inherente verskynsel in die bestuurs / werknemer verhouding	61
4.1	Definisie van konflik	61
4.2	Twee modelle van konflik	62

4.2.1	Die prosesmodel van tweesydigte konflik	62
4.2.2	Die strukturele model van tweesydigte konflik	62
4.3	Bronne van konflik tussen bestuur en werknemers in 'n organisasie	63
4.3.1	Beperkte hulpbronne	63
4.3.2	Status en strukture	64
4.3.3	'n Verbreking van die vloeï van inligting	64
4.3.4	Die omgewing van die onderneming	65
4.3.5	Ander bronne van konflik	65
4.3.6	Verskillende doelwitte en waardestelsels	65
4.3.7	Verhoudingsprobleme	66
4.3.8	Potensiële oorsake van konflik in die organisasie	66
4.4	Wyses om konflik te bestuur	67
4.4.1	Die prosesbenadering van konflikbestuur	67
4.4.1.2	Inskiklikheid	67
4.4.1.3	Kompromie	68
4.4.1.4	Dwang	68
4.4.1.5	Samewerking	68
4.4.2	Die strukturele benadering om konflik te bestuur	68
4.4.2.1	Reëls	69
4.4.2.2	Stelsels	69
4.4.2.3	Rolvoorskrifte	69
4.5	Konflik as positiewe verskynsel in organisasies	69
	HOOFSTUK 5	
5.	Menslike behoeftes en motivering in 'n organisasie	71
5.1	Basiese menslike behoeftes	71
5.1.1	Maslow se hiërargie van behoeftes	72
5.1.1.1	Fisiologiese behoeftes	72
5.1.1.2	Behoeftes aan veiligheid en sekuriteit	72
5.1.1.3	Sosiale behoeftes	72

5.1.1.4	Agtingsbehoefte	73
5.1.1.5	Selfverweselikingsbehoefte	73
5.1.2	McClelland se teorie	73
5.1.2.1	Die behoefte aan prestasie	74
5.1.2.2	Die behoefte aan affiliasie	74
5.1.2.3	Die behoefte aan mag	74
5.1.3	Herzberg se tweefaktor-motiveringsteorie	75
5.1.3.1	Motiveerders	75
5.1.3.2	“Higiëne” – of instandhoudingsfaktore	76

5.1.4	Vroom se verwagtingsteorie	77
5.1.4.1	Verwagting	77
5.1.4.2	Instrumentaliteit	77
5.1.4.3	Valensie	77
5.1.5	Adams se gelykheidsteorie	78
5.1.5.1	Inset- uitsetfaktore	78
5.1.5.2	Die ongelykheidsvergelykingsproses	78
5.1.6	Die Porter en Lawler model	78
5.2	'n Model van menslike gedrag	79
5.2.1	Behoeftes	79
5.2.2	'n Gemis ("want") en begeertes	80
5.2.3	Gedrag	81
5.2.4	Doelwitte en bevrediging	81
5.3	Definiëring van motivering	81
5.4	Motivering in die organisasie	83
5.5	Hoe die kennis van menslike behoeftes en motivering, bestuur tot voordeel kan strek	84
5.5.1	Maslow se behoefte-rangorde	84
5.5.2	Herzberg se tweefaktor-motiveringsteorie	85
5.5.3	McClelland se teorie	85
5.5.4	Vroom se verwagtingsteorie	86
5.5.5	Adams se gelykheidsteorie	87
5.6	Die implikasies vir kommunikasie	88
	HOOFSTUK 6	
6.	Bepaling van kommunikasie-behoeftes	89
6.1	Identifisering van kommunikasie-behoeftes uit die literatuur	89
6.1.1	"Employees need to know"	90
6.1.2	"Employees want to know"	91
6.1.3	"Employees should know"	91

6.1.4	“What management wants to say”	91
6.1.5	“What employees want to hear”	92

6.2	Aanvulling van kommunikasiebehoefte deur gebruikmaking van die NERV - kommunikasiematriks	96
6.2.1	Omskrywing	96
6.2.2	Die vier elemente	96
6.2.2.1	Behoeftes (“needs”)	97
6.2.2.2	Verwagtinge (“expectations”)	97
6.2.2.3	Regte (“rights”)	97
6.2.2.4	Waardes (“values”)	97
6.2.3	Toepassing van die matriks	98
6.2.4	Samevatting	98
6.2.5	Resultate van die toepassing van die NERV – matriks	98
6.2.5.1	Werknemers	98
6.2.5.1.1	Behoeftes	98
6.2.5.1.2	Verwagtinge	99
6.2.5.1.3	Regte	100
6.2.5.1.4	Waardes	101
6.2.5.2	Bestuur	102
6.2.5.2.1	Behoeftes	102
6.2.5.2.2	Verwagtinge	103
6.2.5.2.3	Regte	104
6.2.5.2.4	Waardes	105
6.2.5.3	Afleiding van verdere kommunikasiebehoefte	106
6.2.5.3.1	By werknemers	106
6.2.5.3.2	By bestuur	107
6.2.6	Samestelling van ‘n vraelys	108
6.3	Vergelyking van kommunikasiebehoefte	108
6.3.1	Navorsingsprobleem	108
6.3.2	Navorsingsdoelstelling	109
6.3.3	Databronne	109

6.3.3.1	Literatuurstudie	109
6.3.3.2	Toepassing van die NERV – matriks	110
6.3.3.3	Opstel van 'n vraelys	110
6.3.4	Data – insameling	111
6.3.4.1	Opleiding van veldwerkers	111
6.3.4.2	Ongeletterdheidsprobleem	112
6.3.5	Interpretasie van gegewens	113
6.3.5.1	Elemente van kommunikasievraelys	113
6.3.5.2	Bevindings	114
6.3.5.2.1	Biografiese gegewens	114
6.3.5.2.2	Reaksie op vraelys	116
6.3.5.2.2.1	Vergelyking van response van werknemers en bestuur	117
6.3.5.2.2.2	Verdere statistieke	119
6.3.6	Gevolgtrekkings	121
6.3.7	Aanbevelings	121
	HOOFSTUK 7	
7.	Ontwikkeling van 'n kommunikasiestrategie	123
7.1	Implikasie van die navorsingsresultaat vir die kommunikasieproses	123
7.2	Huidige benadering ten opsigte van kommunikasie in die organisasie	124
7.3	Voorgestelde kommunikasiestrategie	126
7.3.1	Stappe in die formulering van 'n kommunikasiebeleid	127
7.3.1.1	Bestuursverbintenis	127
7.3.1.2	Daarstel van doelwitte	127
7.3.1.3	Verbeterde kredietwaardigheid van bestuur as informasiebron	127
7.3.1.4	Ontwikkel kriteria vir doeltreffendheid	129
7.3.1.5	Media en kanale	129
7.3.1.6	Evaluasie en aanpassing	131
7.3.1.7	Bestuursklimaat	131

7.3.1.8	Opleiding van kommunikeerders	132
7.4	Voorstelle vir toekomstige navorsing	135
8.	Bronnelys	137
9.	Aanhangsels	141

HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING

1.1 INLEIDING

In hierdie studie word daar gepoog om vas te stel of daar ooreenkomste bestaan tussen die kommunikasiebehoeftes van werknemers en bestuur op 'n Platinamyn. Die resultate van die ondersoek sal daarna gebruik word om hierdie situasie te verbeter en sodoende 'n bydrae te lewer om die organisasie se doeltreffendheid te verhoog. Fred Nickols sê (in 'n ongedateerde artikel op die internet) die volgende: "Over the long haul, the success of an organisation is a function of the extent to which the needs and requirements of its various stakeholders can be integrated and balanced, without sacrificing any one to the other. There is, in this arrangement, mutual influence and accountability."

Een van die belangrikste van hierdie behoeftes waarna Nickols verwys, is die behoefte aan kommunikasie.

Cronje (1991: 17) meen: "The need for effective communication has never been more pressing." Hierdie opmerking geld vandag steeds, en veral in die mynbedryf. Hierdie aanname word sterk deur Hooyberg (1987: 1-3) ondersteun. Hy sê dat die behoefte aan doeltreffende kommunikasie bykans nie oorbeklemtoon kan word nie. Hy gee toe dat daar wel aandag aan kommunikasie gegee word, maar dat die behoeftes van werknemers nie in hierdie proses aandag geniet nie.

Porter, in Dunnette (1976: 1985), voer aan: "Research carried out to date in actual organisational settings seem not to have penetrated to the heart of communication problems.." Hy voeg by: "The need is great for more varied and more innovative methodological approaches to study communication in organisations, if solid advances are to be made in this area in the future. Finally, we believe that communication represents such an under- theorised and under- researched area, that it offers excellent opportunities for future contributions to the growing body of knowledge about behaviour in organisations."

Uit bogenoemde aanhaling blyk dit duidelik dat die navorsingsvraagstuk handel oor kommunikasie in organisasies - 'n veld wat, so glo Porter, nog baie navorsing verg ten

einde vordering te toon. Dit bied ook uitstekende geleenthede aan navorsers om 'n betekenisvolle bydrae te maak tot die veld van organisatoriese sielkunde.

Gerber et.al.(1995: 78 en 82) beklemtoon die bevrediging van menslike behoeftes in die werksituasie en die rol van bestuur om van hierdie behoeftes kennis te neem, en hulle te verstaan, ten einde werksprestasie te verbeter.

*Hy voeg hierby (Gerber,a.w.:333) "n Belangrike uitdaging waarvoor bestuurders te staan kom, **is om die behoeftes van hul werknemers te ken** en op grond daarvan strategieë te ontwikkel om hul werknemers te motiveer. Daarom is dit belangrik dat bestuurders kennis neem van menslike behoeftes en motiveringsteorieë."*

Nasser et.al. (1977: 3) voeg by dat bestuur die behoeftes van werknemers en die organisasie moet integreer ten einde organisatoriese doelwitte te bereik.

*In 'n studie oor kommunikasie in 'n goudmyn sê Jensen (1986:13) die volgende: "The indications are that while communication routes have been established, more attention should be paid to **personal needs** and interpersonal relationships."*

*Die noodsaaklikheid van die kennis van werknemerbehoefte sowel as motiveringsteorieë word dus beklemtoon - **hieronder is effektiewe kommunikasie nie moontlik nie.** Effektiewe kommunikasie is weer nodig vir organisatoriese doeltreffendheid!*

Lewis (1987:5, 6) sê: "Managers must recognise the necessity and importance of effective communication for managing employees and organisations and for increasing productivity. Managers need the ability to (1) - align managerial and organisational theories with communication principles, (2) - understand how verbal and non-verbal behaviour act as communication stimuli within organisations, and (3) overcome organisational communication problems." Hy voeg by: "... an organisation is crucially dependent upon its communication patterns and activities, and the job of the manager is to build a climate for the sharing of messages, ideas or attitudes. Communication must not only flow from management to employees, but also from employees to management."

Sanford (1976: 24) is meer spesifiek. Hy sê: “Effective organisational communication is not an end in itself; it is one of the means to the end of organisational effectiveness. Basically, communication serves the following two purposes in all organisations: (1) it provides information for decision-making, and (2) it makes possible the attitudes and motivations for the decision-making and producing processes.”

Lewis (1987: 5 en 6) bring `n verdere dimensie na vore, wat aansluit by wat Porter reeds geïmpliseer het, naamlik **dat die bestuurder van vandag nie sy werk doeltreffend kan verrig as hy nie doeltreffend kan kommunikeer nie**. Hy is dus slegs suksesvol as hy effektief kan kommunikeer en kan dus organisatoriese doeltreffendheid verhoog deur kommunikasie te verbeter.

Dat organisatoriese doeltreffendheid tot `n hoë mate deur kommunikasie beïnvloed word, is nie te betwyfel nie. In hierdie studie word spesifieke aandag geskenk aan die mynbedryf en alhoewel bogenoemde aanhalings almal van toepassing is, kyk ons graag na wat Hooyberg (1987: 1) sê. Hy maak die volgende stellings: “Effective communication is undoubtedly a fundamental requirement for the successful management of almost any enterprise. **In the mining industry this has been recognised clearly...**” Hy voeg by: “The need for effective industrial communication in the mining industry, especially in situations where increased unionization and politization of black employees occurs, can hardly be over-stressed!” Hy sluit af deur te sê **dat mynwerkers `n behoefte het aan informasie, maar dat myne nog altyd gekenmerk is deur “...complex problems of communications, including those of language differences and apparent lack of functional literacy on the part of the bulk of the labour force. For communication to succeed, there is a need for management to move away from traditional approaches and consider new, alternative and possibly unorthodox perspectives in communication.”**

Uit Hooyberg se gedagtes kan ons duidelik aflei dat in die mynbedryf in Suid-Afrika nog veel gedoen sal moet word ten einde die kommunikasieproses, met al sy gepaardgaande voordele, te verbeter. **In hierdie studie word die uitdaging aanvaar om die kommunikasieproses aan te pak uit die hoek van behoeftes van werknemers en**

bestuur. So sal onder meer die inhoudelike aspekte spesifiek uitgelig word in hierdie uiters dinamiese proses.

Om die probleem dan finaal te formuleer: Daar bestaan `n groeiende behoefte ten opsigte van verbeterde kommunikasie in die Suid-Afrikaanse mynbedryf. In die bestaande proses word daar nie genoegsame aandag gegee aan die behoeftes van die werknemers, sowel as bestuur, ten opsigte van inligting wat hulle benodig nie..

Die probleem verg onmiddellike aandag ten einde hierdie strategiese proses tot voordeel van die organisasie te kan aanwend.

1.2 **AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM**

Gedurende Julie en Augustus 1996 het Amplats `n staking van werknemers by sy drie myne in die Noord-Wes Provinsie beleef. Dit het gelei tot `n verlies van nagenoeg R400 miljoen. Die oorsaak van die staking kan teruggevoer word na die besluit om Johannesburg Consolidated Investment Limited in Mei 1995 te ontbondel. Gebrek aan effektiewe kommunikasie tussen werknemers en bestuur is later geïdentifiseer as die belangrikste bydraende faktor tot die staking. Die werkers het geglo dat die myne deur JCI aan Amplats verkoop is en dat hulle dus geregtig sou wees op die betaling van sekere voordele vanaf JCI. Bestuur het, in `n poging om die ontbondelingsproses so lank moontlik stil te hou (om ekonomiese redes), nie genoeg tyd gelaat vir genoegsame kommunikasie van die proses nie. Die gevolg was valse gerugte wat tot onrealistiese verwagtinge by werknemers gelei het. Beide werknemers en bestuur het groot verliese gely, nie slegs van `n finansiële aard nie, maar ook as gevolg van verhoudings - wat oor jare opgebou is - wat onherstelbaar geskaad is. In die jaarverslag van Amplats sê die Voorsitter, Mnr. BE Davison, dan ook baie duidelik dat daadwerklike stappe geneem word om kommunikasie in die organisasie te verbeter ten einde effektiwiteit te verhoog — die doel met hierdie navorsing is dan om `n bydrae te lewer tot hierdie proses.

In Nieuwmeijer et.al. (1992: 85) word die Sekretaris Generaal van die Professional Transport Workers Union, Emily Fourie, aangehaal waar sy die volgende uitlating maak: "Management will have to get off their rusty dusties and get down to the basics, if they wish

to run their companies effectively. At the end of the day they will have to meet the aspirations of the workers. The trade unions have reluctantly been playing the role of communicators. It is about time that management wake up and realise that they need to communicate with their own work force.” Sy gaan verder en maak ook die volgende uitlating: *“I suggest that the majority of unfair labour practice cases that reach the industrial court could have been resolved, had there been better communication. It is important to recognise that communication is a means of improving human relations, and not solely a means of getting things done. Most companies will tell you that they communicate well with their workers, that they have the proper structures, that meetings are held once a month, and yet, wait and see how agitated management becomes when the meetings drag on for longer than they anticipated.*

I want to say that as I see it, what is required of effective communication is that there must be an earnest and honest desire to communicate; an urge to learn and to listen with understanding. It is not going to help if we rush out there, and call our work force together tomorrow and say: “From now on, we are going to communicate”. We don’t really believe that in our hearts. You have to be convinced that this is the only way that your company is going to operate effectively. Communication should be participative and democratic not only in words, but also in deeds. And all workers must be drawn into the communication system.”

Ons het hier dus die behoefte aan doeltreffende kommunikasie verteenwoordig uit die oogpunt van bestuur, werknemer en die unie (werknemerverteenwoordiger) gesien. Almal is dit eens dat:

- 1) Kommunikasie nodig is ten einde produktiwiteit te verhoog;*
- 2) Werknemers se behoeftes ten opsigte van kommunikasie belangrik is;*
- 3) Bestuur, in sy poging om te kommunikeer, vêr te kort skiet; en*
- 4) Daar `n behoefte bestaan om hierdie proses te verbeter.*

Uit genoemde stellings, sowel as die voorafgaande opmerkings in die inleiding, is gevolglik gevoel dat `n betekenisvolle bydrae moontlik op hierdie gebied gemaak kan word.

In Amplats is daar deurlopend ondersoek gedoen en aanpassings gemaak ten opsigte van kommunikasie. Die aanpassings het slegs gedien om tred te hou met die bedryf. By kommunikasie in die werksplek is dit egter ook nodig om pro-aktief te wees. Daar word geglo dat die koppeling van behoeftes en kommunikasie, by bestuur en werknemers, dalk so 'n sprong na die pro-aktiewe mag verteenwoordig. As bestuur dan weet wat hulle werknemers se kommunikasiebehoeftes is en werknemers weet wat bestuur se behoeftes op hierdie gebied is, sal kommunikasie meer doeltreffend en doelgerig wees !

1.3 **DOEL VAN DIE ONDERSOEK**

*Soos reeds hierbo gemeld, is die doel van die ondersoek om die kommunikasieproses soos aangetref op 'n platinamyn onder die vergrootglas te neem. Die proses sal ontleed word met spesifieke verwysing na die behoeftes ten opsigte van kommunikasie soos aangetref by bestuur en ook by die werknemers. Dit gaan dus hier oor **wat werknemers van bestuur wil hoor en vir hulle wil sê, en ook wat bestuur vir werknemers wil sê en ook van hulle wil hoor !** Dit is waarskynlik die enigste manier om misverstande en konflik in die werkplek te verminder. Hoë kwaliteit kommunikasie, wat bevestig kan word, moet verseker word en só kan 'n nuwe klimaat van onverdraaide en eerlike kommunikasie in die mynbedryf gevestig word. Die potensiële bydrae van kommunikasie, gerig op die inhoudelike, versterk dan ook die behoefte aan 'n deeglik uitgewerkte en beplande strategie met die oog op 'n konstante vloei van kwaliteit inligting - van belang vir werknemers en ook in belang van die onderneming.*

Daar word geglo dat hoe groter die oorvleueling van behoeftes is ("common ground") hoe makliker dit sal wees om doelwit-integrering te bewerk. Daar word aanvaar dat daar groot verskille mag bestaan, maar ook hier sal die kennis van hierdie verskille lei tot 'n aanpassing van doelwitte - so word geglo - ten einde kommunikasie te verbeter en uiteindelik organisatoriese doeltreffendheid te verhoog.

Lakhani (1994: 25) sê ook: *“The simple truth is that communication is about “listening” of identifying the communication needs of all the people in an organisation and setting up processes that facilitate this - so it’s more a case of identifying communication needs than of telling them anything.”*

Die doel van die ondersoek is dan **om die inhoudelike van kommunikasie aan te spreek** deur middel van die **identifisering van behoeftes** van bestuur en werknemers. Dié bevindinge sal dan weer toegepas word in die kommunikasieproses van die reeds genoemde organisasie, maar moontlik ook by ander.

1.4 **FORMULERING VAN DIE PROBLEEM VAN HIERDIE STUDIE**

Dit blyk duidelik uit die voorafgaande dat daar by organisasies oor die algemeen `n behoefte bestaan ten opsigte van verbeterde kommunikasie. Howard (1996: 12) stel dit in haar artikel in Public Relations Quarterly: *“That’s true (the need for improved communications) from San Francisco to Sydney, Asia to Africa.”*

McLaren (1983: 1 en verder) ondersteun dié siening deur die volgende uitspraak: *“Trends indicate that **black mineworkers are growing increasingly frustrated with the poor quality or lack of communication** on matters affecting them directly.”* Om bogenoemde redes is daar besluit om die navorsing ten opsigte van die proses van kommunikasie spesifiek tot die Suid-Afrikaanse mynbedryf en meer spesifiek die behoeftes van werknemers en bestuur ten opsigte daarvan, te beperk en te rig.

Mauer (Nieuwmeijer 1992:1) maak die volgende uitlatings: *“The ultimate aim of communication is to share meaning, an ideal not easy to accomplish because of our diversity as human beings. There is a popular belief that people have an inherent ability to communicate, but the world around us proves the contrary. Every day there are misunderstandings that cause confusion, disagreement, deterioration in interpersonal relationships and poor performance. These misunderstandings may be due to a lack of information, to differences in interpretation or to being swamped by too much information.*

Competence in communication should be learned, in much the same way as learning to talk – by observing others, by explicit instruction, by trial and error, and so on. In other words, the more you know about the communication process, its possibilities as well as its limitations, the more options you will have for your day-to-day communications.”

1.5 **METODE VAN ONDERSOEK**

Soos in die inleiding reeds aangehaal deur Porter, lê die veld van ondersoek van kommunikasie in die organisatoriese opset nog tot 'n hoë mate braak. Daar is dus wyd gesoek na inligting wat nie net die velde van die Sielkunde en Bedryfsielkunde insluit nie, maar ook Kommunikasiekunde en die Skakelwese dek.

1.5.1 **Literatuurstudie**

Verskeie bronne wat handel oor kommunikasie sowel as menslike behoeftes, konflik, die organisasie, regte en pligte van bestuur en werknemers en motivering is geraadpleeg. Daar is gepoog om soveel moontlik oor kommunikasiebehoefte van werknemers en bestuur te wete te kom. As basis is die studies van die Kamer van Mynwese se studies gebruik. In hierdie studies is gefokus op die inhoudelike element van hierdie behoeftes en daar is voorts gepoog om dit uit ander bronne aan te vul en te bevestig. Uit hierdie studie is 'n veelvoud van behoeftes gevind wat gekondenseer is tot 'n totaal van sestien elk by werknemers en bestuur onderskeidelik. Daar is gebruik gemaak van tydskrifte, handboeke en artikels op die Internet sowel as skakeling met Opvoedkundige Instellings en internasionale kundiges op die gebied van kommunikasie, deur middel van e-pos en internet fasiliteite op die rekenaar.

Op bogenoemde wyse is toegang verkry tot meer as vyftig bronne en is ongeveer ses internasionale kundiges en instansies gebruik ten einde inligting te bekom en die onderwerp van navorsing te bespreek. Aan al hierdie bronne word erkenning gegee in die bronnelys..

1.5.2 **Toepassing van die N.E.R.V-matriks**

Tydens die literatuurstudie is 'n artikel van Sue McLauren van die Bell Howell organisasie in Kanada geïdentifiseer as 'n moontlike wyse om informasie ten opsigte van werknemerbehoefte te versamel. Die N.E.R.V.-matriks bied 'n basis vir werknemers, sowel as bestuur, om hulle behoeftes (needs), verwagtinge (expectations), regte (rights) en waardes (values) na vore te bring, soos van toepassing in die werksituasie.

Die inligting is deur 'n fasiliteerder, eers op individuele en dan op groepsbasis, ingewin.

1.5.3 **Bepaling van kommunikasiebehoefte**

Informasie ingewin deur die toepassing van die N.E.R.V.-matriks is georden in afsonderlike response van werknemers en bestuur. Uit die literatuurstudie is daar generiese kommunikasiebehoefte geïdentifiseer. Hierdie behoeftes is vervolgens aangevul en bevestig uit die response verkry vanuit die toepassing van die matriks. Response vir werknemers en bestuur is afsonderlik aangetoon. Hierna is 'n vraelys saamgestel wat geïdentifiseerde kommunikasiebehoefte van beide groepe geïnkorporeer het in die vorm van stellings waarop die respondente, soos geïdentifiseer in 'n ewekansige steekproef, getrek vanaf 'n elektroniese drukstuk uit die kloksisteem op elke skag ten einde elke posvlak verteenwoordigend te omvat, moes reageer. Die vraelys is vertaal in ses tale (Afikaans, Engels, Xhosa, Sepedi, Setwana en die Fanakalo) ten einde alle taalgroepe in die steekproef, wat die totale spektrum van werknemers op die myn dek, te akkomodeer.

1.5.4 **Korrelasie van geïdentifiseerde behoeftes**

Van respondente is verwag om op twintig stellings, ten opsigte van kommunikasiebehoefte, te reageer. Elkeen moes aandui of hy/sy volmondig daarmee saamstem, gedeeltelik daarmee saamstem, onseker is daaroor, ietwat daarvan verskil of totaal daarvan verskil. Alhoewel bestuur en werknemers op die selfde vraelys moes reageer, is die response afsonderlik aangeteken en is afleidings gemaak aan die hand van statistiese resultate wat verkry is deur die toepassing van die "Statistica"-rekenaarsagteware pakket Die hoofdoel was hier om te bepaal of daar 'n korrelasie

bestaan tussen die response van bestuur en werknemers – of daar dus ooreenkomste bestaan tussen die kommunikasiebehoeftes van werknemers en bestuur op 'n Platinamyn.

1.5.5 **Toepassing van bevindings**

Uit die resultaat verkry uit die statistiese analise en afleiding daaruit gemaak, word sekere bevindinge gemaak. Hierdie bevindings dien dan as basis vir die formulering van 'n kommunikasiestrategie vir die myn. In hierdie strategie word die bevindings dan geïmplimenteer, terwyl die basiese vertrekpunt die beklemtoning van die inhoudelike is van die kommunikasieproses.

Daar word voorsien dat 'n kommunikasiebeleid vir die Platinamyn moontlik sal voortspruit uit die bevindings van hierdie navorsing.

1.6 **AFBAKENING VAN DIE STUDIETERREIN**

*Die studie word, soos die titel van die verhandeling reeds suggereer, beperk tot kommunikasie in die Mynbedryf – meer spesifiek 'n Platinamyn in Noord - Wes Provinsie. Die spesifieke invalshoek wat as studieveld gekies word, is die behoeftes aan kommunikasie soos aangetref by werknemers sowel as bestuur. Deur aandag te gee aan kommunikasiebehoeftes, word die klem geplaas op die inhoudelike aspek van die kommunikasie proses – **wat die partye wil weet en ook wat hulle vir mekaar te sê het, in die opset van die organisasie.***

Porter, in Dunnette (1976:1585), voer aan: “Research carried out to date in actual organisational settings seem not to have penetrated to the heart of communication problems...”. Hy voeg by: “The need is great for more varied and more innovative methodological approaches to study communication in organisations, if solid advances are to be made in this area in the future.

*Uit bogenoemde aanhaling blyk dit duidelik dat **die navorsingsvraagstuk handel oor kommunikasie in organisasies** - 'n veld wat, so glo Porter, nog baie navorsing verg ten einde vordering te toon. Dit bied ook uitstekende geleenthede aan navorsers om 'n betekensvolle bydrae te maak tot die veld van organisatoriese sielkunde.*

*Gerber, et.al. (1995: 78 en 82) beklemtoon die **bevrediging van menslike behoeftes** in die werksituasie en die rol van bestuur om hierdie behoeftes te ken en verstaan ten einde werksprestasie te verbeter.*

Nasser, et.al. (1977: 3) voeg by **dat bestuur die behoeftes van werknemers en die organisasie moet integreer ten einde organisatoriese doelwitte te bereik.**

Lewis (1987: 6) bring 'n verdere dimensie na vore wat aansluit by wat Porter reeds geïmpliseer het, nl. **dat die bestuurder van vandag nie sy werk effektief kan verrig as hy nie effektief kan kommunikeer nie.** Hy is dus slegs suksesvol as hy effektief kan kommunikeer en kan dus organisatoriese effektiwiteit verhoog deur kommunikasie te verbeter.

Om bogenoemde redes is daar besluit om die navorsing ten opsigte van die proses van kommunikasie spesifiek tot die **mynbedryf** en meer spesifiek **die behoeftes van werknemers en bestuur** ten opsigte daarvan, te beperk en te rig.

Gedurende Julie en Augustus 1996 het Amplats, die organisasie hier ter sprake, 'n staking van werknemers by sy drie myne in die Noord-Wes Provinsie beleef, wat gelei het tot 'n verlies van nagenoeg 400 miljoen rand. Die oorsaak van die staking kan teruggevoer word na die besluit om Johannesburg Consolidated Investment Limited in Mei 1998 te ontbondel en drie onafhanklike organisasies – JCI, JOHNIC en AMPLATS te vorm as deel van 'n swartbemaagtigings inisiatief. Gebrek aan doeltreffende kommunikasie tussen werknemers en bestuur is later geïdentifiseer as die belangrikste bydraende faktor tot die staking. Die werkers het geglo dat die myne deur JCI (die moedermaatskappy) aan Amplats verkoop is en dat om hierdie rede hulle geregtig sou wees op die betaling van sekere afdelingsvoordele vanaf JCI. Bestuur het, in 'n poging om die ontbondelingsproses so lank moontlik stil te hou – om ekonomiese en ander strategiese redes – nie genoeg tyd gelaat vir genoegsame en effektiewe kommunikasie van die proses nie. Die gevolg was valse gerugte wat tot onrealistiese verwagtinge by werknemers gelei het. Die organisasie en beide werknemers en bestuur het groot verlies gely, nie slegs van ekonomiese aard nie!

Lakhane (1994: 25) meen dat dit in kommunikasie gaan oor: “... **identifying the communication needs of all the people in our organisation and setting up processes to facilitate this.**”

In die jaarverslag van **AMPLATS** verklaar die Voorsitter, Mnr Barry Davison dan ook, aan die einde van daardie finansiële jaar (1996), baie duidelik dat daadwerklike stappe geneem sal moet word ten einde kommunikasie in die organisasie te verbeter en sodoende effektiwiteit te verhoog - **die doel met hierdie navorsing is dan om 'n bydrae te lewer tot hierdie proses.**

Daar sal dus gepoog word om te bepaal of daar ooreenkomste bestaan tussen die kommunikasie behoeftes van werknemers en bestuur ten einde daarop te fokus en die kommunikasie proses te verbeter. Indien daar verskille gevind word, sal sulke verskille ook uitgelig word om so 'n bydrae tot verbeterde kommunikasie te maak.

Die mynbedryf is van kardinale belang vir die ekonomie van die Republiek van Suid-Afrika. Meer doeltreffende kommunikasie wat kan lei tot groter sukses in die bedryf en ook arbeidsvrede kan bewerkstellig, sal beslis die lewens van baie landsburgers raak - nie net die betrokke werknemers en bestuur nie, maar - uit die aard van die bedryf – ook totale gemeenskappe soos Rustenburg, Klerksdorp, Randfontein, Virginia en talle ander.

1.7 OPSOMMING VAN VERDERE HOOFSTUKKE IN DIE STUDIE

HOOFSTUK 2 :DIE ORGANISASIE

Aangesien hierdie verhandeling aandag skenk aan konflik as onderliggend in die organisasie, menslike behoeftes , motivering in werksverband en organisatoriese kommunikasie, is dit belangrik om te omskryf wat 'n organisasie is. Hierdie begrip word omskryf aan die hand van Sanford (1976:9) se definisie. Daarna word gekyk na die werkgewer (of bestuur) en wat hulle doelstellings, verantwoordelikhede, regte en pligte is in 'n organisasie. Vervolgens word die begrip werknemer omskryf en daar word aandag gegee aan die doelstellings van werknemers (arbeid), hulle regte, verantwoordelikhede en pligte.

Uit bogenoemde bespreking en vergelyking blyk dit gou dat daar uiteenlopende doelwitte, verantwoordelikhede, regte en pligte is - die basis is dus reeds gelê vir konflik as gevolg van botsende belange. Om konflik binne die werksmilieu te bestuur, is effektiewe kommunikasie weer onontbeerlik.Ten slotte word die interafhanklikheid van bestuur en werknemers weereens belemtoon.

HOOFSTUK 3 :KOMMUNIKASIE

Die belangrikheid van kommunikasie in die organisasie het baie duidelik geblyk uit die vorige hoofstuk. Bestuur en werknemers gaan in die werksituasie met mekaar om en dié interaksie word moontlik gemaak deur die proses van kommunikasie.

In hierdie hoofstuk sal kommunikasie as proses gedefinieër en aan die hand van modelle bespreek word. Daar word spesifiek aandag gegee aan die modelle van Sanford ,Lewis en Berlo asook die

eksternebetrekkings - kommunikasie-model. Die funksies van organisatoriese kommunikasie word bespreek, asook die implikasies wat bestuursteorie vir kommunikasie inhou – dit word toegelig aan die hand van 'n tabel wat die hooftorie vergelyk in terme van die funksionele en betekenisgesentreerde benaderings van kommunikasie. Hierna word verwys na die eienskappe van 'n goeie kommunikeerder asook die rol wat vertroue in hierdie proses speel. Die belangrikheid van terugvoer sowel as die noodsaaklikheid van doeltreffende kommunikasie in 'n organisasie dien dan om hierdie bespreking af te rond.

Ten slotte word interkulturele kommunikasie bespreek wat, as gevolg van die veelheid van tale en kulture, 'n definitiewe rol in die mynboubedryf in die RSA speel.

HOOFSTUK 4 :KONFLIK AS INHERENTE VERSKYNSEL IN WERKNEMER/WERKGEWER VERHOUDINGS.

Soos gesien uit hoofstuk 2, bestaan daar in die organisasie groot potensiaal vir konflik tussen bestuur en werknemer. Hierdie potensiaal kan gevind word in die verskil wat bestaan in die doelwitte van die twee partye asook die relevante posisie van mag waarin dié partye hulle bevind. In hierdie hoofstuk sal gepoog word om op die informasie in hoofstuk 2 verskaf, voort te bou en te wys dat die verskille wat bestaan nie noodwendig tot negatiewe konflik sal lei, soos dit deur die tradisionalistiese siening voorgehou word nie. Dit kan ook tot konflikbenutting lei, waar die twee teenpartye - deur doeltreffende hantering van die proses - tot 'n nuwe, wedersyds aanvaarbare alternatief kan kom. Dit kan slegs geskied deur doeltreffende benutting van kommunikasie tussen werknemer en bestuur.

Ten einde bogenoemde oogmerk te illustreer, sal daar eers gekyk word na 'n definisie van die begrip konflik. Hierna word twee konflikmodelle bespreek en daar word dan oorgegaan na 'n oorsig van bronne van konflik in die werksituasie. Vervolgens word wyses bespreek om konflik te bestuur wat lei tot 'n bespreking van die voordele van konflik as 'n positiewe verskynsel in organisasies.

HOOFSTUK 5 : MENSLIKE BEHOEFTE EN MOTIVERING IN 'N ORGANISASIE

Daar is reeds in die voorafgaande twee hoofstukke gesien dat menslike behoeftes, en doelwitte wat daaruit voortspruit, van mekaar mag verskil en tot konflik kan lei. Die noodsaaklikheid om die doelwitte van bestuur en werknemers te versoen, is insgelyks ook beklemtoon as 'n voorvereiste van organisatoriese doeltreffendheid.

In hierdie hoofstuk val die klem op menslike behoeftes en gedrag. Daar word dan eers na

algemene menslike behoeftes gekyk, waar veral aandag gegee sal word aan die teorieë van Maslow, Herzberg en Mc Clelland (as voorbeelde van sogenaamde inhoudsteorieë) en Vroom, Adams en die Porter en Lawler model (as voorbeelde van die prosteorieë). Hierna word oorgegaan tot die bespreking van menslike gedrag aan die hand van 'n model van gedrag.

'n Motiveringsmodel, sowel as verskeie definisies van motivering, dien as voorbereiding tot 'n bespreking van motivering in die organisasie. Hierna volg dan 'n bespreking van hoe kennis van menslike behoeftes en motivering, aan die kant van bestuur, tot voordeel van die organisasie aangewend kan word.

Die laaste afdeling in dié hoofstuk handel oor die impak van behoeftes en motivering op kommunikasie in die organisasie.

HOOFSTUK 6: BEPALING VAN KOMMUNIKASIEBEHOEFTE

In hierdie hoofstuk word daar op twee wyses 'n opname gemaak van kommunikasiebehoeftes wat bestaan by werknemers en bestuur, naamlik:

- *Identifisering van kommunikasiebehoeftes uit die literatuur; en*
- *Aanvulling hiervan aan die hand van 'n opname op 'n Platinamyn, met behulp van die NERV – kommunikasiematriks.*

In die literatuurstudie word onder andere verwys na Mc Cathrin en D' Aprix, Inverson van Nucor (V.S.A.), Hooyberg en Armstrong se werk. Daar word verwys na Gerber se aannames oor die inhoud van induksie programme sowel as 'n studie deur Market Research Africa wat in 1986 gepubliseer is.

By die toepassing van die NERV- kommunikasiematriks, wat in 1991 deur Sue Mc Lauren in Kanada ontwikkel is, is verskeie behoeftes (needs), verwagtings (expectations), regte (rights) en waardes (values) geïdentifiseer. Dit is gedoen deur die groeps – en individuele response van mynwerkers te analiseer. Werknemers en Bestuur het op genoemde matriks gereageer, in individuele - en groepsverband, onder leiding van 'n groepleier wat onder andere die begrippe ter sake duidelik help omskryf het. Met behulp van hierdie individue en groepe, op verteenwoordigende basis, is die response dan verder gereduseer tot betekenisvolle behoeftes deurdat oorvleulings en herhalings uitgeskakel is.

Hierna is die bevindinge uit die literatuur en die response op die matriks saamgevoeg en is die kommunikasiebehoeftes saamgevat in sestiens generiese behoeftes vir onderskeidelik die werknemers en bestuur. Hierdie behoeftes is weereens saamgevat in twintig stellings verteenwoordigend van bestuur en werknemers. Met hierdie stellings as basis, is 'n vraelys

saamgestel. Die vraelys, wat ook biografiese inligting vereis, is vertaal in ses tale ten einde dit toeganklik te maak vir die totale mynpopulasie.

Vervolgens is die vraelys voorgehou aan 'n verteenwoordigend monster van werknemers en bestuur van Rustenburg Platina Myn wat beide posvlak sowel as werkstasies (Skagte) verteenwoordig. Genoemde steekproef is gedoen met behulp van naamlyste wat vanaf die elektroniese kloksisteem verkry is op ewekansige basis ten einde ongeveer 100 respondente per werkarea te identifiseer. Van hulle is verwag om hulle siening ten opsigte van elkeen van hierdie behoeftes, voorgehou in die vorm van 'n stelling, op 'n vyfpunt skaal aan te dui. Die doel is dan om te bepaal of daar betekenisvolle ooreenkomste tussen die groepe se response (kommunikasiebehoeftes) sou bestaan. Uit die statistiese verwerkings is daar dan afleidings gemaak wat in detail bespreek word.

HOOFSTUK 7: ONTWIKKELING VAN 'N KOMMUNIKASIESTRATEGIE

Die informasie en afleidings wat gemaak is in Hoofstuk 6, sowel as in situ waarnemings, word in hierdie hoofstuk gebruik om as basis te dien vir die daarstel van 'n kommunikasiestrategie.

Daar word aandag gegee aan die implikasies wat die bevindings op die kommunikasieproses as sulks sou hê en ook spesifiek verwys na die daarstel van standaarde, die huidige benadering ten opsigte van kommunikasie op die myn asook insette wat verkry is van 'n aantal invloedryke mynbestuurders in die Noord - Wes Provinsie.

In die voorstel van 'n kommunikasiestrategie word die doel daarvan eers duidelik omskryf, daarna word die stappe in die formuleringsproses van so 'n beleid aangehaal en toegelig. Die stappe is :

- Versekering van bestuursverbintenis;
- Daarstel van doelwitte;
- Verbetering van bestuurskredietwaardigheid;
- Ontwikkeling van kriteria vir effektiwiteit;
- Besluitname oor media en kanale;
- Evaluasie en aanpassing van die strategie;
- Evaluasie van die bestuursklimaat; en
- Die opleiding van kommunikeerders.

In die volgende hoofstuk word gekyk na die organisasie en die rolspelers binne die organisasie. Daar word klem gelê op die regte en pligte van werknemers en bestuur, wat dan kulmineer in 'n omskrywing van die interafhanklikheid van hierdie twee partye binne die organisasie.

HOOFSTUK 2: DIE ORGANISASIE

Aangesien hierdie verhandeling aandag skenk aan konflik as onderliggend in die organisasie, menslike behoeftes, motivering in werksverband en organisatoriese kommunikasie, is dit belangrik om te omskryf wat 'n organisasie is - hierdie begrip word gedefinieer en ook omskryf aan die hand van dié definisie in hierdie hoofstuk. Daarna word gekyk na die werkgewer of bestuur en wat die doelstellings, verantwoordelikhede, regte en pligte is in 'n organisasie. Vervolgens word die begrip werknemer omskryf en daar word aandag gegee aan die doelstellings van werknemers (arbeid), hulle regte, verantwoordelikhede en pligte.

Uit bogenoemde bespreking blyk dit gou dat daar uiteenlopende doelwitte, verantwoordelikhede, regte en pligte is - die basis is reeds gelê vir konflik aan die hand van botsende belange.

2.1 **WAT IS 'N ORGANISASIE?**

Sanford et.al. (1976: 9) gee die volgende omskrywing:

*"An organisation is a **social system** of structured individual roles and tasks which require coordination and communication to accomplish a specific purpose".*

As ons die definisie verder ontleed, werp dit verdere lig op wat 'n organisasie is.

Sosiale sisteem verwys na die volgende kenmerke van 'n organisasie: (1) Die behoefte aan grondstowwe en informasie-insette ten opsigte van die verwerking van die grondstowwe; (2) 'n meganisme wat die transformasie van die grondstowwe tot een of ander produk of uitset moontlik maak; (3) die menslike bronne om die transformasie te bewerkstellig; (4) die vermoë om binne omgewingsbeperkings te opereer.

Elke onderafdeling van die organisasie is aaneengeskakel sodat 'n verandering in een deel van die sisteem die ander dele sal beïnvloed.

Gestruktureerde rolle en take veronderstel 'n sekere mate van struktuur ten einde hiërargiese verwantskappe tussen onderafdelings en individue moontlik te maak. Poste word deur die organisasie saamgestel in ooreenstemming met die doelwitte wat bereik moet word en is nie gekoppel aan spesifieke individue wat die poste mag beklee nie.

Koördinasie: Die verskillende rolle/poste en take funksioneer/bestaan nie onafhanklik van mekaar nie, aangesien die bereiking van gemeenskaplike doelwitte nagestreef

word. Koördinasie is belangrik tussen individue, werkgroepe, departemente en afdelings ten einde duplisering uit te skakel.

Kommunikasie dien as middel waardeur koördinasie verseker word. Die oordraging van informasie binne die organisasie maak dit moontlik om effektiewe funksionering te verseker.

Spesifieke doel: Hier word verwys na die spesifieke doel wat die organisasie nastreef.. Die mate waarin die organisasie se doelwitte bereik word, bepaal die sukses van die organisasie. Die lede van die organisasie het baie hiermee te doen - die mate waartoe die organisatoriese doelwitte met die doelwitte van die individuele lede ooreenstem, sal bepaal hoe suksesvol die organisasie funksioneer.

In ons geval kyk ons spesifiek na 'n organisasie wat in die mynboubedryf aktief is en waar een van sy hoofdoelwitte die van maksimering van wins is; met ander woorde 'n organisasie met winsbejag as een van sy doelwitte. 'n Organisasie wat beleggers se belange moet beskerm, maar ook moet omsien na die welsyn van sy werknemers - tewens een waar bestuur hulle self ook as werknemers bevind - al is dit dan werknemers wat die bestuurstaak in die organisasie moet hanteer.

2.2 **WIE OF WAT IS 'N WERKGEWER/BESTUUR?**

Swanepoel (1986: 28) meen: "An 'employer' is any person who employs or provides work for another at an understood wage or who permits another person to, in any way assist him in the carrying on of his business".

Daar bestaan dus 'n diensverwantskap tussen werkgewer/bestuur en die werknemer, waar bestuur/werkgewer onderneem om die werker onder andere te betaal vir sy/haar dienste en die werknemer onderneem om sy/haar dienste (werk) aan die bestuurder/werkgewer te bied.

Bestuur is weer daardie entiteit wat die werkgewersfunksie van 'n organisasie of industriële maatskappy verteenwoordig. Dit kan wissel van 'n klein organisasie tot 'n reuse maatskappy/organisasie wat 'n hele hiërargie van persone het wat die werkgewer- of bestuursfunksie hanteer.

DOELWITTE VAN 'N ORGANISASIE/BESTUUR

Uit navorsing wat in Amerika gedoen is, blyk dit dat die getal doelwitte van 'n organisasie, en dus ook bestuur van die organisasie, van een tot agtien wissel. Die gemiddelde aantal is sowat ses doelwitte per onderneming. Hieronder volg sewe van die belangrikstes in moontlike prioriteitsvolgorde:

- *Winsgewendheid*
- *Groei*
- *Markaandeel*
- *Sosiale verantwoordelikheid*
- *Welstand van werknemers*
- *Produk kwaliteit*
- *Diens aan verbruikers*

Te min doelwitte gee gewoonlik aanleiding tot verwaarlosing van kritieke areas in die bestuur van 'n organisasie, terwyl te veel doelwitte bestuur sowel as werknemers kan verwar.

Nel et.al.(1989: 8) sonder die vernaamste doelwitte van bestuur uit as: "om die onderneming suksesvol te maak, dit wil sê om toe te sien dat die regte dinge gedoen word, en die dinge reg gedoen word." Verder ook "die benutter van hulpbronne of besluitnemer of aktiveerder (motivering) of voorsteller van idees". Dan ook "hou bestuur die kritieke verhoudings tussen koste en verkope, tussen lone en produktiwiteit, en tussen beleggings en wins in stand."

Dit is duidelik dat bestuur hom/hul dan besig hou met die funksies van beplanning, leierskap, organisasie en kontrole van die onderneming/organisasie en dit alles deur die proses van effektiewe kommunikasie.

VERANTWOORDELIKHEDE VAN BESTUUR

Nel et.al.(1989:12) meen dat bestuur die volgende verantwoordelikhede behoort te vervul:

- *Gereelde vergaderings hou:*
 - *Daarstel van goeie verhoudings met werknemers*
 - *Bespreking van sake met werkers wat vir beide partye van belang is*

- *Toon begrip vir werkers se ware en wettige behoeftes*

- *Meedeel van belangrike inligting soos:*
 - *Personeelstatistiek (omset-, afwesigheid-, veiligheid, ens)*
 - *Produksieteikens en - prestasie*

- *Help werkvertegenwoordigers om hulle taak te verstaan en toe te pas.*
- *Vertroud wees met direksie/topbestuur se siening*

- *Ken van eie verantwoordelikhede met betrekking tot:*
 - *die werkers; en*
 - *die organisasie*

- *Weet watter sake gemeenskaplik met werkers bespreek kan word.*

- *Opstel van 'n program vir die bepaling van wettige behoeftes van werkers, by wyse van:*
 - *inligting alleen;*
 - *konsultasie; en*
 - *gemeenskaplike besluitneming*

- *Verskaf van fasiliteite vir werknemer verteenwoordiging:*
 - *Plek om te vergader;*
 - *Tyd vir vergaderings; en*
 - *Sekretariële dienste.*

Bogenoemde verantwoordelikhede word almal aanvaar ten einde gesonde bestuur/werkverhoudinge daar te stel. Die verhouding moet gesond wees ten einde 'n milieu van vertroue te skep waarin elke party sy rol/le doeltreffend kan speel.

2.5 **REGTE EN PLIGTE VAN BESTUUR**

Bestuur moet vry wees om die doelwitte van die organisasie na te streef (regte), maar dit gaan ook gepaard met duidelike pligte in dié verband:

2.5.1 **Regte van bestuur**

Daar word in die literatuur deeglik onderskeid getref tussen tradisionele regte en eksklusiewe regte van bestuur.

2.5.1.1 **Eksklusiewe regte van bestuur**

Hierdie regte, volgens Nel (1989: 11), is eie aan bestuur - al het werkers al verskeie pogings aangewend om hulle oor te neem. Die regte is:

- *Bepaling van ondernemingsdoelwitte*
- *Bepaling van produkbeleid*
- *Beplanning en implementering van beleid*
- *Voorsiening van finansiële bronne*
- *Bepaling en verandering van fisiese fasiliteite*
- *Bepaling van kwaliteit van vervaardigde produkte*
- *Bepaling van werkstandaarde*
- *Bepaling van arbeidsiening*
- *Organisering en toewysing van die werksmag*

2.5.1.2 **Tradisionele regte van bestuur**

Hierdié regte was tradisioneel by bestuur gevestig, maar deur die proses van gesamentlike onderhandeling word dit algaande meer en meer met werknemers gedeel:

- *Verwysing en indiensneming van werkers*
- *Toewysing van take aan werknemers*
- *Bevordering en afgradering van werkers*

- *Verplasing van werkers*
- *Salaris- en loonaanpassings*
- *Ontslag van werkers*
- *Personeelvermindering*
- *Bepaling van werksure: in- en uit- klok*
- *Toestaan, al dan nie, van verlof*
- *Bepaling van oortyd*

In die geval van bogenoemde regte is daar tot 'n baie hoë mate reeds ooreenkomste aangegaan tussen bestuur en die werkers, meestal waar die werknemers deur 'n werknemersorganisasie verteenwoordig word.

2.5.2 Pligte van bestuur

Regte gaan altyd ook met pligte/verpligtinge gepaard. Bestuur het die volgende verpligtinge teenoor werknemers:

- *Die plig om werknemers in diens te hou*
- *Die plig om werknemers vergoeding te betaal*
- *Wetlike pligte, onder andere:*
 - *Veiligheid in die werksituasie*
 - *Vakansie/verlof*
 - *Pensioen*
 - *Werkloosheidsversekering*
 - *Billike werksure*
 - *Ongevalle versekering*
- *Welwillendheidspligte, wat dan die volgende insluit:*
 - *Bonusse*
 - *Nadoodse sorg aan naasbestaandes*
 - *Behuising*
 - *Werksklerasie*

2.6

WIE OF WAT IS WERKNEMERS?

Volgens Swanepoel (1986: 28) is 'n werknemer "any person who is employed by or works for an employer and is entitled to a wage for his work, or who in any way assists an employer in the carrying out of his business whether for pay or not."

Dit is duidelik dat werkgewer of bestuur en werknemer, onderling verbind is aan mekaar in die werksituasie. Soos later gesien sal word (hoofstuk 4) is die situasie potensieël gelaai met konflik vanweë die feit dat hulle doelwitte tot 'n hoë mate van mekaar verskil.

Volgens Nel (1989: 7) word 'n werker gekenmerk deur "'n bereidwilligheid om die mens se enigste verhandelbare artikel, wat ons by gebrek aan 'n woord "energie" sal noem, vir "kompensasie" te verruil. Hierdie verhandelbare "energie" kan enigteen van die volgende vorms aanneem: fisieke arbeid, verstandelike arbeid, kennis of bedrewenheid, en skeppingsdrang.

Daar moet gelet word op die feit dat werknemers nie almal dieselfde status of posisie beklee nie. Ons sien byvoorbeeld dat daar arbeiders, vakmanne, toesighouers en bestuur is. Almal werknemers van die organisasie - net hulle funksies verskil in organisatoriese verband.

2.7

DOELWITTE VAN WERKNEMERS

Doelwitte verskil van werknemer tot werknemer, maar tog is daar sekeres wat meer algemeen voorkom:

- *Die strewe na verbeterde diensvoorwaardes*
- *Verbetering van fisiese werksomstandighede*
- *Werksekuriteit en sekuriteit van inkomste*
- *Gemeenskaplike welsyn*
- *Regmatige aandeel in nasionale ekonomie en -welvaart*
- *Nywerheidsdemokrasie*
- *Verbetering van gemeenskaps- en welsynsdienste*

In Suid-Afrika word dié doelwitte meestal vervat in die doelwitte van vakbonde. Dan sluit hulle nog die volgendes hierby in:

- *'n Stem in die regering; en*

- om behoorlike beheer oor en beplanning van die nywerheid te bepaal.

2.8

VERANTWOORDELIKHEDE VAN WERKNEMERS

Werknemers moet die planne van bestuur ten uitvoer bring. Om dit te kan doen, deel hulle verantwoordelikhede met bestuur. Werknemers word deur werknemerverteenwoordigers, wat deur hulle verkies is, in hierdie proses bygestaan. Hierdie verteenwoordigers(vakbonde, ens) deel verantwoordelikhede met bestuur deur:

- *Kennis te neem van werkers se gevoelens en houdings teenoor bestuur en die organisasie en dit met bestuur te bespreek*
- *Griewe ondersoek en oplos en prosedures met bestuur bespreek*
- *Gereeld met werkers te skakel en hulle in te lig wat betref :*
 - *Bestuursbesluite en redes daarvoor*
 - *Oordra van bestuursinligting aan werknemers*
 - *Die verantwoordelikhede en gesag van beide partye*
- *Te kyk dat hulle die omvang van verantwoordelikhede van vakbonde verstaan deur:*
 - *Verteenwoordigingsprosedures en -metodes goed te verduidelik;*
 - *Verantwoordelikhede en beperkings ten opsigte van gesag duidelik te maak; en*
 - *werkers in te lig oor die tipe onderneming waarin hulle hulself bevind;*
- *Nuwe werknemers te kontak en informele induksie te laat ondergaan;*
- *Kennis van ekonomiese omstandighede te laat opdoen, d.w.s oor:*
 - *besigheidsresultate en kompetisie; en*
 - *die effek van werkers se versoeke (eise) teen die agtergrond van die ekonomiese situasie.*

Dit blyk baie duidelik uit bogenoemde dat, alhoewel daar baie verskille tussen bestuur en werknemers bestaan, daar tog behoefte bestaan om saam te funksioneer as ´n span.

2.9 **REGTE EN PLIGTE VAN WERKNEMERS**

Net soos by bestuur, bestaan daar ook regte en pligte wat op werknemers van toepassing is in die werksituasie.

2.9.1 **Regte van wernemers:**

Internasionaal word die regte van werkers in ses basiese kategorieë ingedeel, naamlik:

- *Die reg om te werk*
- *Die reg op vryheid van assosiasie*
- *Die reg op kollektiewe bedinging*
- *Die reg om te staak*

- *Die reg op beskerming, wat die volgende insluit:*
 - *Bevredigende diensvoorwaardes en vergoeding;*
 - *Beskerming van veiligheid en gesondheid;*
 - *Sekuriteit; en*
 - *Beskerming teen onbillike arbeidspraktyke*

- *Die reg op opleiding*

2.9.2 **Pligte van werknemers:**

Die vernaamste pligte van werknemers sluit die volgende in:

- *Die plig om te werk, wat die vermyding van die volgende insluit:*
 - *Afwesigheid;*
 - *Laat kom;*
 - *Werkplek verlaat sonder toestemming;*
 - *Besopenheid;*
 - *Slaap aan diens;*
 - *Ruwe spel (horseplay);*
 - *Onwettige stakings*

- *Die plig om opdragte uit te voer, dit wil sê hulle:*
 - *ignoreer nie instruksies nie; en*
 - *weerhou hulle daarvan om medewerkers op te sweep*

- *Die plig om hulle self goed te gedra. Hulle*
 - *beledig nie medewerkers nie;*
 - *baklei nie op die werksperseel nie; en*
 - *pleeg nie bedrog nie.*
- *Die plig om lojaal teenoor die werkgewer te wees, en dus nie die geheime van die onderneming te verklap nie.*

2.10

DIE INTERAFHANKLIKHEID VAN BESTUUR EN WERKNEMERS

Bestuur en werknemers is in die organisasie onlosmaaklik aan mekaar verbind. Organisasoriese sukses hang af van hoe doelwitte van bestuur en werknemers deur die proses van kommunikasie versoen kan word. Alhoewel bestuur die beplanning, leiding, organisasie en beheer van die onderneming hanteer, hang sukses ook af van die arbeid wat werkers verskaf en die gesindheid waarmee dit gedoen word. Die bestuur motiveer en vergoed die werkers, terwyl die werkers die bron van informasie is wat nodig is vir doeltreffende besluitname en finalisering van die organisasie.

Meegaande diagram illustreer die verskille, maar ook die gemeenskaplikheid, in belange by bestuur (werkgewers) en werknemers.

Hoewel beide bestuur en werknemers hulle eie doelwitte, verantwoordelikhede, regte en pligte het, bestaan daar baie raakvlakke waar oorvleueling van belange bestaan. Die mate waartoe bestuur die raakvlakke of oorvleueling "belange" kan identifiseer en eksploiteer, sal bepaal hoe suksesvol so 'n organisasie is.

*Werknemers is 'n onderbenutte, of selfs onbenutte, bron van kennis en vaardighede - veral in die Suid Afrikaanse ekonomie en spesifiek die mynboubedryf. Die enigste wyse om dié bron bloot te stel en toeganklik te maak vir benutting is.... **doeltreffende kommunikasie!***

*Die volgende hoofstuk handel dan ook spesifiek oor kommunikasie en meer spesifiek **kommunikasie binne die organisasie**. Die begrippe word gedefiniër en aan die hand van modelle omskryf. Hierna word die funksies van organisatoriese kommunikasie bespreek sowel as die eienskappe van 'n goeie kommunikeerder. Terugvoering, opwaartse-, sywaartse- en afwaartse kommunikasie word toegelig en interkulturele kommunikasie word vlugtig aangeraak.*

HOOFSTUK 3: KOMMUNIKASIE IN DIE ORGANISASIE

Die belangrikheid van kommunikasie in die organisasie het baie duidelik geblyk uit die vorige hoofstuk. Bestuur en werknemers gaan in die werksituasie met mekaar om en dié interaksie word moontlik gemaak deur die proses van kommunikasie.

In hierdie hoofstuk sal kommunikasie as proses gedefinieer en aan die hand van modelle bespreek word. Die funksies van organisatoriese kommunikasie sal bespreek word, en dan sal daar verwys word na die rol wat vertroue in dié proses speel. Die belangrikheid van effektiewe terugvoering sowel as die noodsaaklikheid van doeltreffende kommunikasie in 'n organisasie, sal dan dien om die bespreking af te rond. Reeds by die aanvang van hierdie hoofstuk, haal ons graag vir Trainor (1990:33) aan waar tien slaggate identifiseer wat hierdie proses kan laat skipbreuk lei – sien meegaande tabel wat selfverduidelikend is.

Daar word, volgens Dwivedi (1988:99) algemeen aanvaar dat die bestuurder van vandag vir ten minste 70% van sy tyd besig is met kommunikasie van een of ander aard. Wanneer dit ontleed word, skyn 9% daarvan aan skryfwerk afgestaan te word, 16% aan leeswerk, 30% aan die gesproke woord en soveel as 45% van sy tyd word deurgebring deur te luister na ander.

3.1 DEFINISIES VAN KOMMUNIKASIE

Porter et.al. (In Dunnette 1976: 1558) sien kommunikasie as: “an interactive process which includes an individual’s effort to attain meaning and to respond to it. It involves transmission and reception of verbal and nonverbal signs and symbols which come not only from another person, but also from the physical and cultural settings of both sender and receiver.”

Baron (1986: 305) som dié proses as volg op: “communication involves a process in which one or more persons transmit information to one or more others who, after efforts to interpret this message, often return information to the sender. It is this two-way flow of facts, ideas, concepts and knowledge that serves as the basis for most, if not all, activities carried out in organisational settings.”

Cronje et.al. (1991: 123 en 124) meen: “Kommunikasie is die oordrag van inligting of 'n boodskap van een persoon na 'n ander.” Hy omskryf die vier elemente waaruit 'n eenvoudige kommunikasieproses bestaan, as volg:

- Die sender is die oorsprong van die boodskap, en om doeltreffend te kommunikeer moet die sender weet wat hy wil oordra, let op sy woordkeuse en die bedoeling daarvan, tweerigting-kommunikasie aanmoedig en begrip hê vir die ontvanger se persepsie.
- Die boodskap kan uit gedagtes, menings, planne, bevale of verduidelikings bestaan wat oorgedra moet word. Om doeltreffende kommunikasie aan te moedig moet die boodskap eenvoudig en duidelik wees.
- Die kommunikasiekanaal dui op die wyse waarop die boodskap die ontvanger bereik, en kan in enige vorm wees wat deur een of meer sinne van die ontvanger ervaar en begryp kan word. Spraak kan gehoor word, gebare kan gesien of gevoel word, en die geskrewe woord kan gelees word.
- Die ontvanger van die boodskap moet die boodskap begryp en doeltreffende kommunikasie aanhelp deur die persepsie van die sender goed waar te neem en begrip daarvoor te toon.

Katz (Junie 1991: 2) vul hierby aan: “Communication is the process by which we share facts, feelings, ideas and attitudes. More specifically, it is the process of talking and listening so that we can achieve our objectives. It is the mutual exchange of understanding which precedes positive action. It is co-ownership. It is human interaction in all its various forms.”

Ons kan voortgaan en nog verskeie definisies aanhaal ten einde kommunikasie as proses te omskryf. Sanford (1976: 14) is egter van mening dat die mees effektiewe wyse om hierdie proses te omskryf en te verstaan, is om ’n model van kommunikasie as basis te gebruik. Hy sê dan:

- “First, a model would be helpful in making sense of organisational communication, because it would provide a framework for organising knowledge.
- Second, and just as important, a model would be useful as a tool to help managers understand and analyse communication problems in organisations. So, a model would promote both understanding and analytical problem solving.”

Vervolgens die bespreking van 'n paar sulke kommunikasiemodelle:

3.2 **KOMMUNIKASIEMODELLE:**

3.2.1 Sanford se model

Die eerste model is dié van Sanford (1976: 16). Die model bestaan uit die volgende belangrike onderafdelings: (sien meegaande model)

- *Eksterne omgewingsinvloede;*
- *Interne organisatoriese elemente;*
- *Die organisatoriese kommunikasie sisteem; en*
- *Organisatoriese doeltreffendheid.*

Oorsaak - en gevolg verwantskappe tussen die belangrike onderafdelings vloei van links na regs en uiteindelik is daar terugvoer ten opsigte van al die onderafdelings van die model. Eksterne omgewingsfaktore lei dus tot 'n spesifieke sisteem van organisatoriese kommunikasie. Die sisteem van kommunikasie het weer 'n invloed op die doeltreffendheid van die organisasie. Die organisatoriese doeltreffendheid het dan weer gevolge wat herlei word na die verskillende elemente van die model. Die afleiding wat dan ten slotte gemaak kan word uit hierdie model, is dat organisasies dermate effektief is as wat hulle hul doelwitte kan bereik, die behoeftes van hulle lede kan bevredig, en groei in hulle vermoë om aan beide hierdie funksies, op 'n deurlopende wyse, te kan voldoen. Dus, organisatoriese doeltreffendheid word gemeet aan (1) doelwitbereiking (2) bevrediging en (3) ontwikkeling.

3.2.2 Lewis se model

Die volgende model wat ons bespreek is dié van Lewis (1987: 35). Hierdie model gaan van die uitgangspunt uit dat kommunikasie gebaseer is op die uitruil van boodskappe wat lei tot 'n mate van gedeelde betekenis/bedoeling tussen 'n sender en ontvanger. Dié aanname word in die model in organisatoriese verband geplaas. Die volgende algemene elemente is duidelik sigbaar in hierdie model:

- *Organisatoriese kommunikasie is 'n komplekse oop sisteem;*
- *Organisatoriese kommunikasie sluit die vloei van boodskappe, patrone van vloei en kanale van vloei in;*

- *Organisatoriese kommunikasie omsluit die doelwitte van bestuur, die proses van verandering, innovering en groei;*
- *Organisatoriese kommunikasie sluit houdings van mense, hulle gevoelens, verwantskappe en vaardighede in.*

Hierdie model (sien meegaande) toon aan hoe die prosesse van kommunikasie binne die organisasie tussen sender en ontvanger plaasvind. Opwaartse, afwaartse en horisontale kommunikasie kan in hierdie model voorkom. Die kommunikators (sprekers) het elkeen hul eie verwysingsraamwerke ten opsigte van gebeure binne die organisasie. Hierdie verwysingsraamwerke is beïnvloed deur formele opvoeding, ouers, gelykes en die omgewing - dus hulle agtergrond, houdings, vooraf kennis en ondervinding. Hieruit vorm die kommunikators (sprekers) 'n samehang binne 'n eksterne omgewing wat op sigself nie sin maak nie! Teen hierdie agtergrond moet boodskappe wat ontvang word, geïnterpreteer word. Die semantiese net wat in elke persoon bestaan stel hom/haar in staat om die boodskap wat ontvang is te verstaan en binne verband te plaas.

Die kommunikasievaardighede van die sender/s en ontvanger/s stel hulle in staat om die boodskappe te verstaan, dit wil sê hul vermoëns om te lees, skryf, praat en luister versterk of verswak dié vermoë. Wenke ("cues") word verskaf deur woorde of nie-verbale gedrag wat dien om gedrag of reaksie te stimuleer.

3.2.3 Berlo se model

Waarskynlik een van die mees algemeen aanvaarde modelle van kommunikasie, is die van Berlo. In sy model (soos per meegaande illustrasie) sluit hy die belangrikste komponente van kommunikasie (bron, boodskap, kanaal en ontvanger) in. Hy meen dat elk van hierdie komponente beskik oor verskeie dimensies. Hierdie dimensies beïnvloed die effektiwiteit van interaksie binne 'n spesifieke gedagte wisseling. Die bron (sender) beskik byvoorbeeld oor unieke kommunikasievaardighede, kennis en houdings en funksioneer binne 'n besondere kulturele raamwerk. Elk van hierdie dimensies het 'n impak op die afsender of bron se vermoë om informasie oor te dra. Die dimensies wat onder boodskap, kanaal en ontvanger gelys word, sal op 'n soortgelyke wyse die effektiwiteit van informasie oordraging beïnvloed.

3.2.4 Die Eksternebetrekkinge – kommunikasiemodel:

In Cronje (1991: 385) word die eksternebetrekkinge – kommunikasiemodel voorgedra as 'n goeie model om organisatoriese kommunikasie verstaanbaar te maak en te omskryf. (Verwys na meegaande model). By die **uitsender** sowel as die **ontvanger** word meer as net die doelwit van die proses toegelig – die organisatoriese klimaat en interpersoonlike bekwaamhede word ook beklemtoon. Die organisatoriese klimaat kan byvoorbeeld die gedrag van die uitsender en ontvanger beïnvloed en so die boodskap raak, terwyl beide die uitsender en ontvanger se interpersoonlike bekwaamhede en omstandighede die proses beïnvloed. By die **boodskap** word klem gelê op verbale, nie – verbale, bewustelike sowel as onbewustelike boodskappe wat in hierdie proses oorgedra word. **Terugvoering** word, net soos by die ander modelle, as kardinaal tot hierdie proses gesien. Hierdeur word beide deelnemers ten volle by kommunikasie betrek aangesien daar bepaal kan word wat die uitwerking van die boodskap op die ontvanger is.

Die proses van kommunikasie is dan opsommend, 'n proses waar een persoon 'n boodskap na 'n ander deurstuur, hetsy geskrewe, gesproke, verbaal of nie – verbaal. Die ontvanger interpreteer die boodskap en stuur op sy beurt verbale of nie-verbale terugvoering - 'n ommekeer van rolle (dié van sender en ontvanger) vind dus plaas. Die verbale terugvoering is in die vorm van geskrewe of gesproke boodskappe, terwyl nie-verbale terugvoering die vorm van liggaamlike reaksie/gedrag aanneem. Geraas word op die model aangetoon ten einde die aandag te vestig op eksterne inmenging wat op enige gegewe tydstip mag plaasvind gedurende die kommunikasie proses en effektiewe interpretasie mag beïnvloed. Suksesvolle kommunikasie kan dan slegs plaasvind indien die sender en ontvanger dieselfde interpretasie heg aan die boodskap/pe. Die voorsiening vir terugvoer maak die proses van toeligting en verklaring moontlik en so word onduidelikhede dan uit die weg geruim.

Die doeltreffendheid van enige model, wat maar slegs 'n beeld op 'n bepaalde tydstip weergee, kan met reg bevraagteken word. Tog is daar baie uit byvoorbeeld Lewis se model te leer. Die model se krag lê veral in die volgende:

1. Dit vestig die aandag op die vorentoe vloei van kommunikasie.
2. Dit veronderstel dat as 'n boodskap gestuur is, dit nie herroep kan word nie - dit is dus 'n dinamiese proses! ("real time")

3. Dit maak voorsiening vir die uitklaring van boodskappe deur 'n proses van terugvoer.
4. Dit veronderstel dat kommunikasie verander soos wat 'n boodskap gestuur en ontvang word.
5. Dit wys dat twee soorte terugvoer (verbaal en nie-verbaal) gestuur en ontvang word met elke boodskap.
6. Dit impliseer dat kommunikasie mag eindig by die ontvanger en geen sigbare terugvoer (respons of aksie) bemerk mag word deur die sender nie.
7. Dit poog om kommunikasie binne 'n oop sisteem te plaas.
8. Dit maak voorsiening vir beide formele, informele, interne en eksterne vloei van boodskappe.

Hierdie gedeelte kan mooi afgerond word met Steinberg (1978:154) se **definisie van organisatoriese kommunikasie**. Sy meen: "Organisational communication is an umbrella term for all the communication processes that occur in the context of an organisation. Organisational communication involves one-on-one communication (between a manager and an employee), small-group communication (meetings), public communication (public speeches by a chief executive officer) and mass communication (press releases, company newsletters, new product announcements, etc.)"

3.3 **BESTUURSTEORIEë EN KOMMUNIKASIE**

Voor die Nywerheidsomwenteling in Engeland was die meeste besighede klein, familie-ondernemings. Die eienaar het al sy werknemers goed geken aangesien hulle in dieselfde gemeenskappe woonagtig was. Na die verhoogde meganisasie van die Nywerheidsomwenteling het besighede baie meer omvangryk geraak. Met hierdie uitbreidings het die noodsaaklikheid ontstaan om bestuurders aan te stel wat moes toesien dat besighede effektief funksioneer. Teorieë is terselfdertyd ontwikkel oor hoe bestuurders hulle werk meer effektief en doeltreffend kan verrig, hoe organisasies moes funksioneer, watter aannames oor mense in organisasies gemaak is en watter invloed hierdie beskrywings en aannames op organisatoriese kommunikasie sal hê.

In hierdie verband sal ons drie van die belangrikste teorieë of benaderings uitlig, te wete Wetenskaplike Bestuur-, Menslike Gedragsbestuur- asook die Geïntegreerde Bestuursbenaderingsteorieë.

Teoretici wat die Wetenskaplike Bestuursbenadering aanhang, ondersoek organisasie ontwerp, werknemeropleiding vir maksimum effektiwiteit, funksionering van die bevelstruktuur en hoe die verdeling van arbeid aangepak moet word.

Menslike Gedragsteoretici hou hulle besig met die studie van die invloed van die individu in die organisasie, wat werknemers motiveer, en hoe motivering die organisasie beïnvloed. Hulle glo dat organisatoriese ontwerp en struktuur basiese aannames oor menslike gedrag reflekteer. Organisasies verwantskappe / verhoudings en mense as hulpbronne word ook omskryf.

Die Geïntegreerde Bestuursbenaderings het ontstaan uit kritiek teen eersgenoemde twee teorieë. In hierdie benadering word die verwantskap tussen struktuur, tegnologie en mense met hulle omgewing bevraagteken. Verder word die verwantskap tussen organisatoriese ontwerp, werknemer motivering, deelname aan die kommunikasieproses en organisatoriese waardes bestudeer met spesifieke verwysing na hoe dit die organisasie se vermoë beïnvloed om te funksioneer binne die omgewing. In sekere opsigte sluit laasgenoemde teorie benaderings van beide eersgenoemde teorieë in.

3.3.1 Die Wetenskaplike Bestuursbenadering

Drie mense – Frederick Taylor, Henri Fayol en Max Weber – was grotendeels verantwoordelik vir die ontwikkeling van hierdie benadering.

Frederick Taylor (1856 – 1918) word beskou as die vader van die Wetenskaplike Bestuursbenadering. Hy benadruk organisatoriese ontwerp, werker opleiding vir effektiwiteit, bevelstrukture en die verdeling van arbeid. Hierdie benadering berus op die uitgangspunt dat organisasies rasioneel of wetenskaplik ontwerp en ontwikkel kan word. Daar word dan ook vier noodsaaklike elemente voorgehou as die basis van hierdie benadering:

- (1) *Versigtige keuring van werknemers ;*
- (2) *Induksie en opleiding van werknemers op 'n wetenskaplike wyse ;*
- (3) *Gelyke verdeling van werk tussen werknemers en bestuur ; en*
- (4) *Wetenskaplike metodes vir die ontleding van take en werk.*

Taylor was ook verantwoordelik vir die gebruik van werkstudie ("time and motion study") ten einde doeltreffendheid van produksie te bepaal.

Henri Fayol (1841 – 1925) is bekend vir die eerste poging om breë beginsels van bestuur vir die organisasie en bedryf van besigheid te ontwikkel. Hy het veertien beginsels van bestuur of administrasie daargestel, wat hy bestempel het as noodsaaklik vir effektiewe organisasie, naamlik:

- (1) Die verdeling van werk ;
- (2) Outoriteit/gesag ;
- (3) Dissipline ;
- (4) Bevelseenheid ;
- (5) Eenheid van bestuur/rigting ;
- (6) Ondergeskiktheid van individuele belange aan organisasie/algemene belange ;
- (7) Vergoeding ;
- (8) Sentralisasie ;
- (9) Hierargiese skakeling (by kommunikasie) ;
- (10) Orde
- (11) Gelyke beregtiging / billikheid ;
- (12) Stabiele werksmag ;
- (13) Inisiatief ; en
- (14) Samehorigheid (esprit de corps).

Fayol het verder ook vyf bekende basiese bestuursaktiwiteite geïdentifiseer, nl. beplanning, organisasie, bevelvoering, koördinerings en kontrole.

Max Weber (1864 – 1920) word bestempel as die vader van burokratiese organisasies, gebaseer op formele reëls, regulasies en prosedures wat gesag rasioneel eerder as charismaties of tradisioneel gemaak het. Hierdie model vir organisasies het gesagsgebaseerde verwantskappe voorgestaan en verontpersoonliking en taakbevoegdheid benadruk. Weber het drie tipes gesag geïdentifiseer, nl. charismatiese gesag, tradisionele gesag en burokratiese gesag. Hy beklemtoon indiensneming van gekwalifiseerde werknemers, gedetailleerde omskrywings van posverwagtings en -verantwoordelikhede en die noodsaaklikheid om organisatoriese doelwitte bo individuele belange te plaas.

3.3.1.1 Implikasies vir organisatoriese kommunikasie :

Volgens hierdie bestuursteorie word kommunikasie gesien as 'n bestuurswerktuig ter fasilitering van die afhandeling van take en as sulks moet dit funksioneer as een van die organisatoriese veranderlikes. Dit moet gespesialiseer wees en word benodig ten einde werknemers op te lei en instruksies te gee. Dit moet formeel wees en interpersoonlike kommunikasie sou meer afwaarts (vanaf bestuur) as opwaarts (vanaf werknemers) wees. Dit is rasideel en word aangewend ten einde onsekerhede ten opsigte van taakverwagtings en - meting uit die weg te ruim.

Kommunikasie is 'n aktiwiteit wat deur bestuur daargestel word as 'n natuurlike refleksie van hulle beplannings-, organisasie-, bevels-, koördinerings- en kontrolerings- funksies. Daar word gekommunikeer ten einde take te organiseer en reëls en regulasies oor te dra en toe te lig. Die verhoudingsfunksie (sosiale omgang) van kommunikasie was onbelangrik. Kommunikasie van verandering sal deur bestuur geïnisieër en geïmplimenteer word en sal primêr afwaarts van aard wees. Kommunikasienetwerke was meestal formeel en sou die bevelstruktuur volg. Besluitneming is hoegenaamd nie as 'n deelnemende kommunikasieproses gesien nie.

Die meeste hedendaagse organisasies gebruik nog steeds van die beginsels wat hulle ontstaan in die Wetenskaplike Bestuursteorie gehad het.

3.3.2 Menslike Gedragsteorieë

Hierdie teorieë van organisasies beklemtoon die interaksie tussen individue, hulle motivering en hulle invloed op gebeure in die organisasie. Volgens hierdie teoretici word werk verrig deur mense en beklemtoon hulle dan ook samewerking, deelname, bevrediging en interpersoonlike vaardighede. Organisasies ontwerp en funksie is dan 'n refleksie van menslike gedrag.

Die Hawthorne Effek – Elton Mayo (1880 – 1949)

Mayo se doelstelling was om die werksomgewing beter te leer verstaan, en hy het dan ook eksperimenteer met die manipulasie van die fisiese werksomgewing ten einde produktiwiteit te verhoog. Bestuur by die Hawthorne aanleg was bekommerd oor die lae werksmoraal onder werknemers. Aangesien alle vorige pogings om hierdie probleem aan te spreek misluk het, is Mayo ('n Professor aan die Harvardse Universiteit)

se hulp ingeroep. Mayo het die fisiese werksomgewing gemanipuleer ten einde die uitwerking daarvan op werkers waar te neem. Sy span se bevindings was nie net teenstrydig met vooropgestelde hipoteses nie, maar het ook resultate gelewer wat Taylor se beginsels en die van Wetenskaplike Bestuur weerspreek het. Faktore soos beligting, geraas en aansporingsvergoeding het positiewe resultate gelewer, nie net wanneer dit verbeter is nie, maar ook wanneer dit verswak is! Prestasie het verhoog ongeag hoe hierdie veranderlikes ook al gemanipuleer is! Die aandag wat navorsers aan werknemers geskenk het, het 'n groepsnorm daargestel wat verhoogde produksie aangemoedig het (ongeg hoe die fisiese omgewing ook al gemanipuleer is!). Hiervolgens is dus bepaal dat produksie nie alleenlik beïnvloed word deur formele werks – en organisatoriese ontwerp nie, maar dat daar ander faktore is wat ook 'n rol speel!

Teorie X en Teorie Y: Douglas McGregor (1906 – 1964)

Hierdie teorie omskryf McGregor se aannames oor werkers. Teorie X handel oor aannames wat die Wetenskaplike Bestuursbenadering onderskryf, en teorie Y word verbind met aannames wat hoort by die Menslike Gedragsteorieë.

Teorie X- bestuurders aanvaar dat werkers glad nie van werk hou nie en sal poog om verantwoordelike dienslewering te vermy. Teorie Y- bestuurders daarenteen, aanvaar dat werkers selfgerig en selfbeherend kan optree.

McGregor glo dat die meeste moderne organisasies nie die teorie Y – potensiaal van hulle werknemers laat verwesenlik nie en daarom net gedeeltelik die potensiaal van die werksmag gebruik.

Deelnemende Bestuur :Rensis Likert (1903 – 1981)

Likert, 'n professor in sosiologie en sielkunde, het uitgebreide navorsing gedoen ten einde te bepaal watter verskille daar bestaan tussen die bestuur van suksesvolle en minder suksesvolle organisasies. Met hierdie navorsing het Likert sy teorie van deelnemende bestuur ontwikkel. Hierdie teorie van werknemeresentreerde bestuur is gebaseer op effektief funksionerende groepe wat struktureel aaneengeskakel word

deur die totale organisasie. Hy stel voor dat die bestuursproses bepaal word deur deelnemende groepe wat so saamgestel is, dat daar 'n oorvlueling ("overlapping") is van individuele lidmaatskap tussen sulke groepe – die sogenaamde "linking pin"-konsep. In hierdie benadering word die toenemende deelname van lede van die organisasie op alle vlakke voorgestaan. Likert voel dat algemene toesighouding beter resultate lewer as direkte toesig en dat werknemergecentreerde groepe meer produktief is as werkgesentreerde groepe. Sy houding teenoor kommunikasie word baie duidelik gestel as hy sê: "**Communication is essential to the functioning of an organization. It is viewed widely as one of the most important processes of management.**" Hy verklaar dan ook dat goeie organisatoriese kommunikasie en hoë prestasie hand aan hand gaan.

3.3.2.1 Implikasies vir Organisasoriese Kommunikasie

Die meeste hedendaagse organisasies sluit heelwat van die idees van menslike gedragsteoretici ten opsigte van bestuur in. Effektiewe kommunikasie, soos vandag algemeen nagestreef word, is een van die hoekstene van hierdie benadering. Hierdie benadering herken beide formele en informele kommunikasienetwerke as draers van taak- en sosiale ondersteuningsboodskappe.

Interaksie op alle vlakke van die organisasie word ondersteun ten einde samewerking ter bereiking van doelwitte te verseker. Kommunikasie is noodsaaklik vir die doeltreffende aanwending van menslike hulpbronne en goeie besluitneming in die organisasie. Veral Mayo en Likert het die belangrikheid van gelykes ("peers") en hoe interaksie tussen hulle bydra tot integrasie binne die organisasie beklemtoon.. Likert het verder ook geglo dat ondersteunende verhoudings, wat ontwikkel is deur effektiewe kommunikasie, kardinaal-belangrik is vir organisatoriese produktiwiteit.

Menslike gedragsteoretici beskryf boodskappe wat beweeg in alle rigtings – deur formele sowel as informele netwerke. Klem word geplaas op mondelinge kanale, met min aandag aan geskrewe vorme van kommunikasie. Dit is baie duidelik dat kommunikasie hier beter verstaan word as in die Wetenskaplike bestuursbenadering.

3.3.3 Die Geïntegreerde Bestuursbenaderingsteorie

Wetenskaplike – sowel as Menslike gedragsteoretici is almal gekritiseer vir hulle onvermoë om die integrasie van organisatoriese struktuur, tegnologie en mense met die groter omgewing waarbinne organisasies ontstaan en bestaan te weeg te bring. Die geïntegreerde bestuursbenadering is om hierdie rede daarop gerig om te verklaar hoe mense, tegnologie en die omgewing op 'n integrale basis doelgerigte gedrag beïnvloed. Daar bestaan twee benaderings onder teoretici wat hierdie siening onderskryf, naamlik die:

(i) die Proses en omgewingsbenaderings; en (ii) die Kulturele benaderings, elk natuurlik met sy verskillende onderafdelings:

Proses en omgewingsbenaderings

Ten einde te omskryf hoe menslike en tegniese sisteme skakel met die wyer gemeenskap waarbinne organisasies funksioneer, poog navorsers van hierdie benadering om basiese aannames van beide die Wetenskaplike Bestuursbenadering en Menslike gedragsbenadering te beproef. Onder die proses en omgewingsbenadering kyk ons baie vlugtig na die Besluitnemingsbenadering van Herbert Simon, die Sosio-tegniese integrasie van Trist en Bamforth asook die Gebeurlikheidsteorie van Joan Woodward. Katz en Kahn se Sisteemteorie word ook bespreek.

Besluitnemingsbenadering :Herbert Simon

Hierdie benadering beskryf organisatoriese gedrag as 'n komplekse netwerk van besluite, met besluitnemingsprosesse, wat die gedrag van die totale organisasie beïnvloed. Simon, saam met March en Cyert, ontwikkel dan ook die begrip “bounded rationality”, ten einde die verwerking van informasie en besluitneming verstaanbaar te maak . Volgens hierdie beginsel poog mense om rasioneel te wees maar, as gevolg van beperkte informasieverwerkingsvermoëns, is menslike besluitneming gebaseer op selektiewe waarneming en vertoon gevolglik beperkte rasionaliteit. Menslike besluitneming vind volgens hom plaas deur die kommunikasiegedrag van individue.

Sosiale integrasie : Eric L. Trist en Kenneth W Bamford

Hierdie twee navorsers hang die teorie van Sosiotegniese Integrasie aan. Volgens hierdie teorie word organisatoriese gedrag ge-optimaliseer deur die benutting van totale sosiale en tegniese sisteme en 'n konstante wisselwerking tussen die werksisteam en die wyer omgewing. 'n Poging word dus aangewend om mense se sosio - psigologiese behoeftes en organisatoriese doelwitte te balanseer. Kommunikasie in die sosio – tegniese benadering hou dan ook verband met die werk, behoeftes van die omgewing en die persoonlike behoeftes van werknemers. Hierdie integrasie van behoeftes hou dan voordele vir beide die individu en die organisasie in.

Gebeurlikheidsteorie : Joan Woodward, Paul Lawrence en Jay Lorch

Hierdie benadering verwerp die siening dat daar net een “beste” manier is om te organiseer en verkies die siening dat geen spesifieke voorskrifte van toepassing is op alle organisasies nie. Organisasies moet eerder aanpas by veranderende omstandighede en die behoeftes van die individu en die omgewing waarbinne die organisasie funksioneer. Om genoemde rede verg dit heelwat oorweging om effektiewe organisatoriese funksionering te verstaan, aangesien hierdie funksionering afhang van die spesifieke situasie.

Die Sisteembenadering : Daniel Katz en Robert Kahn

Hierdie benadering hang nou saam met die gebeurlikheidsbenadering. Dit beskryf die organisasie as synde saamgestel uit sub-sisteme wat menslike hulpbronne asook prosesmateriaal en - hulpbronne insluit en 'n finale produk lewer aan die groter omgewing. Interaksie word benadruk met die groter omgewing en is basies gemoeid met die vraagstuk van verhoudings, struktuur en die onderlinge afhanklikheid - eerder as die konstante eienskappe - van objekte. Vyf subsisteme van formele organisasies word dan geïdentifiseer, naamlik die:

- produktiewe subsisteem;
- ondersteunende subsisteem;
- onderhoudende subsisteem;

- *aanpassende subsisteem;en*
- *bestuurssubsisteem.*

Hierdie teorie staan optimalisering van produksie voor en streef na maksimum uitset vir minimum inset.

Die Kulturele benadering

Hierdie teorie omskryf hoe lede van 'n organisasie gesamentlik die organisatoriese wêreld rondom hulle beskryf ten einde die belangrikheid van organisatoriese gebeure te definieer. Organisasies se gedrag word omskryf in terme van kulture wat intern en ekstern tot die organisasie bestaan. Hulle poog dus om te identifiseer hoe die kulture 'n bydrae lewer tot individuele gedrag en organisasies se effektiwiteit.

Elemente van Kulture : Terence Deal en Allen Kennedy:

Vyf basiese elemente van organisatoriese kulture word uitgelig deur hierdie teoretici ,naamlik:

- *Besigheidsomgewing;*
- *Waardes;*
- *Helde;*
- *Rites en rituele; en*
- *Kulturele netwerk.*

*Al hierdie faktore dra by tot die bestuur van gedrag en help individue om hulle werk beter te kan doen. Die **besigheidsomgewing** is die enkel grootste invloed in die vorming van organisatoriese kulture, terwyl organisatoriese **waardes** mense help om toegewyd te raak aan 'n saak ("cause") wat dan weer besluite rig ten opsigte van verskillende optredes of gedrag . Waardes is die kern van organisatoriese kulture.*

***Helde** is lewende suksesverhale, mense wat rolmodelle word van die kulturewaardes en ander se gedrag rig in die organisasie. Die gedrag van helde wat nagevolg word dien ook om **rites en rituele** daar te stel wat ander rig tot sukses, bv. optrede tydens formele vergaderings, posisionering van mense rondom die tafel en die erkenning van prestasie. Dit help individue om hulle doelwitte te integreer met die organisasie se*

doelwitte. Die **kulturele netwerk** word daargestel deur informele organisatoriese kommunikasie en is die enigste manier om op hoogte te bly van wat werklik aan die gang is. Volgens Deal en Kennedy vorm die kommunikasie van kultuur die organisasie en dit reflekteer ook die realiteit daarvan.

Teorie Z : William Ouchi

Ouchi se teorie is ontleen aan die vergelyking van suksesvolle Japanese en Amerikaanse organisasies. Teorie Z- organisasies beloon individuele prestasie en vordering as model, maar voorsien 'n deurlopende sin van organisatoriese samesyn wat nie tiperend is van Amerikaanse organisasies nie. Amerikaanse ondernemings word voorgehou as tipe A- organisasies en word as sulks gekenmerk deur korttermyn indiensneming, individuele besluitneming, individuele verantwoordelikheid, snelle bevordering, formele beheer, gespesialiseerde loopbaanroetes en gesegmenteerde belange. Japanese organisasies, die tipe J – organisasies, daarenteen word gekenmerk deur lewenslange indiensneming, besluite op konsensus geskoei, groeps- of kollektiewe verantwoordelikheid, stadige bevordering, informele beheer, algemene loopbaanroetes en holistiese belange. Ouchi meen dat die Amerikaanse kultuur smag na verandering wat deur elemente van tipe J – organisasies daargestel kan word. Om hierdie rede staan hy die sogenaamde tipe Z – organisasie voor wat individuele prestasie en vordering voorstaan, maar 'n voortgesette sin van organisatoriese eenheid bied. Deurlopende aanpassing by veranderende behoeftes van 'n mobiele samelewing is nodig, op so 'n wyse dat belangrike kulturele waardes onderhou word, maar tog aangepas word by nuwe ontwikkelende waardes, behoeftes en oortuigings.

“Op soek na uitnemendheid” : Thomas Peters en Robert Waterman

In hulle blitsverkoper : “ In Search of Excellence “ (1982) doen Peters en Waterman verslag oor die resultaat van hulle studie van twee-en-sestig suksesvolle verteenwoordigers van die VSA se industrie. In hierdie studie is agt temas van kultuur geïdentifiseer, wat uitnemendheid en innovering in maatskappye karakteriseer. Hierdie temas was:-

- (i) 'n Geneigdheid tot aksie – hulle neem besluite, en neem aksie as hulle probleme ondervind .

- (ii) *Nabyheid van klante – diens, betroubaarheid, innoverende produkte en deurlopende klantefokus was fundamenteel vir uitnemende maatskappye.*
- (iii) *Selfstandigheid en entrepreneurskap – ‘n hoë premie word op alle vorme van leierskap geplaas, mense word aangemoedig om kansen te neem, innoverend te wees en verantwoordelik te wees vir hulle eie idees.*
- (iv) *Produktiwiteit deur mense - werkers op alle vlakke was bronne van kwaliteit en produktiwiteit – geen ons teenoor hulle - houdings word geduld nie.*
- (v) *Aktiewe betrokkenheid en waarde gebaseerd – Die basiese filosofie en waardes van die organisasie dra meer by tot prestasie as tegnologie of materiele hulpbronne. Waardes dien as basis vir uitnemendheid.*
- (vi) *“Skoenmaker hou jou by jou lees” – organisasies het gebly by dit wat hulle goed kan doen. Hulle het gegroei deur dit te doen wat hulle goed kan doen – hulle “core business”.*
- (vii) *Eenvoudige struktuur, min personeel – ongekompliseerde organisasie strukture en min personeel. Baie van die organisasies, selfs multi-miljard dollar organisasies, het minder as 100 personele gehad!*
- (viii) *Gelyktydige “vaste” en “losse” eienskappe – die maatskappy was terselfdertyd gesentraliseerd en gedesentraliseerd. Besluite was meestal op gedesentraliseerde basis geneem, terwyl basiswaardes baie gesentraliseerd en streng ondersteunend was.*

3.3.3.1 Die kommunikasie implikasies van die Geïntegreerde bestuursteorieë:

Die effektiwiteit van kommunikasie is baie nou gekoppel met wat binne die organisasie plaasvind asook met die omgewing waarbinne dit funksioneer, dus die klante en gemeenskap. Die belangrikheid van kommunikasie as die draer van boodskappe oor kultuur en die beïnvloeding van gedrag deur kulturele verwagtings wat geskep word, word sterk beklemtoon. ‘n Kommunikasiesisteem dus wat deurlopend verandering onderskraag en verandering moontlik maak deur verhoudings – en organiseringsfunksies te fasiliteer en op hulle beurt weer deur die behoeftes van spesifieke organisasies beïnvloed word, soos vervat in hulle doelwitte en omgewings. Betekenisvolle, intense, informele kommunikasie word gesien as die basis vir beïnvloeding en die netwerk wat organisatoriese kultuur dra. Organisasies met ‘n sterk

kultuur is meer doeltreffend, en 'n sterk kultuur voorveronderstel doeltreffende kommunikasie waardeur waardes by organisasies en lede gevestig kan word.

Meegaande diagram som die implikasies van die drie genoemde bestuursteorieë vir kommunikasie op uit die oogpunte van (i) funksionele - en (ii) betekenisgesentreerde benaderings van organisatoriese kommunikasie. Die linkerkantste kolom lys die hoofkomponente van elke perspektief, terwyl die regterkantste kolom 'n weergawe is van hoe genoemde teoretici hierdie komponente aanspreek.

3.4

FUNKSIES VAN ORGANISATORIESE KOMMUNIKASIE

Sanford (1976:11) beklemtoon verskeie funksies van organisatoriese kommunikasie - elkeen van dié funksies lewer 'n besondere en unieke bydrae tot die organisasie en is slegs moontlik deur menslike kommunikasie. Hy lig die volgende funksies toe:

- **Koördinasie:**

Die verskillende rolspelers binne die organisasie funksioneer nie onafhanklik van mekaar nie, maar is afhanklik van ander en die funksies wat hulle verrig. Koördinasie tussen individue, werksgroepe, departemente en afdelings is noodsaaklik in organisatoriese doeltreffendheid. Daar moet 'n wedersydse bswustheid wees van wat ander in die organisasie doen en nastreef ten einde hierdie doeltreffendheid te bereik!

- **Integrasie:**

Integrasie is nou verwant aan koördinasie, maar tog totaal verskillend daarvan. Dit omsluit die oorneem van idees, skeppinge en bydraes van andere - wat elders ontwikkel is - en die gebruik daarvan in jou eie take en werksomgewing. Integrasie veronderstel dus ook dat alle werkers in die organisasie funksioneer binne 'n raamwerk van wedersydse afhanklikheid. 'n Mate van integrasie en koördinasie is noodsaaklik in alle suksesvolle organisasies.

- **Instandhouding**

In elke werksmilieu bestaan daar 'n behoefte aan die voortbestaan van die organisasie binne 'n omgewing van beperkte hulpbronne. Informasie is nodig ten einde die sisteem se aanpassing binne veranderende omstandighede moontlik te

maak. Dit moet dan ook onmiddelik en doeltreffend beskikbaar gestel word ten einde effektiewe aanpassing moontlik te maak - hiersonder kan 'n organisasie nie oorleef nie. Wanneer die olieprys styg, moet 'n motorvervaardiger betyds kennis neem en kleiner voertuie beskikbaar maak, wat ligter is op brandstof, ten einde te oorleef!

- Oriëntasie

In elke organisasie is dit noodsaaklik om informasie beskikbaar te stel aan al sy werknemers ten einde hulle te oriënteer. Die informasie sal verband hou met die werk en sluit kennis van die werk, werksomgewing, maatskappybeleid en –prosedures in, daarsonder kan werknemers nie doeltreffend uitvoering gee aan hulle werkstaak nie. Die behoefte aan oriëntasie is noodsaaklik op 'n deurlopende basis, aangesien 'n organisasie moet groei ten einde te kan oorleef.

- Groei by werkers

'n Werknemer se toewyding aan organisatoriese doelwitte sal tot 'n hoë mate bepaal word deur die mate van oorvleueling van genoemde doelwitte met die doelwitte wat hy vir homself gestel het. So groei 'n individu dan en ontwikkel deur sy/haar verbintenis met die organisasie. Dit kan egter slegs geskied indien informasie in dié verband aan hom oorgedra word. Hy/sy word gemotiveer om van sulke geleenthede gebruik te maak tot voordeel van hom/haar self en die organisasie.

- Besluitneming

Deurlopende besluitneming is noodsaaklik binne 'n organisasie ten einde moontlike konflikte te voorkom of op te los. Die beskikbaarheid van alternatiewe oplossings skep 'n behoefte aan keuses en die neem van besluite wat dan geïmplementeer moet word. Goeie besluite kan slegs geneem word indien goeie inligting aan die besluitnemers beskikbaar gestel word. 'n Gebrek aan informasie lei tot oningeligte of swak besluite.

Robertson (1994:8) stel die doel van organisatoriese kommunikasie, op diagrammatiese wyse, as volg voor:

Bogenoemde funksies kan egter aangevul en uitgebrei word. Ons vind só dat Tortoreillo, et.al.(1978:51) ses subsisteme identifiseer wat volgens hulle ses boodskapfunksies veronderstel. Hulle is die volgende:

- Die produksiesisteam wat daarop gerig is om die werk afgehandel te kry - die hoofdoel vir die daarstelling van die organisasie. Produksieboodskappe of -kommunikasie hou dan ook verband met produksiestandaarde, vlakke van winsgewendheid, verkryging van energie-insette, die proses van verandering, uitsette, gehalte van diens, ens. Enige informasie benodig deur die werknemer ten einde sy of haar pos effektief te hanteer (oriëntasie, opleiding, doelwitstelling, sisteme en prosedures) is produksie-informasie
- Die instandhoudingsisteam is daar ten einde te verseker dat daar stabiliteit en voorspelbaarheid is - 'n staat van ewewig. Dit moet egter nie verwar word met rigiditeit nie, aangesien laasgenoemde tot verstarring van 'n organisasie mag lei met groot weerstand teen verandering of aanpasbaarheid! Instandhoudingsboodskappe hou dan verband met die keuringsprosedures, die kies van die regte persone en "persoonlikhede" vir die spesifieke organisasie, sosialisering en induksieprosedures, beleid wat met die organisatoriese klimaat en -kultuur verband hou ens. Dié tipe boodskappe hou dus verband met die informasie of kommunikasie wat die voortbestaan van die organisasie ongesteurd verseker.
- Ondersteuningsisteme hou verband met die gerigtheid op doelwitte van produksie en verwante strukture. Ondersteuningsboodskappe of -kommunikasie behels die verkryging van materiaal, mannekrag, vervoer, bemaking, ens.
- Aanpassingsisteme stel die organisasie in staat om in te pas by 'n deurlopend veranderende omgewing. Aanpassingsboodskappe het dan ook hulle ontstaan in departemente of persone betrokke by openbare skakelwerk, navorsing en beplanning. Hierdie sisteme strewende daarna om 'n eenvormige of konstante omgewing te skep en só die eksterne omgewing van die organisasie onder "beheer" te hou. Meegaande table, ontleen aan Lewis lig kommunikasie aktiwiteite toe, met beklemtoning van vlakke en doelwitte.

- Die bestuursisteesem ontleed die produksie-, instandhoudings-, ondersteunings-, en aanpassingsisteme - dit is immers die besluitnemingselement van die organisasie. Indien die organisasie wil oorleef, moet besluite geneem word wat interne - sowel as eksterne konflik sal beheer en reguleer. Bestuursboodskappe sluit bevels, instruksies, prosedures, beleid en kontroles in wat ontwikkel is om aksies binne die organisasie doelwit gerig te maak en te hou.
- Menslike sisteme is gerig op die bereiking van die behoeftes, begeertes en verlanges van die personeel waaruit die organisasie bestaan. Hierdie sisteme poog om sensitief te wees vir die gevoelens van individuele werkers en informele groepe en het hulle ontstaan te danke aan die erkenning van die behoefte aan selfverwesening by die werknemers. Menslike boodskappe of -kommunikasie hou verband met die geloof, houdings, waardes, gevoelens, selfbeeld en moraal van werknemers. Hulle dek 'n wye verskeidenheid situasies wat wissel van prestasie-beoordelingsonderhoude, positiewe toesighouers terugvoer, prestasievergoeding en informele geselsies tot opmerkings wat in die verbygaan gemaak word.

Ongeag die aard van die kommunikasie word bestuurders meer en meer bewus van die feit dat as iets in werksverband "ge-uiteer" word, dit van uiterste belang is en sensitief hanteer moet word. As gevolg van hierdie nuwe bewuswording, besef bestuurders ook dat toegang tot elke nuwe brokkie informasie groter insig meebring ten opsigte van die organisasie, hom/haarself of die werknemer/s.

Meegaande diagram lig die rol van doeltreffende kommunikasie in die organisasie op besondere wyse toe.

Die Internasionale Vereniging vir Kommunikasie (ICA) se afdeling vir Organisasie Kommunikasie, het 'n gestandaardiseerde meetinstrument en prosedures daargestel ten einde die kwaliteit van kommunikasie binne organisasies te bepaal. Hierdie oudit van die ICA maak 'n opname van lede van 'n bepaalde organisasie se houdings en persepsies ten opsigte van verskeie onderwerpe. Hierdie onderwerpe dek toeganklikheid tot informasie/inligting, of hierdie inligting akkuraat is, bevrediging en belangrikheid ten opsigte van inligting verskaf, inhoud en duidelikheid van kommunikasie. Verder ook akkuraatheid, bruikbaarheid, toepaslikheid, of dit betyds

verskaf word, verwantskappe in die kommunikasieproses asook die resultaat/gevolge van kommunikasie. (Goldhaber et.al. 1979: 81) Goldhaber en kollegas het in opsomming van die resultate van die eerste sestien oudits wat gedoen is, die volgende tien voorlopige bevindings uitgelig :

1. *“Most organization members want to **receive** more than **send** organizational information. They report neither sending nor receiving very much information in their organizations and **needing more information about personnel, job-related matters and about organizational decision making.** They also **desire greater opportunities to voice grievances and evaluate their bosses”.***
2. *“The **higher up** die organization hierarchy messages are sent, the **less likely there is to be any follow-ups**, especially when information is sent to top management”.*
3. *“The **best sources of information are those closest to employees, and the worst are farthest away**”. Members report **needing more job-related information from immediate supervisors and more organizationwide information from upper management”.***
4. *“**Top management provides less timely and lower-quality information** than many other key information sources do”.*
5. *“Members **prefer getting more information from formal organizational communication channels than from the grapevine.** They perceive the grapevine as fast and frequently used but providing information of less than desirable accuracy and quality”.*
6. *“Although generally satisfied with interpersonal communication channels, organization members **would like to receive more face-to face communication, especially from upper management”.***

7. *“Organization members are **generally satisfied with their immediate departmental communication climates, which demonstrate trust**, but are less satisfied with organizationwide communication climates, which limit openness, input, rewards and advancement opportunities”*

8. *“Members report being generally satisfied with their jobs but not satisfied with their opportunities for advancement within their organizations”.*

9. *“No general patterns of relationships between demographic characteristics (age, sex, race, and so on) and communication variables were perceived”.*

10. *“The greater **the distance between communication sources and receivers in the organizations, the less the information received, the less the opportunity to request more information, the less the follow-up, the poorer the information quality, the greater the use, of the grapevine, and the poorer the interpersonal relations. In contrast, when distance is decreased, employees receive and want more information, want to send less, receive more follow-up, receive higher quality information, use the grapevine less and have better interpersonal relations** “(Goldhaber et.al.1978: 83).*

Hierdie bevindings demonstreer die belangrikheid van kommunikasie vir lede van die organisasie, asook die behoefte aan en nodigheid vir doeltreffende kommunikasie binne elke organisasie ten einde doeltreffend te funksioneer en te groei!

Die volgende diagram toon die verskillende kommunikasienetwerke aan wat algemeen in organisasies aangetref word.

3.5

DIE EIENSKAPPE VAN DIE KOMMUNIKEERDER EN DIE BELANGRIKHEID VAN VERTROUE IN DIE KOMMUNIKASIEPROSES IN 'N ORGANISASIE

3.5.1

Die Eienskappe van 'n goeie kommunikeerder

Die skrywer George Elliot het per geleentheid glo gesê: "To manage men, one ought to have a sharp mind in a velvet sheath." Die effektiewe kommunikeerder besit hierdie eienskappe:

- Hy verstaan die proses van kommunikasie;
- Hy is sensitief vir die wyse van denke en die gevoel van andere;
- Kan effektief met ander omgaan;
- Verstaan en gebruik tegnieke wat die sukses van oordrag van sy boodskap - die verstaan daarvan - sal verhoog;
- Verstaan waarom kommunikasie soms faal en weet watter regstellende aksies nodig is om dit aan te spreek;
- Gebruik die korrekte kommunikasiekanale ten einde die doelwitte van die organisasie te bevorder;
- Is 'n goeie luisteraar en het die kuns bemeester om vir ander die geleentheid te gee om ook sy of haar sê te sê - respekteer ander dus;
- Hy is 'n mensekenner, en:
 - Laat mense voel dat hulle op unieke wyse waardevol is;
 - Laat mense veilig voel;
 - Laat mense bekwaam voel;
 - Laat mense bemagtig voel; en
 - Laat mense voel dat hulle 'n belangrike deel uitmaak van die organisasie

Callahan (1986: 146) het die volgende te sê oor bestuurders en kommunikasie:

- "The better managers tend to be more 'communication minded', e.g., they enjoy talking and speaking up in meetings; they are able to explain instruction and policy; they enjoy conversing with employees.
- The better managers tend to be willing, empathic listeners. They respond understandingly to so-called silly questions from employees; they are approachable; they will listen to suggestions and complaints with the attitude of fair consideration and willingness to take appropriate action.

- *The better managers tend to 'ask' or 'persuade', in preference to 'telling' or 'demanding'.*
- *The better managers tend to be sensitive to the feelings and ego-defense needs of their subordinates e.g., they are careful to reprimand in private rather than in public.*
- *The better managers tend to be more open in passing along information; they are in favor of giving advance notice of impending changes, and of explaining the reasons behind policies and regulations."*

Dit is belangrik dat ons in ag neem wat mense se behoeftes is as ons met hulle kommunikeer. Katz (1991: 2) sê: "People are only interested in hearing what they think is important to their own well-being or advancement. Therefore, as a speaker, you have to talk in a language that they can understand easily, identify with, and which appeals to them so that they (will) want to respond." Sy voeg hierby: "Effective communicators understand their listeners and are able to direct full attention to their needs."

3.5.2 Die belangrikheid van vertroue in kommunikasie

Gunneson (1991: 135) sê: "It continues to amaze me how senior management can run a business at all with the information they are (or are not, as it were) fed. Where fear and distrust or even disdain of executives exists, the difference between the information being received and the real operating world is about as different as night and day."

Giffen (1987: 108) definieër vertroue in die interpersoonlike situasie as volg: "Reliance upon the communicative behaviour of another person in order to achieve a desired, but uncertain objective, in a risky situation." Hierdie definisie kan van toepassing gemaak word op die verhouding tussen bestuurder en werknemer. Die bestuurder vertrou op sy werker om hom op die hoogte te hou met sy werk en probleme wat hy (die werker) daarin ondervind. Die werknemer op sy beurt is afhanklik van informasie wat sy bestuurder aan hom sal voorsien met betrekking tot algemene maatskappy beleid en om hom te verteenwoordig as dit kom by verhogings of bevordering.

Giffen (1987: 229) kom dan tot die gevolgtrekking dat: “Trust appears to be an important precondition for satisfactory communication between the manager and his or her subordinates.”

Wanneer daar na vertroue gekyk word, kan daar vyf dimensies uitgelig word:

- Kundigheid - die vlak van kennis wat die spreker oor die onderwerp ter sprake besit en tentoonstel;
- Betroubaarheid - want die spreker se boodskappe moet konsekwentheid, voorspelbaarheid en geldigheid oor 'n gegewe tydperk vertoon. Dit maak dit noodsaaklik dat gepoog word om dieselfde persoon of persone te gebruik as kommunikaturs.
- Bedoelings van die spreker teenoor luisteraars kan òf gunstig òf ongunstig wees. Luisteraars is baie bewus hiervan en kan aanvoel as daar gunstige gevoelens teenoor hulle is, wat dan vertroue sal versterk.
- Dinamiek van die spreker soos gesien deur die luisteraar. 'n Dinamiese spreker sal altyd vertroue inboesem.
- Persoonlike aantrekkingskrag van die spreker vir die luisteraar. Meer vertroue sal bestaan as die spreker aanklank vind by die luisteraar omdat hy hom respekteer of “positief” teenoor hom voel. Hy moet bewondering, gesag of agting afdwing, dan sal vertroue in hom verhoog en sy geloofwaardigheid toeneem.

Meegaande diagram, wat vertroue op selfverduidelikende wyse voorstel, is deur Bews en Martin (1996) ontwikkel.

3.6 **DIE BELANGRIKHEID VAN DOELTREFFENDE TERUGVOER**

Gerber et.al. (1995: 418) sê dat: “Formele kommunikasie ontlok gewoonlik 'n respons van die ontvanger. Hierdie respons verskaf waardevolle inligting en terugvoering aan die kommunikeerder, wat hom of haar in staat stel om die menings en reaksies van belanghebbende partye te takseer.” Hierdie response of terugvoer kan verbaal of nie-verbaal van aard wees, soos reeds by die bespreking van die kommunikasiemodelle genoem is.

Driver, in 'n ongedateerde informasiebulletin van die N.O.B.S, voeg die volgende by oor die noodsaaklikheid van terugvoering: “Top management is constantly sending information to the company's employees; but in order for it to be sure its messages are received, it needs employee feedback - or upward communication.

For example, consider what happens when someone shoots an arrow at a target. To increase the probability of actually hitting the target, the archer must get feedback regarding his or her accuracy. Similarly, a communicator determines the effect of the communication attempt by the feedback given and can adjust his or her behaviour as a result. Are management's policies being understood by the workers? Only they can answer that."

Gunneson (1991:136) voer aan: "Good managerial communication also implies a two-way street: Managers should expect to listen, not necessarily to speak. Employees have information that managers need. They are the ones dealing with customers every day, solving problems on the plant floor, or analysing specific trends. This information is often of greater value than the monthly or quarterly financial data, because it is happening in real time."

Dit is natuurlik so dat hier nie net na terugvoer verwys word nie, maar ook na opwaartse kommunikasie, of die aard van kommunikasie - dit is immers 'n tweerigting proses. Tog word die belangrikheid van terugvoer hier mooi in perspektief gestel.

Baron (1980: 304) glo dat terugvoer die reaksie van die ontvanger van die boodskap is, nadat hy die boodskap gedekodeer het. Hy gaan voort om by te voeg: "Such feedback is an essential part of communication. It is especially valuable in organisations where, much information seems to flow "downward" - from supervisors and managers to subordinates. Providing such persons with an opportunity to offer feedback yields several benefits." Hy noem die volgende vier voordele:

- (i) Dit versterk hulle geloof dat hulle sienings wel belangrik is en vergroot só hulle toewyding aan die organisasie;*
- (ii) Dit skep die geleentheid vir hulle deelname aan besluitneming en ander organisatoriese prosesse;*
- (iii) Dit bevoordeel ook die senders of kommunikators deur hulle op die hoogte te hou van die trefkrag van hulle boodskappe - of dit verstaan is. Dit gee ook insig in die persepsies van ondergeskiktes.*
- (iv) Deur terugvoer word beide die partye, ontvanger/s en sender/s, by die kommunikasieproses betrek en kan vasgestel word wat die uitwerking daarvan was en of die boodskap dan "verstaan" is. Dit gee dan die geleentheid aan die*

oorspronklike sender om sy boodskap te verduidelik totdat dit verstaan word, of dan ook die geleentheid aan die ontvanger om deur sy reaksie (terugvoer) te verseker dat hy verstaan en sy reaksie op die boodskap kan verklaar. Opsommend dus, deur terugvoer verhoog die waarde van die boodskap vir beide die sender en ontvanger. Terugvoer is dus van die uiterste belang en moet aangemoedig word in die organisatoriese opset.

3.7 **DIE NOODSAAKLIKHEID VAN KOMMUNIKASIE IN DIE ORGANISASIE**

In die inleiding tot hierdie navorsingsprojek is die noodsaaklikheid van kommunikasie in redelik omskrywende terme bespreek. Kom ons kyk net weer wat sommige skrywers hieroor te sê het:

Sanford et.al. (1976: 34 en 35) sê: "Organisational communication is a primary determinant of organisational effectiveness. Organisations combine resources (human, physical, and technological) to produce outputs. This combination process requires decision making and the application of human effort. In short, organisation requires that people interact, communicate, and cooperate. People in the organisation must maintain some level of communication. While effective communication does not ensure organisational effectiveness, ineffective communication precludes effective organisation. Communication is the vehicle through which cooperation and coordination are possible."

Cronje et.al. (1991: 124) se siening is: "Kommunikasie, of die proses waardeur mense menings en bedoelings deur middel van boodskappe deel, is 'n noodsaaklike onderdeel van leiding gee, want daarsonder kan leier en ondergeskikte mekaar nie verstaan nie en kan die bestuursproses nie uitgevoer word nie. Om goeie leiers te kan wees moet bestuurders dus ook sinvol kan kommunikeer en doeltreffende kommunikasie aanmoedig."

Eyre (1987: 38) lig veral die belangrikheid van kommunikasie vir bestuur uit: "Effective communication between workers and management has been found highly desirable to promote an acceptable work performance by staff, which is essential for the achievement of the objectives of the organisation. Thus the individual manager has a heavy duty nowadays to communicate clearly with his workers in such a manner that

they can understand the facts he is trying to convey, and to be able to interpret them within the context of their everyday working environment. He will also have a duty to instruct his subordinates, both to carry out their normal, known duties, and also to instruct them in new skills. How he does the latter is of extreme importance, as future work efficiency will depend on the excellence of his communication. It has been said that telling is not teaching: this also applies to managers giving instructions. Instruction requires a sensitive appreciation of how to pass on practical knowledge. Patience and tact are required, and the process might be summarised by the expression “say, do, know.” In other words, a trainee should be told in detail what he is to do, he should be shown and then asked to try to emulate the task, and on the successful conclusion of these exercises he should know. During this operation, the manager or instructor would be well-advised not to give orders, but to invite cooperation, as he must when giving instructions to carry out day-to-day jobs already within the worker’s duties.”

Lewis (1987: 3-5) voeg die volgende hierby: “The manager of today’s complex organisation has a multifaceted job: setting objectives, organising work, motivating employees, evaluating performance, and training personnel. Today’s manager coaches, teaches, coordinates, plans, and directs. Managers, therefore, need a clear understanding of the fundamentals of communication, because communication provides the key to accomplishing all the preceding activities. If there is one activity that describes the function of a manager, it would be communication; it is the very essence of organisational effectiveness. Managers must recognise the necessity and importance of effective communication for managing employees and organisations and for increasing productivity. After all, productivity is the bottom line in most organisations. In addition, managers need the ability to align managerial and organisational theories with communication principles, see how verbal and non-verbal behaviours act as communicative stimuli within organisations, and overcome organisational communication problems.” Verder ook: “We see that an organisation is crucially dependent upon its communication patterns and activities, and the job of the manager is to build a climate for the sharing of messages, ideas, or attitudes. Communication must flow not only from management to employees, but also from employees to management. Communication is complete only when the sender conveys a meaningful message that causes the receiver to react in the manner intended. Many factors influence communication meanings between or among organisational members, i.e., relationships between sender and receiver; differences in status, education, and experiences; feelings, attitudes, emotions; understanding and the amount of support employees receive from their supervisor and work group. As information flows

downward, upward, or horizontally within the organisation it has certain implications for those who send and receive messages.”

Soos baie duidelik gesien kan word, is daar ’n direkte verband tussen die doeltreffendheid van organisatoriese kommunikasie en die sukses van die organisasie. Frank (1985:45) se seining oor die kommunikasie van verandering (vorige bladsy) is mooi uiteengesit in meegaande table waar verwys word na die behoefte aan kommunikasie asook inligting ontvang. Vervolgens word meer praktiese en direkte voordele wat doeltreffende kommunikasie vir die organisasie inhou, bespreek. Die voordele word behandel as voortspruitend uit op- en afwaartse, sowel as horisontale kommunikasie.

3.7.1 Voordele van opwaartse kommunikasie:

Daar bestaan veral vier spesifieke redes vir die bevordering van opwaartse kommunikasie in ’n organisasie. Weereens toeligting uit Frank (1985: 42).

(i) Voorkoming van bestuurs isolasie

Die verskynsel word waargeneem wanneer bestuur nie werklik weet wat in die organisasie aangaan nie as gevolg van gebrek aan inligting. As inligting gefiltreer word, of “slegte nuus” van bestuur af weg gehou word, kan regstellende aksie nie geneem word nie - tot nadeel van die werknemers, bestuur en die organisasie. Op dieselfde wyse kan goeie geleenthede waarvan werknemers bewus is, ook ongesiens verbygaan.

Goeie kommunikasie versterk die sogenaamde “esprit de corps” en maak van die werksmag ’n eenheid wat glad funksioneer. Informasie stel bestuur in staat om die toekoms met vertroue in te gaan aangesien hulle geleenthede kan benut, maar ook probleme kan aanspreek voordat dit hande uitruk.

(ii) Die winsmotief

’n Saak nader aan die hart van elke besigheidsorganisasie, is die negatiewe effek wat swak kommunikasie op winste het. Informasie wat nie deurgevoer word na bestuur nie, kan lei tot die volgende:

- *Goeie idees van werknemers word nie aangewend tot voordeel van die organisasie nie.*

- *Verkeerde aksies of besluite word geneem - met slegte gevolge - omdat die regte inligting nie deurgegee word nie.*
- *’n Toename in arbeidsomset omdat werknemers nie deel voel van die organisasie nie.*
- *’n Afname in uitsette en verkope omdat daar grootskaalse misverstande ontstaan.*

(iii) Die behoefte aan terugvoer

Hier word bedoel terugvoer van werknemers na bestuur, maar ook van bestuur aan die werknemers. Dit is tog baie duidelik dat tweerigting kommunikasie baie meer effektief as eenrigting kommunikasie is. Boodsappe kan uitgeklaar word indien onduidelikhede bestaan en aksies en reaksies kan ook verklaar/gemotiveer word.

(iv) Werknemerhoudings:

Werkers wil vandag - meer as ooit tevore, veral in Suid-Afrika - weet hoekom dinge in die werksmilieu is soos wat dit is, óf verander moet word. Hulle vra meer vrae en eis antwoorde! Daar is ’n toename in die vlak van opvoeding en bestuursfilosofieë wat werknemersdeelname aanmoedig het ook ’n impak hierop. Deelnemende bestuur word in baie organisasies, en ook met reg, gesien as die enigste wyse om die werknemer totaal by sy werksmilieu te betrek en verhoogde produktiwiteit en lojaliteit te verseker. Hierdie benadering voorveronderstel ’n vrye vloeï van informasie in alle rigtings binne die organisasie.

3.7.2 Voordele van afwaartse kommunikasie

Gerber et.al. (1995: 418) noem die volgende voordele wat afwaartse kommunikasie vir die organisasie inhou:

- *Verbintenis tot die werk word verbeter;*
- *Verdraaiing deur riemtelegramme word verminder;*
- *Terugvoer word verkry;*
- *Toesighouerstatus word verhoog - ’n persoon wat oor inligting beskik en dit oordra het status!*
- *Werknemers word betrek by verandering;*

- *Die dissiplinêre stelsel is doeltreffender - werkers aanvaar die gesag van bestuur en ook dat dissiplinêre aksie geneem word tot voordeel van die organisasie;*
- *Die verhouding tussen bestuur en werknemers verbeter.*

3.7.3 Voordele van horisontale kommunikasie:

- *Bevredig die werknemer se behoefte aan affiliasie en sosialisering;*
- *Bevorder spanwerk wat 'n belangrike deel uitmaak van organisatoriese doeltreffendheid.;*
- *Bevorder die oordrag van kennis en vaardighede - een werker dra sy jare van ondervinding oor aan 'n ander jonger/nuwe werknemer en produktiwiteit en spangees neem so toe;*
- *Skep 'n effektiewe addisionele kanaal van kommunikasie wat verspreiding van informasie vergemaklik en kan toelig.*

Frank (1985:44) bespreek die frekwensie van afwaartse en sywaartse kommunikasie toeligend in meegaande table.

3.8 Interkulturele kommunikasie:

Doeltreffende kommunikasie is onder normale omstandighede moeilik, wat nog van omstandighede waar daar oor kulturele grense heen kommunikeer moet word! Dat kommunikasie as sulks 'n groot uitdaging binne die werksverband is, is deeglik in die voorafgaande gedeeltes geïllustreer. Om hierdie uitdaging nog verder te vergroot moet ons dit byvoorbeeld binne die konteks van 'n Platina Myn plaas! Die arbeid is nie net verteenwoordigend van ons totale reënboognasie nie, maar vaardighede en kennis word ook nog gereeld buite ons landsgrense gewerf – daar is dus Amerikaners, Pole, Tjebbe, Skotte, Engelse en nog vele meer, ook in diens. Ons het in hierdie werksomgewing dus te doen met 'n veelheid/ verskeidenheid van kulture om by die lys van elf amptelike landstale te voeg. Kulturele diversiteit is dus baie prominent sigbaar. Die vaardighede nodig om in 'n multikulturele werksomgewing te funksioneer is dan ook meer en meer deel van indiensnemingsvereistes.

Die sentrale beginsel in interkulturele kommunikasie is dan dat alles wat 'n mens doen geskied deur 'n filter van kulturele kennis. Die gevaar bestaan dat hierdie "natuurlike filter" mag lei tot misverstande, gekrenkte gevoelens en wanopvattinge. "Cross-cultural communication can be difficult, inaccurate, and highly stressful. When we are immersed in an environment where the language, attitudes, values, and behaviors are alien to our own experience, we may suffer disorientation and frustration- an experience known as 'culture

shock.’ This is because culture affects almost all behaviors. Culture governs how close we stand while talking with another person. Culture governs how we use (or avoid) eye contact. Culture governs how we express (or suppress) powerful emotions such as joy, disapproval, and anger. Culture even governs the expression (if not the actual experience) of love, because culture determines whether we feel free to express love in public settings by holding hands, hugging, or kissing the person we love”. Archer, D (1999) “A World of Differences”, ‘n video opname.

Vaardigheid in interkulturele kommunikasie bied ‘n oplossing vir hierdie interaksie met ander – die spreker moet bewus wees van wat om te verwag ten einde positief hierop te kan reageer. Daar moet dus ‘n hoë mate van bewustheid wees, wat as volg verseker kan word:

- *Soek altyd na informasie oor kulture – kennis is mag en vooroordele spruit voort uit onkunde. Maak seker dat jy jou teikenpopulasie ken;*
- *Wees positief georiënteerd teenoor ander – aanvaar dat ander maniere van doen en dink nie noodwendig verkeerd is nie;*
- *Vra vrae – deel informasie met ander maar wees versigtig oor hoe vrae aan ander gevra word;*
- *Wees oplettend – hierdeur kan kennis en vaardigheid opgedoen word oor ander kulture en persone;*
- *Ontwikkel aanpasbaarheid – daar is meer as een manier om dinge te sê en te doen. Gee ander soms gelyk en soek na die positiewe in wat ander sê, dink en glo.*
- *Verdra “dubbelsinnigheid” – onsekerheid bring ongemak mee, maar leer om dit te aanvaar ten opsigte van ander.*
- *Vermyn negatiewe beoordelings – moenie glo dat jou eie kultuur al die antwoorde het en altyd reg is nie.*

Kulturele verskille in gesprekvoering:

Buiten verskille wat bestaan ten opsigte van uitspraak, taal en grammatika tussen kulturele groep, bestaan daar ook verskille in reëls wat geld tydens gesprekvoering. Hier moet veral gelet word op:

- *Aanvang en afsluiting van gesprekke;*
- *Gebruik van stilte as ‘n element van kommunikasie;*
- *Onderbrekings;*

- *Opeenvolging van deelname in gesprekvoering;*
- *Kennis van toepaslike onderwerpe vir gesprekvoering;*
- *Humoristiese tussenvoegsels op toepaslike tye;*
- *Gebruik van nie verbale gedrag;*
- *Lag as “instrument” tydens kommunikasie;*
- *Kennis van die hoeveelheid wat elke deelnemer teogelaat word om te sê; en*
- *Opeenvolging van “elemente” tydens gesprekvoering, of dan die proses van gesprekvoering.*

In ‘n voorlegging op die Internet, stel Tony Chelte (1998) vier reëls voor, wat gevolg moet word ten einde doeltreffendheid van interkulturele kommunikasie te verseker, naamlik;

- *Aanvaar dat jou kultuur van die van jou teenparty verskil, totdat die teendeel bewys is;*
- *Beklemtoon beskrywing eerder as interpretasie of evaluasie;*
- *Beoefen empatie; en*
- *Hanteer jou interpretasies eerder as veronderstellings/ hipoteses.*

Hierdie reëls of riglyne, as hulle gevolg word, sal verseker dat kommunikasie oor kultruele grense heen, nie lei tot wrywing of misverstande nie.

Interkulturele kommunikasie ‘n miete?

In ‘n artikel in “People Dynamics”(Junie 1994:24 – 27) sê Ketan Lakhani egter dat multi – kulturele kommunikasie ‘n miete is, ‘n verskoning vir swak kommunikasievaardighede en ‘n tradisie om mense uit hierdie proses weg te laat. Hy meen: “The simple truth is that communication is about ‘listening’ – of identifying the communication needs of all people in an organisation and setting up processes that facilitate this – so it is more a case of identifying needs than of ‘telling them’ anything.” Hy regverdig sy stelling aan die hand van ‘n aantal vrae:

“Was there ever a homogeneous workplace?”

“Does multiculturalism detract from bad communication?”

“Are we perpetuating stereotypes in a “positive manner?”

“Are there really differences in style, motivation and so on? And if there are, where is the research evidence to support this?”

“Are communication problems due to real differences in behaviour, or faulty interpretations?”

“Is multicultural communication different from good communication?”

Alhoewel hierdie vrae (baie geldig, dog soms aanvegbaar) deur Lakane in sy artikel beantwoord word ter ondersteuning van sy stelling, bly kulturele verskille tog ‘n groot struikelblok vir doeltreffende kommunikasie in die werksplek. Waar daar groot verskille bestaan in die opvoedingspeil van verskillende werknemers, soos in die Suid Afrikaanse mynbedryf, is en bly dit ‘n groot uitdaging vir bestuur en verg dit deurlopend aandag!

Die volgende hoofstuk handel oor die wisselwerking tussen wernemers en bestuur binne die organisasie wat voortvloei uit die kommunikasieproses. Daar word gekyk na definisies sowas twee modelle asook die bronne van konflik binne die werkplek. Hierna word gekyk na die bestuur van konflik en hoe doeltreffende kommunikasie dit kan omvorm tot ‘n positiewe verskynsel.

HOOFSTUK 4

KONFLIK AS INHERENTE VERSKYNSEL IN DIE BESTUUR/WERKNEMER VERHOUDING

Soos uit die vorige hoofstukke afgelei kan word, bestaan daar in die organisasie groot potensiaal vir konflik tussen bestuur en werknemer. Die potensiaal kan gevind word in die verskil wat bestaan in die doelwitte van die twee partye, asook die relatiewe posisie van mag waarin die partye hulle bevind.

In dié hoofstuk sal gepoog word om op die informasie soos in hoofstuk 2 verskaf, voort te bou en te wys dat die verskille wat bestaan nie noodwendig tot “negatiewe” konflik sal lei nie, maar dat dit tot konflik benutting kan lei - waar die twee teenpartye deur hulle doeltreffende hantering van die proses tot ’n nuwe, wedersydsaanvaarbare alternatief kan kom.

Ten einde bogenoemde oogmerk te illustreer, sal daar eers gekyk word na ’n definisie van die begrip konflik. Hierna word twee konflikmodelle bespreek en ’n oorsig word gegee van bronne van konflik binne die werksituasie. Vervolgens word wyses bespreek om konflik te bestuur asook die voordele van konflik as ’n positiewe verskynsel in organisasies.

4.1 DEFINISIE VAN KONFLIK

Volgens Robbins (1987: 352) is konflik “a process in which an effort is purposely made by one person or unit to block another that result in frustrating the attainment of the other’s goals or the furthering of his or her interests.”

Daar bestaan **twee sienings** of benaderings tot konflik. Die **tradisionele siening** waar konflik as negatief of sleg gesien word, en die **interaksionistiese siening** waar konflik gesien word as ’n positiewe verskynsel wat aangemoedig moet word en wat die organisasie of partye kan bevoordeel.

Thomas (1976: 910) omskryf konflik as “the process which begins when one party perceives that the other has frustrated, or is about to frustrate, some concern of his”. Verder, “a process which includes the perceptions, emotions, behaviour and outcomes of parties concerned.”

In ons bespreking sal ons die fokus beperk deur slegs te verwys na tweesydige of “dyadic” konflik, terwyl daar by bespreking van die modelle van konflik gekyk sal word na sowel die proses- as die strukturele model van konflik.

4.2 TWEE MODELLE VAN KONFLIK

In 'n poging om die konflikverskynsel beter te omskryf en te verstaan, is dit nodig dat gekyk word na twee modelle van konflik.

4.2.1 Die prosesmodel van tweesydigte konflik:

Die prosesmodel (sien meegaande model) identifiseer en ondersoek die gebeure binne 'n konfliktepisode of -siklus. Wanneer daar gekyk word na die prosesmodel van konflik (sien diagram) kan ons vyf hoofgebeure binne die konfliktepisode of -siklus van een van die partye waarneem naamlik frustrasie, konseptualisasie, gedrag, die ander party se reaksie en die resultaat of uitkoms.

*Die probleem ontstaan as gevolg van die betrokke party se **ervaring van frustrasie**, huidig of verwagte, as gevolg van die dwarsboming van sy pogings om 'n gegewe doel te bereik. Indien die frustrasie wat ervaar word bewustelik aangespreek of hanteer word, sal dié party die situasie dan **konseptualiseer**. In dié stadium word die party bewus van die situasie. Deur die konseptualisasie van die situasie gaan die een party oor tot **gedrag/optrede** teenoor die ander party in 'n poging **om die situasie te hanteer**. Gedrag of optrede verwys hier na gedrag in algemene verband ten einde vermyding, onttrekking sowel as meer geldende optrede in te sluit.*

4.2.2 Die strukturele model van tweesydigte konflik:

In teenstelling met die prosesmodel, het die strukturele model van konflik nie juis belang by onafhanklike konfliktepisodes nie. Die strukturele model lig sentrale gedragsneigings binne die tweesydigte verhouding toe. Die model is dus gefokus op die saamgestelde verskeidenheid van gedrag wat deur die twee partye gebruik word tydens onderhandelings - die gedrag wat mees algemeen voorkom by die partye, bv. samewerking, kompetisie, vermyding, ens.(Verwys na meegaande model)

Eerder as om die gebeurtenisse binne 'n konfliktepisode te identifiseer, is die strukturele model ingestel op die onderliggende parameters wat elke episode beïnvloed. Die model is eerder toegespits op die hoeveelheid druk en beperkings wat op elke party geplaas word. Elke party se gedrag word dan gesien teen die agtergrond van daardie druk. Beperkings en gedragsaanpassing word gesien as die gevolg van 'n verandering in die verhouding van dié veranderlikes.

Die strukturele model word voorgestel in meegaande diagram. Die twee sirkels verteenwoordig die twee interaktiewe partye. Die konflikgedrag word gesien as gevorm/bepaal deur vier tipes strukturele veranderlikes. **Ten eerste** word beide partye gesien as of hulle beïnvloed is deur vooropgestelde gedragpatrone of gedragspredisposisies. Dit vloei gedeeltelik voort uit hulle motiewe en vermoëns. **Ten tweede** is beide partye onderhewig aan druk van hulle omliggende sosiale omgewing. **Ten derde** reageer die partye op die konflik aansporing in die situasie - die konflik van belange tussen hulle en hulle aandeel in die verhouding. **Ten laaste** word die interrelasie van die twee partye gesien soos dit plaasvind binne die raamwerk van reëls en prosedures wat die gedrag beperk - reëls van besluitneming, onderhandelingsprosedures en prosedures van derde party intervensie.

Die twee modelle wat voorgedra is ten einde konflik toe te lig, vul mekaar aan. Die strukturele model skyn bruikbaar te wees waar sistemiese verandering nodig is, terwyl die prosesmodel weer van toepassing is in die bestuur van 'n deurlopende sisteem. Die strukturele model veronderstel voortdurende verbeterings in verhoudings, terwyl die prosesmodel 'n mens help om krisis te hanteer. Beide modelle, en die taktiek wat hulle voorhou, is nodig ten einde konflik effektief te hanteer.

Voorts word die twee modelle afsonderlik voorgedra aangesien hulle verskillende navorsingsliteratuur weergee. In werklikheid pas hulle saam in een groot siening van konflikstruktuur en - proses. Die strukturele veranderlikes beperk die vorm en prosesdinamika, terwyl kennis van die prosesdinamika 'n mens help om die effek van die strukturele veranderlikes te voorspel.

4.3 BRONNE VAN KONFLIK TUSSEN DIE BESTUUR EN WERKNEMERS IN 'N ORGANISASIE

4.3.1 Beperkte hulpbronne

“Enige onderneming het beperkte hulpbronne, en individue of groepe binne die onderneming moet met mekaar kompeteer vir die hulpbronne. Daar kan aanvaar word dat hoe skaarser die hulpbronne hoe groter is die potensiaal vir konflik.” Nel et.al. (1989:145).

Hierdie verskynsel kan elke jaar in die meeste organisasies duidelik gesien word as die jaarlikse departementele begrotings aan die Hoofbestuurder of Direksie voorgedra word. Eerste pogings van Departementshoofde word afgekeur en die opdrag is om

beoogde uitgawes te besnoei. Gou-gou word behoeftes onderling tussen Departemente vergelyk en vanweë subjektiewe evalueringe ontstaan spanning en konflik tussen departemente, iets wat die hoofbestuurder deeglik in aanmerking moet neem by finale goedkeuring van begrotings.

4.3.2 Status en strukture

Alle werknemers wil graag weet waar hulle in die organisasie inpas, aangesien hulle vergelykings tref met ander wat hulle as hulle gelyke sien - die sogenaamde "Equity theory" - ten einde te bepaal of hy/sy regverdig behandel word en van 'n gelyke waarde vir die organisasie is. Sekuriteit in die werk word tot 'n groot mate só bepaal en dit beïnvloed ook onderlinge verhoudings tussen werknemers.

Die werknemer wil ook weet wie sy direkte hoof, sy gelykes en sy ondergeskiktes is. Hiermee saam gaan sekerheid oor verantwoordelikhede, gesag en verpligtinge.

Konflik ontstaan dan as die werknemer voel dat sy verhouding met die onderneming nie duidelik is nie en dat dit sy status beïnvloed. Begrippe soos "persepsie" en "subjektiwiteit" speel dus hier 'n belangrike rol.

4.3.3 'n Verbreking van die vloei van inligting (kommunikasie)

Waar daar 'n verbreking van die vloei van inligting is, ontstaan daar konflik in die organisasie. Werknemers en bestuur weet dus nie wat aangaan nie en kan dan nie doeltreffend funksioneer nie. Inligting kan ook doelbewus geblokkeer of weerhou word of daar kan verkeerde inligting deurgegee word. Ongeag die aard van die verbreking of verdraaiing van inligting, het dit altyd negatiewe gevolge aangesien dit werknemers en bestuur verwar.

4.3.4 Die omgewing van die onderneming :

Die omgewing waarbinne die organisasie funksioneer kan tot konflik tussen groepe lei. Hier word verwys na die politieke omgewing waar 'n dag soos 16 Junie (Jeugdag/Soweto-dag) tot konflik in die organisasie mag lei. Insgelyks kan in die ekonomiese omgewing 'n afswaai in die ekonomie die organisasie se voortbestaan bedreig en tot konflik lei. Die jaarlikse onderhandelings oor die hersiening en aanpassing van lone en diensvoorwaardes het beslis ook die potensiaal om tot konflik in die organisasie te lei. Die table op die vorige bladsy lig hierdie situasie baie duidelik toe.

4.3.5 Ander bronne van konflik

Nog 'n aantal bronne van konflik, wat veral ook in die mynbedryf 'n rol speel, is:

- *Taalverskille;*
- *Bevolkingsgroep-houdings;*
- *Politieke ideologieë;*
- *Lae vlakke van vertroue tussen bestuur en werknemers; en*
- *Ondoeltreffende arbeidsverhoudinge stelsels.*

4.3.6 Verskillende doelwitte en waardestelsels:

Verskille in die waardes, doelwitte, waardestelsels en metodes om hierdie doelwitte te bereik veroorsaak konflik tussen bestuur en werknemers. Bestuur probeer die maksimum uitset (wins) met die minimum inset verkry. Die werkers interpreteer dit dan as synde die minimum werk met maksimum hoeveelheid vergoeding - lynreg teenoor die siening van bestuur! Tussen hierdie twee teenoorstaande pole moet bestuur en werknemers by mekaar uitkom deur kompromië aan te gaan en konflik tot 'n minimum te beperk.

(Meegaande model illustreer bogenoemde benaderings.)

4.3.7 Verhoudingsprobleme

Onder die opskrif kan die volgende ingepas word:

- **Aansien van groepsverteenwoordigers:** Dit gebeur dat samewerking ontwikkel tussen persone wat onderskeidelik bestuur en werknemers verteenwoordig. Sodra dit lyk of samewerking tot stand kom, word die verteenwoordiger verwerp as 'n "Mpimpi" (verklikker/informant) en word hy/sy onthef van sy/haar posisie. Die proses van opbou van kredietwaardigheid of wedersydse vertroue moet dan weer van voor af begin.
- **Geldigheidserkenning van die partye teenoor mekaar** waar dit gaan oor die mate waartoe elke party van mening is dat die ander party daarop geregtig is om sy doelwitte te bereik. Die verhouding berus dus op die mate waartoe die partye mekaar se reg op 'n standpunt, asook elkeen se bestaansreg en sy besondere werkswyse aanvaar.
- **Persoonlikheidseienskappe van die leiers.** Dit is noodwendig dat die leiers van twee "opponerende" partye 'n groot invloed op die verhouding tussen die groepe sal uitoefen. 'n Persoon van hoë outoriteit sal byvoorbeeld gesien word as relatief meer geneigd tot 'n patroon van min vertroue en sterk mededinging in die werksituasie - dit kan tot gevolg hê dat hy as konserwatief, emosioneel, hard, magsugtig en vyandig beleef word.

4.3.8 Potensiële oorsake van konflik in die organisasie

Nel et.al. (1989: 147) verdeel sake wat moontlik tot konflik kan lei in die organisasie in twee afdelings, naamlik sake met 'n hoë potensiaal vir konflik en sake met 'n lae potensiaal vir konflik, in die werksituasie. Dit word saamgevat in die volgende tabel:

4.4 WYSES OM KONFLIK TE BESTUUR

Konflik is 'n lewensfeit wat eerder verstaan as beveg moet word. Dit is 'n noodsaaklike bestanddeel van alle vorme van sosiale organisasie en kan sodoende nie vermy word nie. As daar aanvaar word dat 'n sekere mate van konflik onvermydelik is, word dit die taak van bestuur om te probeer begryp hoe konflik in sy vele gedaantes herken, verminder of in 'n voordeel omskep kan word.

Konflikhantering (of konflikbestuur) behels dus meer as net die vermindering van konflik, en moet eerder beskou word as die beplanning en beheer daarvan deur middel van stimulasie en oplossing.

Konflikbestuur kan op verskeie wyses benader word. Daar word in die praktyk van twee benaderings gebruik gemaak, naamlik die proses- en struktuurbenaderings.

4.4.1 Die prosesbenadering van konflikbestuur

Thomas (aangehaal in Nel et. al. (1989: 155) haal 'n model aan wat vyf style voorstel vir die bestuur van konflik volgens die prosesbenadering. Die style word hieronder weergegee:

4.4.1.1 Vermyding:

Die partye onttrek uit die konfliksituasie. Die gevolg hiervan is dat nòg die een party nòg die ander party se behoeftes of probleme bevredigend opgelos word.

4.4.1.2 Inskiklikheid

Hierdie styl behels die gebruik van takt deur die verskillende partye deur mekaar te akkommodeer. Die inskiklikheidsbenadering lei daartoe dat individuele oplossings vir die konflik gevind word, aangesien dit gebaseer is op die gewilligheid van die partye om die konflik te probeer oplos.

4.4.1.3 Kompromie

Dit is die styl wat heel waarskynlik die meeste gebruik word. Die partye gee sekere punte prys en beskou ander punte as belangriker - 'n situasie van gee en neem ontstaan dan. Dit lei dus tot 'n kompromie en gevolglike tevredenheid van beide partye. Hierdie styl leen hom daartoe om groot konfliksituasies op te los, aangesien konflik in baie gevalle slegs opgelos kan word indien beide partye bereid is om iets prys gee.

4.4.1.4 Dwang

Hierdie benadering word gekenmerk deur 'n onwilligheid om die ander party se probleme te akkommodeer of selfs om 'n minimale toeweging te maak. Dit lei dikwels tot 'n vinnige oplossing, maar die konflik-nasleep kan baie negatief wees aangesien die een party voel dat hulle "verloor" het.

4.4.1.5 Samewerking

Hierdie styl vereis dat beide partye wil saamwerk en daarna sal strewe om gesamentlike oplossings vir hulle probleme te kry. Dit vereis dus beide samewerkende en selfgeldende gedrag. Die partye sien konflik as neutraal en vertoon vertroue en eerlikheid teenoor mekaar in hulle pogings om die konflik op te los.

Die styl wat 'n individu of groep sal volg hang af van sy/hulle ervaring van konflikhantering, sy/hul persoonlikheid en die spesifieke elemente van die konfliksituasie. Elke styl leen kom dan ook tot gebruik in spesifieke situasies. So byvoorbeeld sal die "dwangstyl" gebruik word waar vinnige besliste aksie noodsaaklik is, of die "inskiklike styl" waar 'n party byvoorbeeld tot die besef kom dat sy standpunt verkeerd is. Die party luister na 'n beter benadering en leer om redelikheid te toon.

4.4.2 Die strukturele benadering om konflik te bestuur

Die strukturele benadering tot konflik kan nuttig aangewend word om samewerking tussen mense te bevorder en konflik te verminder. Die benadering verskil van die prosesbenadering in die sin dat dit vereis dat daar verandering in die onderneming se formele verslaggewing oor houdings moet plaasvind. Die struktuur moet dus verander word, nie so seer individuele of interpersoonlike gedrag nie. In dié benadering word daar van drie oplossings gebruik gemaak om konflik te verminder :

4.4.2.1 Reëls

Daar is normaalweg twee stelsels reëls, naamlik prosedures en substantiewe reëls. Die prosedures bepaal hoe reëls vasgestel word en substantiewe reëls fokus op die regte van werknemers en bestuur.

4.4.2.2 Stelsels

Dit gaan hier oor die prosedures wat gevolg word om te besluit hoe die reëls in die organisasie toegepas word.

4.4.2.3 Rolvoorskrifte

Daar bestaan formele voorskrifte vir individue in 'n organisasie. Die verwagte gedrag word daarin voorgeskryf ten einde die verhouding tussen individue en groepe individue binne 'n onderneming te probeer reguleer en vas te pen sodat almal weet hoe dit werk.

Dit is belangrik om daarop te let dat die strukturele- en prosesbenadering van konflik wat hierbo bespreek is, nie losstaande nie, maar interafhanklik is. Die strukturele benadering het betrekking op stelsels terwyl die prosesbenadering gerig is op die "bestanddele" wat die bestuur aanmekaar bind.

4.5 KONFLIK AS POSITIEWE VERSKYNSEL IN ORGANISASIES

Thomas (1976: 889) meen: "more and more, social scientists are coming to realise - and to demonstrate - that conflict itself is no evil, but rather a phenomenon which can have constructive or destructive effects, depending upon its management."

Litterer (1966: 182) teken die volgende positiewe gevolge van konflik aan:

- *Vestig die aandag op sistemiese probleme wat aanpassing mag benodig;*
- *Vyandigheid wat tussen groepe mag bestaan, mag ook lei tot interne samehorigheid en so gemeenskaplike doelwitte aanwakker; en*
- *'n Magstryd verskaf soms die meganisme om magsbalans in die situasie te evalueer en aan te pas by die realiteit.*

Dubrin (1974: 312) lig die volgende positiewe resultate van konflik uit:

- *Individue beweeg nader aan mekaar;*
- *Nuwe leiers kan in die proses na vore tree;*
- *Ou doelwitte kan gewysig of vervang word;*
- *'n Uitlaat vir "stoomafblaas" kan moontlik geskep word, sonder benadeling van die organisasiestruktuur;*
- *Die motivering en energie om take af te handel kan verhoog word;*
- *Verandering kan gestimuleer word vanweë die groter verskeidenheid standpunte en verhoogde sin vir dringendheid;*
- *Lede van die organisasie (bestuur sowel as ander werknemers) mag groter insae en aanvaarding van hulle eie posisie verkry;*
- *Groepe mag meer bewus raak van hulle eiesoortigheid; en*
- *Die behoefte aan aggressiewe neigings wat inherent is aan soveel mense, kan bevredig word.*

*Ten slotte verwys ons graag na die rol van kommunikasie in die hantering van konflik. Newcomb (1947: 69) voer aan: "Breakdowns in communication enables both parties to develop and maintain their (own) distorted views of each other and to feed their mutual hostility". As oplossing hiervoor sê Thomas (1976: 906): "Communication is the medium through which Parties' misconceptions can be corrected: Other's communications may lead a Party to re-evaluate his own position, to recognise others' actual orientation and to revise his stereotype of Other". Dit blyk dus baie duidelik **dat kommunikasie nodig is** ten einde konflik in die organisasie te kan bestuur en in 'n positiewe verskynsel te verander.*

In hierdie hoofstuk is klem gelê op konflik wat soms gesien word as inherent tot die werkplek en ook dat konflik ontstaan weens botsende of uiteenlopende belange. Vervolgens word daar dan oorgegaan na die bespreking van motivering en die rol daarvan by individue en in die organisasie, asook hoe kommunikasie hierdie fenomeen beïnvloed. Eers word basiese behoeftes omskryf, waarna gekyk word na verskillende teorieë en dan die implikasies wat motivering as sulks het vir kommunikasie.

HOOFSTUK 5 : MENSLIKE BEHOEFTE EN MOTIVERING IN 'N ORGANISASIE

Ons het reeds in die voorafgaande twee hoofstukke gesien dat menslike behoeftes en doelwitte wat daaruit voortspruit van mekaar verskil en tot konflik kan lei. Die belangrikheid daarvan om die doelwitte van bestuur en werknemers te versoen is insgelyks ook beklemtoon as 'n voorvereiste van organisatoriese doeltreffendheid.

In hierdie hoofstuk val die klem op menslike behoeftes en gedrag. Ons kyk dan eers na algemene menslike behoeftes, waar veral aandag gegee sal word aan die teorieë van Maslow, Herzberg en Mc Clelland (as voorbeelde van sogenaamde inhoudsteorieë) en Vroom, Adams en die Porter en Lawler model (as voorbeelde van die prosteorieë). Daarna word oorgegaan tot die bespreking van menslike gedrag aan die hand van 'n model van gedrag.

'n Motiveringsmodel, sowel as verskeie definisies van motivering, dien as voorbereiding tot 'n bespreking van motivering in die organisasie, wat dan weer kulmineer in 'n bespreking van hoe kennis van menslike behoeftes en motivering tot voordeel van die organisasie aangewend kan word deur bestuur.

Die laaste afdeling in dié hoofstuk kyk na die impak van behoeftes en motivering op kommunikasie in die organisasie.

5.1 BASIESE MENSLIKE BEHOEFTE

Dit is wanneer ons met verwondering kyk na die wonders van die moderne tegnologiese ontploffing dat ons weereens onder die besef kom dat die mens die basis is van hierdie vooruitgang - die mens met sy spesifieke behoeftes, doelwitte en gedrag. Die vooruitgang is tewens 'n produk van die mens se behoeftes en nérens word dit duideliker vergestalt as in die ontwikkeling en instandhouding van die wêreld waarin ons leef nie.

Die individu word gebore met 'n stel inherente behoeftes wat die basis vorm van sy gedrag. Hierdie behoeftes vorm 'n belangrike deel van die basiese interaksie-veranderlikes wat beide sy persoonlike en organisatoriese lewe beïnvloed. Die belangrikheid van die bevrediging of frustrering van hierdie behoeftes is voor die hand liggend, veral as 'n mens daaraan dink op individuele of organisatoriese vlak.

5.1.1 Maslow se hiërargie van behoeftes

Die sielkundige Abraham H. Maslow het in die vyftiger jare 'n klassifikasie en omskrywing van algemene menslike behoeftes ontwikkel wat baie wyd en algemeen gebruik word. Hy voer aan dat mense vyf basiese klasse behoeftes het, naamlik fisiologiese-, veiligheids/sekuriteits-, sosiale-, agtings- en selfverweselikingsbehoefte. Soos in meegaande diagram aangetoon word hierdie klasse van behoeftes 'n hiërargiese volgorde georden sodat die verskyning van een klas behoeftes afhang van die bevrediging van 'n ander, laevlak behoefte. Die laagste vlak behoeftes is dan die fisiologiese behoeftes - soos op die diagram aangetoon is.

5.1.1.1 Fisiologiese behoeftes

Soos reeds genoem, is hierdie die laagste vlak behoeftes op die hiërargie en is dit dan ook daardie behoeftes wat die individu sal poog om eerste te bevredig. Dié behoeftes sluit in die behoefte aan voeding, suurstof, beskerming teen die elemente en rus - dus behoeftes van die liggaam en as sulks teenwoordig by alle mense. Totdat dié behoeftes ten minste tot 'n aanvaarbare vlak bevredig is sal die gedrag van die individu daardeur gedomineer word. Maslow sê dan ook, tong-in-die-kies: "It is true that man lives by bread alone - when there is no bread", Maslow (1943: 87).

5.1.1.2 Behoeftes aan veiligheid en sekuriteit

Die volgende vlak behoeftes wat sou domineer is dié van veiligheid en sekuriteit - die behoefte na vryheid van liggaamlike besering en na sekuriteit. Laasgenoemde verwys na ekonomiese sekuriteit (die individu se strewe na voortgesette bevrediging van fisiologiese behoeftes) sowel as sekuriteit van die "self" - die behoefte na sekerheid ten opsigte van wat die gemeenskap van hom of haar verwag in terme van aanvaarbare gedrag (dus begrensing van gedrag).

5.1.1.3 Sosiale behoeftes

*Sodra die veiligheids- en sekuriteitsbehoefte bevredig is, tree die sosiale behoeftes as dominante behoeftes na vore. Die behoefte sluit in die behoefte aan liefde, aanvaarding en kameraadskap, asook **die behoefte om met ander te kommunikeer.***

5.1.1.4 Agtingsbehoefte

Hierdie behoefte sluit sowel selfagting en selfrespek as respek en agting vanaf ander mense in, so ook die behoefte van selfvertroue, onafhanklikheid, vryheid, erkenning en waardering en die behoefte om te presteer. Individue het die behoeftes ten opsigte van hulself, maar ook ander mense. Daar word geglo dat hierdie klas behoeftes die sterkste invloed uitoefen op die gedrag van individue in die meerderheid ekonomies goedontwikkelde lande!

5.1.1.5 Selfverweselikingsbehoeftes

Wanneer die voorafgaande behoeftes tot 'n groot mate bevredig is, tree die behoefte na selfverweseliking dominant na vore. Hier soek die individu geleenthede om sy of haar vermoëns ten beste aan te wend. Maslow (1954: 92) noem dit "the desire to become more and more what one is - to become everything one is capable of becoming".

Soos gesien kan word uit voorafgaande bespreking, is die konsep van 'n hiërargie van behoeftes sentraal by die verstaan van die wyse waarop behoeftes gedrag beïnvloed. Die gedrag van 'n individu, op 'n gegewe tydstip, word meer beïnvloed deur een klas behoeftes as 'n ander en die beweging deur die hiërargie vind plaas op 'n soortgelyke wyse as wat 'n individu beweeg deur sy lewensloop - daar vind dus "groei" plaas.

Volgens Smit en Cronje (aangehaal in Nel , 1987: 336) verklaar Maslow se teorie menslike gedrag nie volkome nie, maar tog word dit algemeen in die praktyk gebruik om die volgende redes:

- *Sy teorie maklik verstaanbaar is en sin maak;*
- *Belangrike behoefte kategorieë daarin uitgewys word;*
- *Daar 'n onderskeid getref word tussen hoër- en laer-ordebehoeftes;*
- *Daar klem gelê word op die belangrikheid van persoonlike groei en selfverweselikking in die werkskonteks.*

5.1.2 Mc Clelland se teorie

Volgens Mc Clelland se benadering van algemene menslike behoeftes is daar slegs twee behoeftes wat as inherent beskou kan word - die behoefte aan plesier en die behoefte om pyn te vermy. Alle ander behoeftes, so voer hy aan, word aangeleer.

Mc Clelland verdeel die konsep van die behoeftestruktuur in drie basiese dimensies, naamlik:

- Die behoefte aan Prestasie - n Ach;
- Die behoefte aan Affiliasie - n Aff; en
- Die behoefte aan Mag - n Pow.

5.1.2.1 Die behoefte aan Prestasie

In hierdie behoefte vind ons die strewe om te kompeteer teen 'n standaard van uitnemendheid. Mc Clelland glo dat hierdie behoefte een van die sterkste algemene menslike behoeftes is. Hy beweer verder dat die kultuurgroep of gemeenskap 'n definitiewe invloed uitoefen op die prestasie - motiverings van sy lede. Hy het ook bevind dat sekere mense 'n merkbaar groter behoefte aan prestasie het as ander en harder probeer om hulle doelwitte te bereik.

5.1.2.2 Die behoefte aan Affiliasie

Die behoefte is vry algemeen bekend by die mens - die mens word immers as 'n kuddedier beskou. Individue met 'n hoër behoefte aan affiliasie het gewoonlik 'n sterk mensoriëntasie - om gewild te wees by ander. Hulle gee dan ook baie aandag aan gevoelens van ander en put 'n hoë mate van bevrediging uit verhoudings met andere. Dié behoefte sluit die behoefte aan vriendskap, gevoel van deel wees en aanvaarding, liefde en dies meer in. Een van die belangrikste aspekte van hierdie behoefte is die **behoefte aan kommunikasie**. Affiliasie is immers slegs moontlik as kommunikasie kan plaasvind.

5.1.2.3 Die behoefte aan Mag

Mag word hier in sielkundige eerder as sosiologiese verband omskryf. Nasser et. al. (1977: 35) haal Litwin en Stringer aan wat die volgende omskrywing bied:

"If a man spends his time thinking about the influences and control he has over others and how he can use this influence, for instance to win an argument, to change other people's behaviour, or to gain a position of authority and status, then the psychologists say he has a high need for power. He derives satisfaction from controlling the means of influence over others".

Mc Clelland onderskei tussen **persoonlike mag** - wat selfgesentreerd is en uitsluitlik vir eie voordeel en prestige aangewend word - en **sosiale mag** wat groep, gemeenskap of organisasiegesentreerd is en gemik is op die mobilisering van die energie van individue ten einde gemeenskaplike doelwitte te bereik.

Persoonlike mag hou verband met dominansie, wat wel in kleiner groepe mag werk, maar indien 'n bestuurder groter groepe sou wou beïnvloed sal hy moet staatmaak op 'n sosiale vorm van beïnvloeding - **sosiale mag**.

Bogenoemde drie sosiale motiewe is verskillend, maar beïnvloed mekaar wedersyds ten einde die individu se interpersoonlike gedrag te bepaal. Met ander woorde, ander individue is nodig ten einde kontrole uit te oefen (mag), en as vriende (affiliasie). Die behoefte aan prestasie mag ook ander mense benodig vir bevrediging, maar is ook daarsonder moontlik. Om dus te presteer mag ander persone benodig word, maar die aard van die verhouding wat daargestel is, sal primêr bepaal word deur die behoefte aan mag of affiliasie.

DIE BEHOEFTE AAN MAG WORD GEWOONLIK UITGEOEFEN DEUR DIE PROSES VAN KOMMUNIKASIE

5.1.3 Herzberg se tweefaktor – motiveringsteorie:

'n Verdere benadering tot die behoeftestruktuur is dié van Herzberg wat geformuleer is, na omvangryke navorsing. (Sien meegaande voorstelling) Hy het bevind dat daar 'n stel faktore is wat neig om mense te motiveer tot groter werksprestasie en gevolglik werkstevredenheid. Hierdie faktore noem hy motiveerders. Sou dié faktore egter afwesig wees, veroorsaak dit nie noodwendig ongemotiveerde gedrag nie. Volgens Herzberg word ongemotiveerde gedrag veroorsaak deur die afwesigheid van 'n ander stel faktore wat hy higiëne - of instandhoudingsfaktore noem.

5.1.3.1 Motiveerders

Soos hierbo reeds genoem onderskei Herzberg faktore wat werksprestasie verhoog - die motiveerders. Hulle hou gewoonlik verband met die aard van die werk en die inhoud daarvan. Dit behels die volgende:

- Prestasie, byvoorbeeld: Suksesvolle voltooiing van 'n taak;
- Erkenning vir wat bereik word/is;
- Die werk self - of dit uitdagend, interessant en betekenisvol is;

- *Vordering of groei;*
- *Verantwoordelikheid.*

Hierdie faktore, indien die werknemer dit uit sy werksituasie kry, is volgens Herzberg geneig om hoër motivering en werksprestasie tot gevolg te hê.

5.1.3.2 "Higiëne" - of Instandhoudingsfaktore

Hierdie faktore het die effek om mense te bevredig eerder as te motiveer en sluit die volgende in:

- *Ondernemingsbeleid;*
- *Toesighouding;*
- *Interpersoonlike verhoudings;*
- *Salaris;*
- *Status;*
- *Werktoestand; en*
- *Werksekuriteit.*

Indien werkers dié faktore onaanvaarbaar vind, sal hulle ongelukkig en ontevrede wees en geneig wees om minder produktief te wees - dus ook minder gemotiveerd.

Herzberg meen dat die oplossing van motivering geleë is in die taak- of werksomgewing en ontwerp van die werk self. Hy beklemtoon taakverryking om dit meer uitdagend, interessant en betekenisvol vir die werknemer te maak. Hy herken só die belangrikheid van persoonlike doelwitte. (Meegaande diagram stel genoemde drie teorieë in perspektief.)

Alhoewel baie kritiek op die teorie gelewer word is die teorie tog waardevol veral vanweë die klem wat geplaas is op werksbevrediging wat te vinde is in die taak self.

Met bogenoemde teorie - die van Herzberg - word afgesluit met die inhoudsteorieë. Vervolgens 'n bespreking van drie prosesteorieë.

5.1.4 Vroom se verwagtingsteorie

*In Vroom se benadering (soos per meegaande diagram) word daar gekonsentreer op doelwitte en uitkomst (resultate) eerder as interne behoeftes. Motivering word dan gesien as 'n funksie waar drie faktore, naamlik die sterkte of **verwagting** van 'n doelwit, die voorsiene vermoë om die verlangde gedrag te openbaar (**instrumentaliteit**) en die voorsiene moontlikheid dat die gedrag tot doelwitbereiking sal lei (**valensie**.)*

5.1.4.1 Verwagting

Die poging wat 'n persoon sal aanwend om 'n eerstevlak uitkoms te bereik, so meen Gerber et. al (1987: 3-12), word beïnvloed deur sy of haar verwagting dat daardie uitkoms sal realiseer. Die mate waartoe sukses voorsien word, sal die intensiteit van die poging bepaal. Verwagting kan dan omskryf word as 'n oortuiging van die moontlikhede dat 'n besondere handeling of poging gevolg sal word deur 'n besondere uitkoms. Dit is dus 'n poging - tot - prestasie verhouding, gegrond op die individu se siening van sy/haar moontlike sukses.

5.1.4.2 Instrumentaliteit

*Die bereiking van 'n eerstevlak uitkoms kan dalk opsigself niks vir 'n persoon beteken nie. Dit kan dalk bydra tot die bereiking van 'n tweedevlak uitkoms of - vergoeding. Instrumentaliteit is die graad van oortuiging dat die eerstevlakuitkoms (**prestasie**) aanleiding sal gee tot die verkryging van 'n tweedevlakuitkoms (**vergoeding**) - dus 'n prestasie - tot - uitkoms verhouding.*

5.1.4.3 Valensie

Valensie dui op die verwagte tevredenheid wat op 'n uitkoms sal volg, eerder as die onmiddellike tevredenheid wat dit verskaf. Valensie is die sterkte van 'n individu se voorkeur vir 'n uitkoms.

Hierdie teorie is ingewikkeld, sê Gerber (1987:11), maar dit kan saamgevat word deur te sê dat individuele prestasie - ingesteldheid bepaal word deur motivering, persoonlike vermoë en die omgewing waarin die individu funksioneer.

In die verwagtingsteorie word die aanname gemaak dat motivering tot 'n sekere poging lei en dat die poging, individuele vermoë en omgewing 'n sekere prestasie tot gevolg het. Die individu heg aan elke uitkoms 'n bepaalde waarde of voorkeur.

5.1.5 Adams se gelykheidsteorie

Dié teorie berus op die aanname dat motivering beïnvloed word deur die mate van gelykheid wat 'n werker in die werksituasie ervaar. Indien 'n werknemer dink dat sy pogings van dieselfde hoeveelheid en gehalte laer aangeslaan word as die van sy mede werkers in terme van vergoeding, sal hy ontevrede wees en probeer om die waargenome ongelykhede uit te skakel. Die graad van ongelykheid word bepaal deur die verhouding van 'n werknemer se inkomste (vergoeding) tot insette (poging) te vergelyk met die van 'n ekwivalente kollega.

5.1.5.1 Inset - uitsetfaktore

Insette sluit enigiets in wat die werknemer as 'n belegging in die werk beskou en 'n sekere opbrengs verdien. Dit sluit in vaardighede, opleiding, opvoeding, vorige ondervinding en poging ("effort").

Uitsette is enige iets wat 'n werknemer kan beskou as 'n opbrengs (vergoeding) uit die werksituasie, wat positief of negatief kan wees. Dit sluit in salaris, interaksie, werksbevrediging, bevredigende toesighouding, senioriteitsvoordele en status in die onderneming.

5.1.5.2 Die ongelykheidsvergelykingsproses

Die werknemer se huidige posisie word nie net met dié van sy medewerkers vergelyk nie, maar ook met waar hy was in 'n vorige of ander onderneming. In die proses kan die werknemer dan bevind dat hy òf gelyke -, òf onder - of oorvergoeding ervaar, afhangende van die feit of hy dieselfde, laer of hoër salaris as sy kollegas ontvang.

Die gelykheidsteorie impliseer dus dat probleme met die prestasie-ingesteldheid van werknemers ontstaan wanneer hulle glo dat hulle nie gelykwaardig vergoed word nie.

5.1.6 Die Porter en Lawler model

Dié model (soos per meegaande illustrasie) is ontwikkel aan die hand van 'n ondersoek van verwantskap tussen bevrediging (tevredenheid) en produktiwiteit - na aanleiding van die algemene geloof (daargestel met die Hawthorne studies) dat tevredenheid lei tot prestasie. Hierdie model veronderstel dat prestasie lei tot tevredenheid en die veranderlike van vergoeding "inmeng" in prestasie en bevrediging.

Die uitgangspunt in Porter en Lawler se model is dat persepsies van beloning - en hoe dit gekommunikeer word - asook hulle vergelykbaarheid, prestasie bepaal. Die model is dus nie soveel verskillend van die van Vroom nie. Tewens, dit verskil ook nie te veel van Maslow en Mc Clelland se benaderings nie. Die klem wat op intrinsieke en ekstrinsieke waardes geplaas word en die onderskeid wat tussen hulle getref word, is veral van belang.

Of daar nou ook al gekyk word na die omskrywing van behoeftes soos gesien deur Maslow, Herzberg, Mc Clelland of enige ander teoretikus, is van sekondêre belang sê Nasser et. al. (1977: 37). Wat van belang is, is die aanvaarding van die aard en behoeftes en om voorsiening te maak vir die uitdrukking en gevolglike bevrediging daarvan.

Ongeag die aspirasies of behoeftes van die individuele werknemer, bevrediging is en bly afhanklik van die gedrag en handeling van die oorgeskikte persone (bestuur). Indien bestuur faal in die inagneming van werknemerbehoefte, kan 'n situasie ontwikkel waar werknemers negatief reageer op die funksionering en doelwitte van die organisasie.

5.2 'N MODEL VAN MENSLIKE GEDRAG:

Meegaande gedragsmodel dien as basis vir die beskrywing van menslike gedrag. Wanneer ons praat van gedrag, moet onderskeid getref word tussen onwillekeurige en willekeurige gedrag. Onwillekeurige gedrag is daardie gedrag waarvoor die individu baie min bewuste beheer het, soos byvoorbeeld refleksie. Willekeurige gedrag is dan die meerderheid van die menslike gedrag wat die individu doelbewus of onbewus kies om te openbaar - dit is dus willekeurig en totaal voorafbepaal van binne die individu. Die gedrag is die belangrikste vorm van menslike gedrag en sal hier toegelig word.

*Die model van Sanford (soos aangehaal in Lewis 1987: 80) word vervolgens bespreek. Die model dui aan wat motivering is en hoe dit verband hou met gedrag. Interne behoeftes lei tot 'n gemis en begeerte, wat op hulle beurt gedrag stimuleer. Hierdie aksie is gerig op doelwitbereiking. **Ons raak bewus van hierdie doelwitte deur die proses van kommunikasie.***

5.2.1 Behoeftes:

Alle mense het inherente behoeftes wat spanning veroorsaak en hulle stimuleer tot aksie gerig op die bevrediging van die behoeftes om die spanning te verlig. Behoeftes het hulle oorsprong in die biologiese- en sosio-psigologiese samestelling. Behoeftes wat ontstaan

uit die biologiese samestelling van die mens word basiese- of primêre behoeftes genoem, terwyl dit wat van sosio-psigologiese oorsprong is, sekondêre - of hoër orde behoeftes genoem word. Hulle kom in feitlik onbeperkte getalle voor, wat dit bykans onmoontlik maak vir enige mens om op 'n bepaalde tydstip al sy behoeftes te bevredig - **daar sal altyd behoeftes wees om 'n individu tot aksie te stimuleer.**

Primêre behoeftes sluit die behoefte aan kos, water, suurstof en beskerming van die elemente in (behoefte van die liggaam), terwyl **sekondêre behoeftes** meer behoeftes van die gees en verstand insluit, soos **kommunikasie**, selfverwesenliking, erkenning en sosiale verkeer. **Sekondêre behoeftes** deel 'n wyer veld en het 'n baie groter invloed op menslike gedrag as primêre behoeftes. Primêre behoeftes moet gereeld bevredig word (byvoorbeeld behoefte aan kos), terwyl dit nie die geval is by sekondêre behoeftes nie. Primêre behoeftes mag op enige tydstip relatief goed bevredig wees, terwyl sekondêre behoeftes nooit werklik volledig bevredig kan word nie.

Die intensiteit van behoeftes wissel tussen persone - en ook binne 'n bepaalde persoon oor die verloop van 'n tydperk - die verskynsel het ook 'n definitiewe invloed op gedrag. Die hoeveelheid energie wat 'n individu bereid is om in te sit om 'n bepaalde behoefte te bevredig, sal dan ook verband hou met die sterkte van die spesifieke behoefte wat hy wil bevredig.

5.2.2 'n Gemis ("want") en begeertes

Gedrag is gerig op die bevrediging van behoeftes. Behoeftes word egter meestal uitgedruk in die vorm van 'n gemis aan of 'n begeerte van 'n persoon. Alhoewel behoeftes, begeertes en 'n gemis nou aanmekaar verwant is, is hulle beslis nie dieselfde nie. Behoeftes is meer basies, en begeertes 'n gemis wat beleef word, vloei daaruit voort. So sal die gemis by 'n persoon en die begeerte van 'n persoon, grootliks van dié van 'n ander persoon verskil - al sou hulle uit basies dieselfde behoefte bestaan. As die behoefte wat ervaar word 'n behoefte aan kos is, sal elke persoon tog immers nie 'n begeerte aan dieselfde kos hê of 'n gemis aan dieselfde drank ervaar nie!

Anders as by behoeftes, lei begeertes en 'n gemis nie altyd tot aksie nie, aangesien 'n gemis en begeertes op meer as een behoefte - terselfdertyd - van toepassing kan wees. Tog lei die sterker begeertes en gevoelens van 'n gemis tot aksie, wat doelwitgerig is en behoeftes bevredig.

5.2.3 Gedrag

Die derde en mees belangrike element van die model is gedrag. Gedrag kan omskryf word as aksie - verstandelik of fisies - wat die mens neem ter bereiking van doelwitte en bevrediging van behoeftes. Dit is belangrik om daarop te let dat feitlik alle gedrag wat ons daagliks waarneem die gevolg is van behoeftes ("needs"), begeertes ("desires") en die gevoel van 'n gemis ("wants") en dat hulle gerig is op die bereiking van doelwitte wat tot bevrediging sal lei.

*Gedrag is ook die uiting en gebruik van die individu se vermoëns soos denke en **kommunikasie**. Individue het vermoëns sowel as behoeftes en hulle vermoëns word dan ingespan in 'n poging om hulle behoeftes te bevredig. Gedrag het dus nie net behoeftebevrediging as doelwit nie, maar is die wyse waardeur individue hulle vermoëns inspan en vertoon.*

5.2.4 Doelwitte en bevrediging

Lewis (1987: 82) sê: "Those things individuals have received information about which might satisfy their needs and reduce tension are referred to as 'goals' "

Doelwitte mag een van drie vorme, of 'n kombinasie daarvan, aanneem naamlik: Dit mag 'n objek wees, mag 'n kondisie of toestand wees of mag 'n aktiwiteit wees. Doelwitte kan dus op verskillende maniere gestel word. Doelwitte is nou geskakel aan begeertes en 'n gevoel van 'n gemis. Hulle word "buite" die individu aangetref, maar word gesien as die moontlike bevrediging van interne behoeftes, begeertes en gevoel van 'n gemis.

Aangesien geen twee persone presies dieselfde leerervaringe deur hulle lewens deel nie, sal die bevrediging wat hulle uit die bereiking van dieselfde doelwit put ook verskil. Die relatiewe moeilikheidsgraad wat van toepassing is op die bereiking van 'n doelwit, sal gewoonlik die mate van bevrediging bepaal wat 'n individu uit die bereiking daarvan put.

5.3 DEFINIËRING VAN MOTIVERING

Lewis (1987:79) omskryf die begrip motivering as volg: "Motivation refers to a stimulated state of the individual. It is an inner state which causes individuals to exhibit behaviour directed towards goals. The stimulated state occurs because people have needs that they seek to satisfy. These needs are most often manifested as wants and desires. The wants and desires of individuals cause them to engage in behaviour, to do certain things and/or

*not do certain things, designed to attain goals that satisfy their wants, desires and needs. It is motivation, therefore, that causes and guides or directs behaviour. Since we have **needs** for interaction, motivation also causes us to **communicate** with others.*

Armstrong (1988: 120) meen: "Motivation is inferred from or defined by goal - directed behaviour. It is anchored in two basic concepts:

- a) the needs that operate within the individual and*
- b) the goals in the environment towards or away from which the individual moves. In its simplest form, the process of motivation is initiated by the conscious or unconscious recognition of an unsatisfied need. A goal is then established which, it is thought, will satisfy that need and a course of action is determined that will lead towards the attainment of the goal. But, as goals are satisfied, new needs emerge and the cycle continuous".*

Gerber et.al.(1987: 331) sê: "Motivering is dus die wyse waarop drange of behoeftes 'n persoon se gedrag tot 'n spesifieke doelwit rig en die intensiteit van die motivering van die bepaalde doelwit".

Cronje et.al.(1991: 119) meen dat motivering, uit die oog van die bestuurswese, gaan oor: "Die kennis wat bestuur oor die innerlike behoeftes van ondergeskiktes moet hê en die bevrediging van daardie behoeftes op só 'n wyse dat hulle gedrag in die rigting en ter bereiking van die ondernemingsdoelwitte beïnvloed word".

Die begrip motivering omvat dus drie duidelik afgebakende elemente, naamlik: aanwakkering van behoeftes, menslike gedrag en doelwitbereiking. Die mens reageer om menslike gedrag "vry te stel" op grond van 'n behoefte wat aangewakker is en waarvan die bevrediging die doelwit is. Die wisselwerking tussen hierdie innerlike menslike aktiwiteite blyk duidelik uit die volgende:

- Menslike gedrag spruit direk voort uit menslike behoeftes.*
- 'n Onbevredigde drang veroorsaak die vrystelling van energie.*
- Die vrystelling van energie lei tot sekere gedrag.*
- Die gedrag is gerig op 'n doelwit wat die behoefte sal bevredig.*

Diagrammaties kan bogenoemde voorgestel word in die meegaande fundamentele motiveringsmodel wat ontleen is aan Griffin (1987: 389).

5.4 MOTIVERING IN DIE ORGANISASIE

Bestuur werk met, en deur, mense om die onderneming se doelwitte te bereik. Mense is egter kompleks en dikwels irrasioneel in hul gedrag, dit wil sê hulle motiewe is nie altyd maklik peilbaar nie. Hoe beter bestuurders dan gedrag en die motief of beweegrede tot gedrag verstaan, hoe beter kan hulle die gedrag van ondergeskiktes só beïnvloed dat dit tot die bereiking van die onderneming se doelwitte sal lei. Omdat produktiwiteit en uiteindelik winsgewendheid van die onderneming, 'n funksie van die organisasielede se gedrag is, volg dit dat die suksesvolle beïnvloeding van hierdie gedrag die sleutel tot hoër produktiwiteit is. (Sien meegaande model).

Die mens as werknemer het vele behoeftes. Deur energie in die werk vry te stel, stel mense hulle self in staat om die algemeenste behoeftes te bevredig - om 'n salaris te verdien en met dié te betaal vir die bevrediging van sulke behoeftes. Mense werk egter nie net om dié rede nie, maar ook omdat werk 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van selfagting en 'n eie identiteit. Die werk wat 'n mens doen bepaal dan ook tot 'n mate hul status in die gemeenskap en met wie hulle assosieer. 'n Wye reeks behoeftes word bevredig deur werk - die belangrikste is die behoefte aan affiliasie, sukses, mag, beheer, trots en status.

In die werksituasie is dit belangrik dat die individu sal weet waar hy inpas en wat van hom verwag word - daarom is die kommunikasieproses van soveel belang. Die doelwitte van die organisasie moet aan hom oorgedra word en ook die feit dat die organisasie sy volle betrokkenheid benodig en die beste gebruik sal maak van sy beskikbare kennis en ondervinding - wat die werker weer op sy beurt deur die proses van kommunikasie aan bestuur moet oordra.

Bestuur moet dan poog om 'n aansluiting te vind tussen die behoeftes van die werknemers en die organisasie - hoe groter die oorvleueling van die behoeftes, hoe groter is die kans dat hulle gesamentlike doelwitte sal nastreef.

Nasser (1977: 37) sê: "No matter what the individual employee's aspirations or needs are, their satisfaction remains dependent upon the behaviour and attitudes of his superior".

Dit blyk baie duidelik dat bestuur se suksesvolle hantering van sy/hul taak saamhang met 'n grondige kennis van die behoeftes van ondergeskiktes en die vermoë om hulle tot hoër produktiwiteit aan te spoor deur kennis van die proses van motivering. Die saak word vervolgens bespreek:

5.5 HOE DIE KENNIS VAN MENSLIKE BEHOEFTE EN MOTIVERING, BESTUUR TOT VOORDEEL KAN STREK

In hoofstuk twee reeds is daar aangetoon dat die doelstellings, verantwoordelikhede, regte en pligte van werknemers en bestuur verskil, maar tog ook sekere positiewe raakvlakke of ooreenkomste toon. Die stelling is gemaak dat konflik inherent is aan die werknemer/bestuur – verhouding, tog is daar ook klem geplaas op die positiewe aanwending daarvan deur bestuur en hoe konflik bestuur kan word.

*Een van die belangrikste punte wat egter gemaak moet word, is dat bestuur en werknemer in die organisasie onderling afhanklik is van mekaar en **dat die verhouding gebou word deur die proses van kommunikasie** - 'n proses wat in hoofstuk drie breedvoerig bespreek is.*

*Ten einde 'n vertrouensverhouding met werknemers daar te stel, is dit nodig dat bestuur die werknemer en sy besondere behoeftes deeglik leer ken. **Die kennis kan opgedoen word deur effektiewe kommunikasiestrukture daar te stel sodat op- en afwaartse sowel as horisontale kommunikasie kan plaasvind.***

Kennis van die verskillende motiveringsteorieë sal beslis bydra tot die verhoging van organisatoriese doeltreffendheid. Vervolgens die teorieë soos bespreek onder punt 4.1 hierbo.

5.5.1 MASLOW SE BEHOEFTERANGORDE

Mol (1984) sê: “Maslow se teorie het 'n paar baie belangrike implikasies vir die bestuur, naamlik dat daar eers in die laer-ordebehoefte voorsien moet word voordat hoër - ordebehoefte 'n invloed begin uitoefen. In Suid-Afrika gaan baie bestuurders van die standpunt uit dat ongeskoolde of halfgeskoolde arbeiders nog in die posisie is dat daar nie in hulle laer-ordebehoefte voorsien is nie. Die feit dat vakbonde dikwels aspekte soos lone, werksekuriteit en werksomstandighede beklemtoon, versterk hierdie opvatting ...”. Hy gaan egter verder: “Tog is dit so dat selfs by ongeskoolde arbeiders daar 'n groot mate in die basiese behoeftes voorsien is en dat hulle ook deur die behoefte aan selfrespek beïnvloed word”. Bestuur moet beslis hiervan kennis neem! (Meegaande model poog om te illustreer hoe Maslow se model prakties toegepas kan word).

*Sosiale behoeftes kan in 'n groot mate in die werksituasie bevredig word - veral as daar omgesien word na **die behoefte aan doeltreffende kommunikasie** en geleentheid vir*

vrye interaksie tussen werknemers.

Selfagting en selfrespek is 'n funksie van die soort werk wat mense doen - interessante, uitdagende en betekenisvolle werk voorsien 'n stewige grondslag vir die verhoging van prestasie (Gerber a.w.: 336).

Indien die werk wat 'n mens doen opsigself 'n bron van behoeftebevrediging is, word die werknemer grootliks selfregulerend en die nut van eksterne aansporings, as motiveerders, vervaag.

5.5.2 HERZBERG SE TWEEFAKTOR-MOTIVERINGSTEORIE

*Herzberg meen dat die oplossing van motiveringsprobleme in die organisasie te vinde is in die ontwerp van die werk self en veral in taakverryking, om dit meer uitdagend, interessant en betekenisvol te maak. Hy was dan ook een van die eerste mense wat die belangrikheid van persoonlike doelwitte herken het. Hy identifiseer dan **intrinsieke doelwitte** (wat hy motiveerders noem) en **ekstrinsieke doelwitte** (wat hy bevredigers noem). Hy sê dan dat motivering spruit uit die aard van die werk en bevrediging uit sekere toestande rondom die werk. Dit blyk dan dat bestuur op die motiveerders eerder as die bevredigers moet konsentreer ten einde verhoogde prestasie te verseker. (In meegaande model word hierdie teorie met die van Maslow vergelyk).*

5.5.3 MC CLELLAND SE TEORIE

Die drie dimensies van dié teorie hou die volgende vir bestuur in:

Individue wat 'n hoë behoefte aan prestasie het word gekenmerk deur die volgende:

- *Hulle verkies om probleme aan te pak en op hulle eie af te handel. Hulle verkies situasies waarin hulle alleen die verantwoordelikheid vir die oplos van probleme of afhandeling van 'n taak moet aanvaar.*
- *Hulle voel aangetrokke tot situasies waarin hulle vinnige terugvoer kan ontvang op hulle prestasie - hulle wil deurlopend weet hoe goed hulle vaar.*
- *Hulle stel doelwitte wat gemiddelde risiko waarde het, sodat hulle 'n groot mate van sekerheid kan hê om sukses te behaal.*

Individue wat 'n sterk behoefte aan affiliasie het:

- *Benodig ander vir ondersteuning - hulle haat dit om alleen en verstote te voel en sal alles doen om werksharmonie te verseker.*
- *Glo dat werksprestasie ondergeskik behoort te wees aan nabyheid en vriendelikheid teenoor ander. Om vriende te hê in tye van nood, is van groot belang.*
- *Glo dat bevrediging ontleen word aan aanvaarding en gewildheid in die groep. Konflik moet ten alle koste voorkom en vermy word.*

Individue wat 'n sterk behoefte aan mag het:

- *Poog om andere direk te beïnvloed.*
- *Poog om leiersposisies in groepaktiwiteite te beklee.*
- *Word deur ander gesien as kragdadig en uitgesproke, maar ook hardekop en veeleisend.*
- *Hulle verkies posisies wat hulle in staat stel om hulle behoefte aan mag uit te oefen.*
- *Hulle verkies posisies wat dit moontlik maak om ander te beheer.*
- *Hulle is dikwels te vinde in die politieke arena.*

Uit bogenoemde blyk dit dat baie feite na vore kom wat die bestuurder goed kan gebruik, mits hy kennis van die teorie het. Dit is nodig, selfs noodsaaklik, as hy sy werknemers wil ken ten einde aan hulle behoeftes te voldoen tot voordeel van die werknemers asook die organisasie.

5.5.4 VROOM SE VERWAGTINGSTEORIE

*'n Individue se **verwagting** om 'n eerstevlak uitkoms te bereik, word beïnvloed deur 'n aantal veranderlikes soos die werk self, vorige ondervinding in soortgelyke situasies, die individuele selfagting en selfbeeld en **kommunikasie**. Bestuur kan egter hierdie veranderlikes beïnvloed deur byvoorbeeld opleiding en taakontwerp in te stel wat 'n werknemer se verwagting kan verander.*

***Instrumentaliteit** kan ook deur bestuur beïnvloed word deur 'n vergoedingstelsel en bevorderingsbeleid (tweedevlakuitkoms) in te stel wat duidelik aan prestasie (eerstevlakuitkoms) gekoppel is. Die veranderlikes, verwagting en instrumentaliteit, kan dus geredelik deur bestuur aangepas word.*

Valensie verskil egter, aangesien dit bepaal word deur persoonlike voorkeure en individuele verskille. Bestuur kan egter poog om individuele voorkeure af te stem op die beskikbare uitkomst.

5.5.5 ADAMS SE GELYKHEIDSTEORIE

Ongelykheid het ontevredenheid tot gevolg - dit lok spanning tussen en by werknemers uit. Werknemers sal ook aangespoor word om die ongelykheid uit te skakel of te verminder en wel as volg:

- Die werknemer kan sy of haar insette verander - deur dit te verhoog of te verlaag.
- Die werknemer kan op subtiele wyse sy of haar insette en uitsette verdraai ("distort").
- Die werknemer kan ontrek - deur afwesigheid, of bedanking, of deur te vra vir 'n verplasing.
- Die werknemer kan reageer op die vergelykbare werknemer deur sy of haar insette - dis nou die vergelykbare werknemer s'n - te verdraai.
- Die werknemer kan die onderwerp van vergelyking verander - deur hom/haar te vervang met 'n ander meer vergelykbare persoon.

Bestuur moet deeglik bewus wees hiervan en vergelykbare salarisse betaal, aldus Gerber et.al. (1987: 344 - 347).

Nasser et.al.(1977: 37) sê: "Whether these needs are defined in terms of Maslow's hierararchy, Herzberg's two factor theory, Mc Clelland's need structure or any other categorization is of secondary concern. The core issue is one of recognizing their nature and their legitimacy and allowing for the expression and hence satisfaction of these needs".

Gerber et.al. (1987: 349) haal Milton aan waar verskeie riglyne vir bestuur voorgehou word vir die kweek van gemotiveerde werknemergedrag. Hulle is die volgende:

- Ken die basiese behoeftes van werknemers en die motiveringsprosesse;
- Plaas die motiveringsproses in ondernemingsverband;
- Onthou dat individue van mekaar verskil;
- Leer die werknemers as unieke individue ken;
- Wees op die uitkyk vir aspekte wat bestaande behoeftebevrediging bedreig; en
- Bevorder veranderings wat behoeftes kan bevredig.

Dit is vanselfsprekend dat bogenoemde riglyne slegs afgelei kan word, en ook toegepas kan word, as effektiewe kommunikasie plaasvind.

5.6 DIE IMPLIKASIES VIR ORGANISATORIESE KOMMUNIKASIE

*Bestuur kan slegs bewus raak, en wees, van **werknemers se behoeftes** as daar **kommunikasie** tussen dié groepe plaasvind.*

*Dat kommunikasie 'n groot rol speel in dié verband, word deur Sanford (1976: 93) as volg opgesom: "Perhaps the most obvious implications that the above concepts and theories have for organizational communication deal with individual satisfaction and communication climate. Much of the need satisfaction people seek in organizations is actually achieved through interaction (**communication**) with others. In turn, **the degree to which people experience satisfaction in organisations would seem to affect their attitudes towards effective communication. In other words, the degree to which people experience satisfaction influences their willingness (communication climate) to communicate**".*

*'n Mens sou verder hierby kan voeg dat **waaroor** mense sou wou praat, van die uiterste belang is - die **behoefte aan kommunikasie** dus, sowel as 'n **gerigtheid op die inhoudelike** van dit waaroor gepraat wil word.*

In die volgende hoofstuk word die bepaling van kommunikasiebehoefte, by werknemers en bestuur, breedvoerig bespreek en word die resultaat tot 'n vraelys gereduseer. Hierdie vraelys word dan aan werknemers en bestuur voorgelê ten einde hulle reaksie daarop te bepaal. So word dan getoets of daar ooreenkomste tussen die groepe se behoeftes bestaan. Daar word gebruik gemaak van die NERV-matriks van Mc Lauren om informasie te orden in 'n vraelys, die vraelys word voorgelê aan werknemers en bestuur en die informasie word aan die hand van 'n sagteware pakket (Statistica) verwerk en afleidings word gemaak en bespreek.

HOOFSTUK 6: BEPALING VAN KOMMUNIKASIEBEHOEFTE

6.1 IDENTIFISERING VAN KOMMUNIKASIEBEHOEFTE UIT DIE LITERATUUR :

In die voorafgaande hoofstukke is aandag gegee aan die organisasie, kommunikasie binne die organisasie, konflik wat daaruit voortvloei en hoe om dit te bestuur , sowel as menslike behoeftes en motivering. Daar is klem gelê op die belangrikheid van al hierdie aspekte in organisatoriese verband en die rol wat kennis hiervan kan speel by verbetering van die doeltreffendheid van 'n organisasie. Bestuur kan slegs bewus raak, en wees, van werknemers se behoeftes as daar kommunikasie tussen hierdie groepe plaasvind. Vervolgens word daar dan oorgegaan tot die bepaling van hierdie behoeftes, met spesifieke klem op kommunikasiebehoeftes, soos ons dit in die organisasie aantref by werknemers en bestuur.

In 'n artikel Beyond Employee Publications (Julie 1989) haal McCathrin vir D'Aprix van Towers, Perrin, Foster en Crosby aan waar hy aanvoer dat werknemers die volgende behoeftes het: "Their hierarchy of needs in relation to their employing organization starts with the question: "What am I expected to do on this job?" and "Am I performing appropriately?", quickly followed by "Does anyone care about me in this organization?" These are followed by the "we" questions: "What are we up to?" and "how are we doing?" "What is our charter and how does that charter match up to other functions?" Only if all these primary questions have been answered satisfactorily, will the employee ask: "How can I help?"

Bogenoemde vrae of behoeftes word duidelik uiteengesit in meegaande Kommunikasiebehoefte-wiel - oorspronlik van D'Aprix, aangepas uit 'n model wat deur Suid Afrikaanse Brouerye gebruik word. Hierin word ook reeds verwys na moontlike behoeftes en kommunikasiekanale om in die behoeftes aan kommunikasie te voorsien.

Inversion, van Nucor (V.S.A.), soos aangehaal deur Tomkins (1993:37), noem die volgende behoeftes:

- *"Every employee must be aware of exactly what is expected of him or her;*
- *Every employee must have an understanding of the rewards, and these are formalized in writing;*
- *Every employee has to know where to go for help;*

- *Every employee (must be) encouraged to participate, to offer his or her ideas on all aspects, including production; and*
- *Every employee deserves feedback on “how I, my group, and the company are doing”*

In ‘n studie deur die Human Sciences Laboratory van die Kamer van Mynwese word die volgende as voorvereistes vir effektiewe kommunikasie gestel”.

“A full understanding by each employee of:

- ❖ *the Company goals and objectives*
- ❖ *the Company organizational structure and in particular his own areas of responsibility and authority*
- ❖ *policies, procedures, regulations and the reasons for them*
- ❖ *major problems perceived by the organization and specifically what each can do to aid in the solution of these problems; and*
- ❖ *full and up to date information on whatever lies ahead.”*

*In ‘n verdere studie, ook deur dieselfde organisasie, sê Hooyberg (1987:26), dat daar sekere informasie is waaroor werkers **veronderstel is om te beskik**, sekere dinge is wat hulle **graag wil weet** en ander informasie **waaroor hulle moet beskik**. Dit word dan as volg uiteengesit:*

6.1.1 “Employees need to know”

“If employees are to enjoy job satisfaction and make their maximum contribution to the organisation they need to know:

- *the goals, objectives and policies;*
- *the degree to which the objectives are being realised, the obstacles which remain to be overcome;*
- *the future plans, particularly for their department - they need to know how these will affect them in terms of job security, promotion, transfers, benefits, etc.;*
- *the Company’s employee relations policies and practices and how these apply to them;*

- *the financial outlook of the Company, exactly what contributions they can make; and*
- *the Company's salary and benefit policy and how their salaries are determined."*

6.1.2 "Employees want to know"

- ❖ *how well they are doing;*
- ❖ *their personal prospects;*
- ❖ *that Management recognises and appreciates their contributions/suggestions;*
- ❖ *Management's position with regard to controversial social, political and economic issues such as removal of discrimination, etc.;*
- ❖ *That they are valued as human beings and that their feelings and opinions are given serious consideration; and*
- ❖ *The "why" of business decisions, especially those affecting them.*

6.1.3 "Employees should know"

- ❖ *the wage-profit relationship, the function of money and the erosion by inflation;*
- ❖ *the major social, political and technological changes which will affect their lives and the need to adapt to change;*
- ❖ *the problems of domestic and international pressures, and how these affect the Company and the employees' lives;*
- ❖ *the philosophy of the free market place and the need to improve qualifications and subsequent opportunities; and*
- ❖ *what happens in their immediate environment*

Armstrong (1987:370-372) is baie duidelik in sy uitsprake oor wat bestuur wil sê en wat werknemers wil hoor:

6.1.4 "What management wants to say"

"What management wants to say will depend upon an assessment of what employees need to know which will, in turn, be affected by what they want to hear. Management should aim to achieve three things: first to get employees to

*understand and accept what management proposes to do in areas that affect them; **second**, to get employees to act in the way management wants; and **third**, to get employees to identify themselves more closely with the company and its achievements and to help them appreciate more clearly the contribution they make to those achievements.”* Mc Cathrin(1987:23) vat die “Conference Board ” se bevindings in meegaande diagram mooi saam waar na werknemers se doelwitte ten opsigte van kommunikasie verwys word.

“Communications from management should therefore be about plans, intentions and proposals (with the opportunity for feedback from employees) as well as about achievements and results. Exhortations should be kept to a minimum if used at all. No one listens to them. It is better to concentrate on specific requirements rather than resorting to general appeals for such abstract things as improved quality or productivity. The requirements should be phrased in a way which emphasizes how all concerned will actually work together and the mutual benefits that should result.”

6.1.5 “What employees want to hear”

“Clearly, employees want to hear and to comment upon the matters that affect their interests. These will include changes in working methods and conditions, changes in the arrangements for overtime and shift working, company plans which may affect pay or security, and changes in terms and conditions of employment. It is management’s job to understand what employees want to hear and plan their communications strategy accordingly. Understanding can be obtained by making formal inquiries, by means of attitude surveys, by asking employee representatives, by informally listening to what employees say, and by analysing grievances they express to see if improved communications could modify them.”

Gerber et.al. (1987:163) gee ‘n mooi insig in die informasie - of kommunikasiebehoefte van werknemers en bestuur in sy bespreking van die induksieprogram: “Die induksieprogram moet so ontwerp word dat dit aan die behoeftes van sowel die onderneming as die nuwe werknemer sal voldoen. Die behoeftes van die onderneming is gerig op die maak van wins, wat beteken dat die onderneming wil hê die nuwe werknemer moet so gou moontlik ‘n produktiewe bydrae tot wins lewer. Nuwe werknemers, daarenteen, is meer geïnteresseerd in vergoeding, voordele en voorwaardes van indiensneming. Daar moet veral sorg

gedra word dat 'n gesonde balans gehandhaaf word tussen die behoeftes van die onderneming en die van die nuwe werknemer.”

'n Indusksieprogram, wat 'n algemene oriëntasie tot die werksaamhede van die onderneming voorsien, kan die volgende insluit:

- **'n Oorsig van die onderneming:** Geskiedkundige oorsig van die ontstaan van die onderneming, sy doelstellings, norme, standaard, filosofie, organisasiestruktuur, produkte, dienste en die werkomgewing;
- **'n Oorsig van beleid en prosedures:** Hoe om te kommunikeer; hoe om die produk/diens by die verbruiker te kry en die bestuursfilosofie;
- **Vergoeding:** Salarisse en salarisskale, oortydvergoeding, bonusse, vergoeding tydens verlof en hoe vergoeding geskied;
- **Byvoordele:** Versekering, mediese voordele, werkloosheidsversekering, verlof; aftreevoordele, kafeteria- en ontspanningsfasiliteite;
- **Veiligheid:** Gesondheid- en noodhulpklinieke, veiligheidsmaatreëls vir die voorkoming van ongelukke, rapportering van ongelukke, gebruik van alkohol en dwelms aan diens en die dra van veiligheidsuitrusting;
- **Arbeidsverhoudings:** Werknemerregte en –verantwoordelikhede, werknemerorganisasies, indiensenemingsvoorwaardes, grieweprosedures, dissipline, kanale van kommunikasie en diensbeëindiging;
- **Fasiliteite:** Kafeteriadienste, parkering, ruskamers en voorrade;
- **Ekonomiese faktore:** Die koste van diefstal, werkafwesigheid, ongelukke, laat begin werk, toerusting, arbeid en winsmarges.

'n Indusksieprogram wat nuwe werknemers spesifiek ten opsigte van die taak wil oriënteer, sal moontlik die volgende insluit:

- **Funksies van die departement/afdeling:** Doelstellings; organisasiestruktuur; aktiwiteite in departement/afdeling, verhouding van funksies tot ander departemente/afdelings, verhouding van take tot mekaar binne die departement/afdeling;
- **Take en verantwoordelikhede:** Gedetailleerde uiteensetting van die taak gebaseer op posbeskrywing, verduideliking van die belangrikheid van die taak, verduideliking van prestasiestandaard, werkure en oortyd, vorms, rekords en verslae wat voltooi moet word, verkryging en instandhouding van gereedskap, verduideliking van algemene probleme in die werksituasie;

- **Beleid, prosedures, reëls en regulasies:** Reëls uniek aan die taak, veiligheidsvereistes en ongeluksvoorkoming, rapportering van ongelukke, rapportering vir diens, rusperiodes en etenstye, gebruik van die telefoon in private gesprekke, aanvra van voorrade, verhouding met die publiek;
- **Besigtiging van die werkplek:** Ruskamers, noodhulp, rapportering vir diens, sluitkaste, goedgekeurde in- en uitgange, voorradekamer en instandhoudingsdepartement;
- **Bekendstelling aan werknemers:** Bekendstelling aan kollegas in die afdeling/departement, bekendstelling aan werknemers in ander afdelings/departemente.

Benewens die verbale induksie is dit wenslik om die nuwe werknemer te voorsien van geskrewe materiaal in die vorm van 'n handleiding om die verbale program te ondersteun. In hierdie geskrewe dokument moet nie net essensiële inligting verskaf word nie, maar items soos die organisasiekaart, die ondernemingsbeleid, 'n proseduregids en die telefoonnommers van sleutelpersoneel. 'n Kopie van die nuusbrieff kan ook ingesluit word.

In hierdie uiteensetting dek Gerber al die informasie wat 'n werknemer benodig om so spoedig moontlik deel te word van die organisasie en so 'n produktiewe en ingeligte bydrae ter bereiking van eie en organisatoriese doelwitte.

In 'n studie wat onderneem is deur Market Research Africa (soos gerapporteer in People and Profits, 1986:8) is werknemerbelangstelling/behoefte ten opsigte van informasie as volg gerapporteer – sien meegaande tabel.

Bogenoemde ondersoek, asook die voorafgaande artikels, bring 'n hele aantal kommunikasiebehoeftes van veral werknemers na vore. Vervolgens 'n lys van hierdie behoeftes:

- (1) **Antwoorde, asook deurlopende informasie, ten opsigte van die volgende vrae:**
 - Wat is my pligte?

- *Hoe vaar ek?*
- *Gee iemand om?*
- *Hoe vaar ons?*
- *Waar pas ons in?*
- *Hoe kan ek help?*

(2) **Informasie oor:**

- *Toekomsplanne van die organisasie;*
- *Produktiwiteitsverbetering;*
- *Personeelbeleid en praktyk;*
- *Pos/werksverwante inligting;*
- *Bevorderingsmoontlikhede;*
- *Invloed van eksterne gebeure; en*
- *Hoe eie pos inpas by organisasie.*

(3) **Moet bewus wees van:**

- *Presies wat van hom/haar verwag word;*
- *Vergoeding gekoppel aan pos;*
- *Hoe hy, sy groepe en die organisasie presteer;*
- *Waar om vir hulp aan te klop; en*
- *Hoe om 'n betekenisvolle bydrae te maak.*

(4) **Werknemers benodig verder:**

- *Voldoende kennis van organisasie doelwitte en strategië;*
- *Kennis van organisasie se strukture;*
- *Kennis van sy eie verantwoordelikhede en gesag;*
- *Kennis van beleid, prosedures en regulasies en die redes daarvoor;*
- *Kennis van probleme wat die organisasie in die gesig staar en wat sy/haar rol is in die voorkoming daarvan; en*
- *'n Duidelike beeld van wat die toekoms vir hom en die organisasie inhou.*

Onder bogenoemde vier groeperings is kommunikasiebehoefte soos uit die literatuur blyk, saamgevat. Ten einde te verseker dat organisasie spesifieke

informatie ingewin word, is daar vervolgens ook 'n spesifieke behoeftebepaling gedoen met behulp van die kommunikasiematriks wat ontwikkel is deur Sue McLauren. Met gebruik van hierdie matriks is gekyk na die behoeftes, verwagtinge, regte en waardes ten opsigte van die werksituasie soos gesien deur beide bestuur en werknemers. Met dit as basisinformatie is daar dan kommunikasiebehoeftes vir beide bestuur en werknemers afgelei.

6.2 AANVULLING VAN KOMMUNIKASIEBEHOEFTE DEUR GEBRUIKMAKING VAN DIE NERV- KOMMUNIKASIEMATRIKS

6.2.1 Omskrywing

Die matriks en sy gebruik is in Maart 1991 deur Mac Laurin, van die Bell-Northern Navorsingsmaatskappy van Kanada, in die Training and Development Journal omskryf. Sy beskryf dit as 'n gebruikersvriendelike metode om seker te maak dat kommunikasie meer as net lippetaal is. NERV staan vir "Needs" (behoefte), "Expectations" (verwagtinge), "Rights" (regte) en "Values" (waardes) en is van toepassing gemaak op wat werknemers van die organisasie verlang en die organisasie (bestuur) weer van werkers. (Sien meegaande matriks).

Werkers (en bestuur) word gevra om, nadat elke begrip in die NERV- matriks deeglik gedefinieer en verduidelik is, die matriks te voltooi en só duidelik te omskryf wat die behoeftes, verwagtinge, regte en waardes is wat van die organisasie/bestuur verlang word. Die individuele response word bespreek, aangepas en indien nodig verander sodat 'n groepsrespons saamgestel kan word. Die bestuur weet dan presies wat die werknemers van die organisasie verlang. Bestuur gaan deur dieselfde oefening en die werknemers weet dan weer wat van hulle verlang word - byna 'n soort sosiale kontrak wat dan beskikbaar word vir gebruik in die organisasie.

6.2.2 Die vier elemente

Dit is noodsaaklik vir die betrokkenes om die elemente van die matriks saam te omskryf ten einde dieselfde verwysingsraamwerk te hê.

6.2.2.1 Behoeftes (“needs”)

Behoeftes word gesien as dit wat ’n werknemer/bestuurder benodig om sy/haar dagtaak effektief te kan hanteer. Behoeftes word gewoonlik in fisiese terme omskryf, bv. Rekenaartoerusting en materiaal - dit kan egter ook persoonlike vereistes insluit soos addisionele opleiding.

6.2.2.2 Verwagtinge (“expectations”)

Dit kan gesien word as ongeartikuleerde behoeftes soos bv. duidelike instruksies, ondersteuning, erkenning, ens.

6.2.2.3 Regte (“rights”)

Regte word gewoonlik in wette, regulasies, beleid en prosedures omskryf, bv. die Mineralewet, Beroepsgesondheid- en Veiligheidswet, Wet op Basiese Diensvoorwaardes, Die Wet op Arbeidsverhoudinge, Maatskappybeleid, Departementele reëls, ens.

Waar regte nie van toepassing is nie en werknemers/bestuur voel dat sulke regte behoort te bestaan, sal dit onder die element “verwagtinge” gelys word.

6.2.2.4 Waardes (“values”)

Dié element skep gewoonlik die grootste probleme vir die persone wat die matriks voltooi, aangesien dubbelsinnighede soms voorkom. Waardes word altyd positief omskryf en dien meestal om vertroue tussen die twee partye te bou. Waardes sluit in hardwerkendheid, betroubaarheid, eerlikheid, lojaliteit, netheid, stiptheid, objektiwiteit, kundigheid, regverdigheid, ens.

Ons sien hier dat die elemente van organisasiekultuur tot ’n baie hoë mate omskryf word. Dit sal beslis as saambindende faktor in die verhoudingsproses kan dien.

6.2.3 Toepassing van die matriks

Die volgende stappe word gevolg onder die leiding van 'n onafhanklike fasiliteerder:

- *Deelnemers verkry ooreenstemming met die definisies van die elemente en kry instruksies oor hoe die matriks voltooi moet word.*
- *Elke deelnemer voltooi sy of haar matriks onafhanklik.*
- *Onder leiding van die fasiliteerder kom die groep bymekaar ten einde die individuele response te kombineer.*
- *Deelnemers vervang of elimineer onduidelike en dubbelsinnige terme en voeg nuwes, wat deur dié proses na vore kom, by.*
- *Deelnemers neem kennis van veranderinge en nuwe insigte en bespreek dit. Hulle kom ooreen oor die finale groepsrespons.*

6.2.4 Samevatting

*Deur die NERV- kommunikasie matriks verkry werknemers en bestuur 'n duidelike beeld van die rol wat hulle in die organisasie vertolk en moet vertolk, asook verantwoordelikhede en verwagte optredes. **Dit word 'n verwysingsraamwerk vir toekomstige kommunikasie!***

Die matriks kan ook op 'n een-tot-een basis toegepas word, maar die beste resultate word in groepies van 10 - 15 persone verkry.

6.2.5 Resultate van die toepassings van die NERV-Matriks

6.2.5.1 Werknemers

6.2.5.1.1 Behoeftes:

- ❖ *Aanvaarbare werksruimte, bv. kantoor, werkswinkel ens.;*
- ❖ *Benodigde toerusting, soos gereedskap, rekenaar, voorlaaier ens.;*

- ❖ *Beskermende uitrustings, soos veiligheidsstewels, oorpak, harde hoed, bril, handskoene ens.;*
- ❖ *Deeglike posbeskrywing*
- ❖ *Toegang tot inligting, soos beleid, prosedures, standarde ens.;*
- ❖ *Begroting – toegang tot hulpbronne ens.;*
- ❖ *Voorsiening vir opleiding – binne en buite die werksituasie;*
- ❖ *Regverdige en gelyke behandeling;*
- ❖ *Duidelike leierskap en rigtinggewende ondersteuning;*
- ❖ *Werkswerwante vergoeding en byvoordele;*
- ❖ *Duidelike bevorderingsroetes;*
- ❖ *Kennis van maatskappy doelwitte en insig wat van homself/haarself verwag word;*
- ❖ *Vryheid om met medewerkers te sosialiseer;*
- ❖ *Deeglik omskrewe status en outoriteit – vermoë om besluite te neem; en*
- ❖ *Sekuriteit.*

6.2.5.1.2 Verwagtinge:

- ❖ *Betekensvolle werk;*
- ❖ *Ruimte vir innovering;*
- ❖ *Geleentheid om kennis en vaardighede toe te pas;*
- ❖ *Geleentheid vir persoonlike ontwikkeling – selfaktualisering;*
- ❖ *Sekuriteit en groei in die onderneming;*
- ❖ *Vrye toegang tot toepaslike informasie;*
- ❖ *Interessante werk wat uitdagend is;*
- ❖ *Erkenning vir goeie werk;*
- ❖ *Vriendelike kollegas en gelykheid in die werksgroep;*
- ❖ *'n Redelik gestruktureerde werksomgewing met behoudende reëls en regulasies, dissipline ens., maar ook ruimte vir aanpassing;*
- ❖ *Geleentheid om gedagtes, met onder – en oorgeskiktes, op vrye basis uit te ruil en voorstelle ten opsigte van verbetering van werk te maak;*
- ❖ *Bevorderingsgeleenthede;*
- ❖ *Om ingelig te bly/word ten opsigte van die onderneming in algemeen en meer spesifiek sake wat hom/haarself raak;*
- ❖ *Kompeterende byvoordele;*
- ❖ *Vertroue van toesighouers;*
- ❖ *Geleentheid om in groepe, maar ook soms onafhanklik te werk;*

- ❖ *Regverdigde prestasie beoordeling en jaarlikse hersiening van salaris/lone en werksvoordele;*
- ❖ *Kennis van die visie en doelwitte van die maatskappy;*
- ❖ *Deelname aan besluitneming;*
- ❖ *Vrye vloei van informasie/kommunikasie in die organisasie;*
- ❖ *Bevoegde leierskap;*
- ❖ *Spesiale take in groeps - en individuele verband;*
- ❖ *Geleentheid om werk te geniet;*
- ❖ *Konsultasie ten opsigte van sake wat hom/haar raak;*
- ❖ *Idealistiese doelwitte en doeldatums;*
- ❖ *Duidelike instruksies;*
- ❖ *Ondersteuning deur toesighouer; en*
- ❖ *Wete dat die pos tot iets lei.*

6.2.5.1.3 Regte

Gelykheid, menswaardigheid en nie diskriminasie op grond van:

- ❖ *Ras;*
- ❖ *Kleur;*
- ❖ *Taal;*
- ❖ *Geslag;*
- ❖ *Geloof;*
- ❖ *Etniese oorsprong;*
- ❖ *Sosiale klas;*
- ❖ *Geboorte;*
- ❖ *Ongeskiktheid, en*
- ❖ *Politieke en ander oortuigings.*

- ❖ *Om kennis te dra van:*
 - ❖ *Maatskappy beleid en prosedures;*
 - ❖ *Wet op basiese Diensvoorwaardes;*
 - ❖ *Wet op Gelyke Indiensneming;*
 - ❖ *Wet op Arbeidsverhoudinge;*

- ❖ *Diensvoorwaardes (ook byvoordele);*
- ❖ *Eie posbeskrywing;*
- ❖ *Dissiplinêre – en griewe prosedures;*
- ❖ *Die werking van 'n vakbond, ten einde afwykings hiervan te kan identifiseer en daarop te kan reageer ten einde regstelling by afwyking te kan bewerkstelling;*
- ❖ *Reg om te werk;*
- ❖ *Vryheid van assosiasie;*
- ❖ *Reg tot kollektiewe bedinging;*
- ❖ *Reg om werk te weerhou;*
- ❖ *Reg tot opleiding;*
- ❖ *Reg op 'n veilige werksomgewing;*
- ❖ *Regverdige arbeidspraktyke;*
- ❖ *Regverdige en gelyke vergoeding; en*
- ❖ *Reg op informasie, ten einde sy werk doeltreffend te kan doen.*

6.2.5.1.4 Waardes

- ❖ *Eerlikheid;*
- ❖ *Lojaliteit/toewyding;*
- ❖ *Regverdigheid;*
- ❖ *Hardwerkendheid/produktiwiteit;*
- ❖ *Vaardigheid/bevoegdheid;*
- ❖ *Soberheid;*
- ❖ *Stiptelikheid;*
- ❖ *Objektiwiteit;*
- ❖ *Innovering/inisiatief;*
- ❖ *Deursettingsvermoë;*
- ❖ *Menswaardigheid;*
- ❖ *Erkenning van menslike individualiteit en respek;*
- ❖ *Begrip;*
- ❖ *Erkentlikheid;*
- ❖ *Vooruitstrewendheid;*
- ❖ *Vertroue;*
- ❖ *Samewerking;*
- ❖ *Goeie kommunikasie;*
- ❖ *Betroubaarheid/doelgeridheid;*

- ❖ *Ondersteuning;*
- ❖ *Vriendskap;*
- ❖ *Kompetisie;*
- ❖ *Buigsaamheid;*
- ❖ *Goeie oordeel;*
- ❖ *Aanpasbaarheid/vermoë om te verander;*
- ❖ *Positiewe leierskap;*
- ❖ *Produktiwiteit;*
- ❖ *Uitnemendheid (“Excellence”);*
- ❖ *Ondernemendheid (“Enterprise”);*
- ❖ *Openheid (“transparancy”); en*
- ❖ *Sensitiwiteit.*

6.2.5.2 **Bestuur**

6.2.5.2.1 **Behoeftes**

- ❖ *Duidelike besigheidsplan met goed omskrewe en bereikbare doelwitte*
- ❖ *Genoegsame en toepaslike hulpbronne*
- ❖ *Doeltreffende opwaartse en afwaartse kommunikasiekanale*
- ❖ *Toegang tot nuutste tegnologie*
- ❖ *Vertroue van oor- en ondergeskiktes*
- ❖ *Aanvaarbare en veilige werkomstandighede wat voorsiening maak vir innovering.*
- ❖ *Deurlopende ondersteuning en strategiese insette van toesighouers/top bestuur*
- ❖ *Erkenning vir prestasie*
- ❖ *Vryheid om binne neergelegde riglyne besluite te neem*
- ❖ *Deelname en betrokkenheid by oorhoofse beplanning*
- ❖ *Toegang tot nodige informasie en totale deursigtigheid in sake wat hulle mag raak*
- ❖ *Aanvaarding van/vertroue in:*
 - ❖ *Kennis*
 - ❖ *Vaardighede*

- ❖ *Integriteit*
- ❖ *Lojaliteit*

- ❖ *Selfontwikkelingsgeleenthede tot voordeel van self en die onderneming*
- ❖ *Deeglike omskrewe posbeskrywing met duidelike verantwoordelikhede en regte*
- ❖ *Status gelykstaande aan posverwagting*

6.2.5.2.2 Verwagtings

- ❖ *Markverwante vergoeding en voordele*
- ❖ *Erkenning vir prestasie*
- ❖ *Deurlopende terugvoering oor eie - en organisatoriese prestasie*
- ❖ *Deursigtigheid en vrye toegang tot informasie.*

Bestuur verwag van die werknemer die volgende:

- ❖ *Die vermoë om nie-sosiaalverwante take uit te voer wat 'n sekere graad van tegniese kennis en vaardigheid vereis;*
- ❖ *Die vermoë om nuwe metodes van taakuitvoering uit te vind en die vermoë om nuwe probleme op te los;*
- ❖ *Die vermoë om 'n mening doeltreffend en oortuigend te stel;*
- ❖ *Die vermoë om goed georganiseerde en duidelike aanbiedings mondelings en op skrif te maak;*
- ❖ *Die vermoë om toesig te hou oor, en leiding te gee aan ander in die werksituasie;*
- ❖ *Die vermoë om goeie, verantwoordelike besluite te neem sonder die bystand van ander;*
- ❖ *Die vermoë om tyd en energie tot voordeel van die onderneming te benut;*
- ❖ *Die vermoë om ondernemingsopdragte en vereistes te aanvaar wat teenstrydig is met eie prerogatiwe;*
- ❖ *Sosiale interaksie met ander werkslede buite die werksituasie;*
- ❖ *Konformering met ondernemings en groepporme in die werk op gebiede wat nie direk verband hou met die werk nie;*
- ❖ *Selfstudie buite normale werksure;*
- ❖ *Handhawing van 'n goeie openbare beeld van die onderneming;*

- ❖ *Aanvaarding van die onderneming se waardes en doelwitte en die uitleef daarvan;*
- ❖ *Die vermoë om te besef wat gedoen moet word en om toepaslike stappe in daardie verband te doen;*
- ❖ *Om nuwe werkswyses te ontwikkel en om werksverwante probleme op te los op aanvaarbare wyse;*
- ❖ *Om maatskappye se visie en waardes te aanvaar en ondersteun;*
- ❖ *Om bestuur ingelig te hou ten opsigte van werksverwante sake;*
- ❖ *Om foute tot 'n minimum te beperk; en*
- ❖ *Werkopdragte betyds en effektief te voltooi*

6.2.5.2.3 Regte

Ontleen aan Geber et.al. (1995:408)

- ❖ *Eksklusiewe Regte*
 - ❖ *Om doelwitte van die onderneming te bepaal;*
 - ❖ *Produkbeleid te bepaal;*
 - ❖ *Beleid te beplan en te implementeer;*
 - ❖ *Finansiële bronne en middele te voorsien;*
 - ❖ *Fasiliteite in te rig en uit te brei;*
 - ❖ *Gehalte van produkte te bepaal;*
 - ❖ *Werkstandaarde vas te stel;*
 - ❖ *Inhoud van die arbeidsmag te bepaal;*
 - ❖ *Arbeidsmag te lei en organiseer;*
 - ❖ *Aan werkgewersverenigings te behoort; en*
 - ❖ *Onderneming te bestuur.*

- ❖ *Tradisionele Regte*
 - ❖ *Om werkers te werf en in diens te neem;*
 - ❖ *Werkers in poste te plaas;*
 - ❖ *Werkers te bevorder of demoveer;*
 - ❖ *Werkers te verplaas;*
 - ❖ *Salarisse/lone te verlaag of verhoog;*
 - ❖ *Werkers te dissiplineer;*
 - ❖ *Werkers te ontslaan/besnoei;*
 - ❖ *Werksure vas te stel;*

- ❖ *Verlof toe te staan/af te keur; en*
- ❖ *Bepaal hoeveel oortydwerk nodig is.*

(Hierdie regte word tans onderhandel met unies/vakbonde en so met werkers gedeel.)

- ❖ *Prestasiedoelwitte te bepaal;*
- ❖ *Om standaarde en strukture aan te pas;*
- ❖ *Om toegang tot werknemers te reguleer (binne werksverband);*
- ❖ *Om respek en aanvaarding van werknemers te verwag;*
Samewerking van werknemers ter bereiking van gestelde doelwitte;
- ❖ *Terugvoer van werknemers (opwaartse kommunikasie); en*
- ❖ *Vertroue van werknemers.*

6.2.5.2.4 Waardes

- ❖ *Eerlikheid;*
- ❖ *Lojaliteit/toegewydheid;*
- ❖ *Regverdigheid;*
- ❖ *Hardwerkendheid;*
- ❖ *Vaardigheid/handigheid;*
- ❖ *Stiptelikheid;*
- ❖ *Soberheid;*
- ❖ *Objektiwiteit;*
- ❖ *Innoverendheid/inisiatief;*
- ❖ *Deursettingvermoë;*
- ❖ *Menswaardigheid;*
- ❖ *Menslikheid/humaniteit;*
- ❖ *Toegewydheid;*
- ❖ *Erkening van die individualiteit van mense;*
- ❖ *Ondersteuning;*
- ❖ *Vertroue;*
- ❖ *Samewerking/spanwerk;*
- ❖ *Goeie kommunikasie/openheid;*
- ❖ *Ondernemingsgees;*
- ❖ *Prestasiegerigtheid;*
- ❖ *Kompeterendheid/deelname van almal; en*

❖ *Betroubaarheid.*

Alhoewel ons reeds gesien het dat bestuur en werknemers se doelwitte, verantwoordelikhede, regte en pligte tot 'n hoë mate verskil, is daar tog 'n groot mate van ooreenstemming. Ons praat dus van twee kante van dieselfde munt. Alhoewel daar verskille kan wees, is dit moontlik dat daar wedersyds erkenning en aanvaarding van mekaar se standpunte sal wees. Die kennis van die ander party se behoefte, verwagtinge, regte en waardes sal op sigself reeds die weg voorberei vir verbeterde verhoudingsbegrip en vertroue. Indien die onderneming 'n organisasie-klimaat openbaar wat bevordelik is vir behoefte-bevrediging, behoort 'n werknemer positiewe werknemergedrag te openbaar. Ondernemings-doelwitte sal gelyk of selfs bo persoonlike doelwitte geplaas word. Dat daar 'n kritiese verband tussen die suksesvolle integrering van persoonlike doelwitte en die van die organisasie en organisasiesukses bestaan, is dus baie duidelik – dit lê die grondslag vir gemotiveerde werknemersoptrede – die hoeksteen van ondernemingssukses.

6.2.5.3 *Afleiding van verdere kommunikasiebehoefte*

Uit meegaande lys van behoeftes, verwagtings, regte en waardes van beide bestuur en werknemers, sowel as wat deur die literatuur opgelewer is, kan ek volmondig saamstem met Wilmot (aangehaal deur McCathrin) as sy sê werknemers: “are concerned about a lack of information about their employing organizations, including where the company is headed and the why’s behind decisions. For these employees, an effective management is one that is willing to listen, not just “talk down”.

Uit voorafgaande resultate en deur die toepassing van die NERV – Kommunikasiematriks is die volgende kommunikasiebehoefte afgelei:

6.2.5.3.1 *By Werknemers:*

Informasie ten opsigte van:

- 1. Die organisasie se Missie, Visie en Waardes;*
- 2. Maatskappy doelwitte en strategie soos afgelei van bogenoemde;*
- 3. Maatskappy beleid, prosedures en standaarde;*

4. *Prestasie van die organisasie en wat vir die toekoms beplan word;*
5. *Watter rol hy/sy in hierdie planne sal moet speel;*
6. *Die spesifieke pos waarin hy/sy aangestel is – posbeskrywing met magte, pligte en verantwoordelikhede;*
7. *Watter hulpbronne tot sy/haar beskikking gestel word;*
8. *Watter voordele die pos vir hom/haar inhou;*
9. *Bestaan van geleenthede tot bevordering;*
10. *Bestaan van geleenthede om te ontwikkel en toegang to opleiding;*
11. *Geleenthede/kanale om 'n bydrae te maak tot organisatoriese doeltreffendheid en ontwikkelings deur innoverende voorstelle en of aksies – ook om opinies te lug;*
12. *Deelname aan besluitneming of konsultasies en redes vir besluite deur bestuur;*
13. *Die standpunt/reaksie van die organisasie oor hedendaagse ekonomiese, politieke- en sosiale vraagstukke/kwessies;*
14. *Wetgewing ten opsigte van die werkgewer/werknemer verhouding en hoe dit hom/haar en die organisasie raak;*
15. *Maatskappy/organisasie se kultuur soos dit tot uiting kom in die handel en wandel van beide werknemer en bestuur en wat sy/haar rol is in die uitbouing daarvan; en*
16. *Die houding van bestuur, in die handel en wandel, teenoor werknemers – bestaan daar vertroue en hoe word dit gekoester.*

6.2.5.3.2 By Bestuur

Informasie ten opsigte van:

1. *Werknemers se houding teenoor - en ondersteuning van - die maatskappy se Missie , Visie en Waardes;*
2. *Verbondenheid van werknemers ten opsigte van maatskappydoelwitte;*
3. *Prestasie van die organisasie en die aanwending van hulpbronne;*
4. *Die rol van bestuur in die bereiking van gestelde doelwitte en verantwoordelikhede en magte wat daarmee gepaard gaan;*
5. *Daaglikse produksie, voorraadvlakke en stand van ander hulpbronne, insluitend mannekrag;*
6. *Afwyking van beplande aksies en beplande regstellende maatreëls;*
7. *Vordering ten opsigte van projekte;*
8. *Werkers se moraal en nywerheidsverhoudinge klimaat;*
9. *Salarisse en lone sowel as ander byvoordele van werknemers en hoe dit met die mark vergelyk;*

10. *Persoonlike prestasie sowel as die van sy onderskiktes;*
11. *Die houding van die direksie ten opsigte van werksverwante sake en die mate van ondersteuning/goedkeuring wat van hulle verwag kan word;*
12. *Langtermyn doelwitte en toekomsvisie vir die organisasie en die rol wat hy/sy daarin sal speel;*
13. *Behoeftes, verwagtinge en waardes van die werknemers;*
14. *Nuutste tegnologie en werkstegnieke ten opsigte van die bedryf waarin die organisasie hom bevind;*
15. *Die prestasies, probleme en uitdagings soos gesien deur konkurentte (“networking”); en*
16. *Addisionele kennis en vaardighede ten einde werksprestasie te verhoog, veral in die veld van interpersoonlike verhoudinge.*

Hierdie twee stelle kommunikasiebehoefte is verteenwoordigend van die kommunikasiebehoefte van onderskeidelik werknemers en bestuur.

6.2.6 SAMESTELLING VAN VRAELYS.

Uit hierdie geïdentifiseerde kommunikasiebehoefte is vervolgens ‘n vraelys saamgestel wat aan ‘n verteenwoordigende ewekansige steekproef, werknemers en bestuur, voorgehou is ten einde hulle reaksie daarop te verkry. Die vraelys is in die ses verteenwoordigende tale op Amplats vertaal ten einde dit sodoende toeganklik te maak vir alle werknemers. Hierby aangeheg is ‘n Afrikaanse weergawe van die vraelys, terwyl ‘n volledige stel van ses as byvoegsel tot die verhandeling ingesluit word.

6.3 VERGELYKING VAN KOMMUNIKASIEBEHOEFTE

*Vervolgens die **navorsingsproses** wat gevolg is by die vergelyking van die kommunikasiebehoefte van werknemers en bestuur.*

6.3.1 NAVORSINGSPROBLEEM:

Om te bepaal of daar ‘n ooreenkoms bestaan tussen die behoeftes wat bestaan ten opsigte van kommunikasie by bestuur en werknemers op ‘n Platinamyn.

Die volgende **hipotese** is dan geformuleer vir toetsing: **Daar bestaan beduidende ooreenkomste tussen die kommunikasiebehoeftes van werknemers en bestuur.**

6.3.2 NAVORSINGSDOELSTELLINGS:

'n Vergelykende studie ten opsigte van kommunikasiebehoeftes by werknemers en bestuur ten einde die kommunikasieproses te verbeter en sodoende 'n bydrae te lewer tot die verhoging van die organisasie se produktiwiteit. Klem word gelê op die bepaling van wat werknemers van bestuur wil hoor en vir hulle wil sê, asook wat bestuur vir werknemers wil sê en van hulle wil hoor binne organisasieverband.

Daar gaan dan gepoog word om:

- ***Te bepaal of die meetinstrument (vraelys) betroubaar is;***
- ***Te bepaal of bepaalde onderliggende faktorkonstruksie teenwoordig is; en***
- ***Te bepaal of daar beduidende verskille bestaan in die response van werknemers en bestuur (kommunikasiebehoeftes).***

6.3.3 DATABRONNE:

In hierdie studie is daar op drie wyses 'n opname gemaak van moontlike kommunikasiebehoeftes wat bestaan by werknemers en bestuur, naamlik:

- *Identifisering van kommunikasiebehoeftes uit die literatuur,*
- *Aanvulling hiervan aan die hand van 'n opname op 'n Platinamyn, met behulp van die NERV – kommunikasiematriks; en*
- *'n Vraelys, opgestel aan die hand van bogenoemde en response van die teikengroep daarop.*

6.3.3.1 LITERATUURSTUDIE

Verskeie bronne wat handel oor kommunikasie sowel as menslike behoeftes, konflik, die organisasie, regte en pligte van bestuur en werknemers en motivering is geraadpleeg. Daar is gebruik gemaak van tydskrifte, handboeke en artikels op die Internet sowel as skakeling met Opvoedkundige Instellings en internasionale kundiges op die gebied van kommunikasie, deur middel van e-pos en Internet fasiliteite op die rekenaar. Op bogenoemde wyse is toegang verkry tot meer as vyftig bronne en is ongeveer ses internasionale kundiges en instansies gebruik ten einde inligting te bekom en die onderwerp van navorsing te bespreek.

6.3.3.2 TOEPASSING VAN DIE NERV – MATRIKS

Tydens die literatuurstudie is 'n artikel van Sue McLauren van die Bell-Howell Organisasie in Kanada geïdentifiseer as 'n moontlike wyse om informasie ten opsigte van werknemerbehoefte te versamel. Die NERV – matriks bied 'n basis vir werknemers, sowel as bestuur, om hulle behoeftes (needs), verwagtinge (expectations), regte (rights) en waardes (values) na vore te bring, soos van toepassing in die werksituasie. Die inligting is deur 'n fasiliteerder, eers op individuele en dan op groepsbasis, ingewin. Werknemers en bestuur het op genoemde matriks gereageer onder leiding van die groepleier / fasiliteerder wat onder andere die begrippe ter sake, duidelik help omskryf het. Met behulp van hierdie verteenwoordigende individue en groepe, is die response dan verder gereduseer tot betekenisvolle behoeftes, deurdat oorvleuelings en herhalings uitgeskakel is.

6.3.3.3 OPSTEL VAN 'n VRAELYS

Informasie ingewin deur die toepassing van die NERV – matriks is georden in afsonderlike response van werknemers en bestuur. Uit die literatuurstudie is daar ook generiese kommunikasiebehoefte geïdentifiseer. Hierdie behoeftes is vervolgens geïntegreer om 'n enkel stel vir werknemers en bestuur daar te stel. Hierna is 'n vraelys saamgestel wat geïdentifiseerde kommunikasiebehoefte van beide groepe geïnkorporeer het in die vorm van een groep stellings waarop die respondente geïdentifiseer, in 'n ewekansige steekproef, moes reageer. Die vraelys is vertaal in ses tale (Afrikaans, Engels, Xhosa, Sepedi, Setswana en Fanakalo) ten einde alle taalgroepe in die steekproef, wat die totale spektrum van werknemers op die myn dek, te akkommodeer. Daar is dus wyd gesoek na die inligting wat nie net die velde van die Sielkunde en Bedryfsielkunde insluit nie, maar ook Kommunikasiekunde en die Skakelwese dek.

6.3.4 DATA-INSAMELING:

Daar is reeds in voorafgaande gedeeltes verwys na insameling van data ten einde 'n betekenisvolle vraelys te ontwikkel. Hierdie vraelys is dan op ewekansige wyse versprei soos deur die Besigheidsareas bepaal op die myn.

Elke respondent het toegang gehad tot 'n vraelys van sy / haar moedertaal en is bygestaan deur opgeleide veldwerkers by persone wat ongeletterd was of probleme met die vraelys ondervind het.

Uit die totale populasie van 16 000 werknemers (insluitende bestuur) is verteenwoordigende monsters van ongeveer 100 per Besigheidsarea gevra om die vraelys te voltooi – 'n totaal van 600. Daar is gebruik gemaak van rekenaardrukstukke om ewekansige persone te identifiseer aan wie vraelys gegee is. Die steekproef moes werknemers en bestuur in kerrekte verhouding tot werklike getalle verteenwoordig asook op sortgelyke wyse posvlakke weerspieël. Van die 600 vraelys is 452 (\pm 75%) voltooi teen die doeldatum. Net 430 is gebruik aangesien 22 van die vraelys bederf was - hulle is geïgnoreer.

Die vraelys is oor 'n periode van ses weke versprei en opgeneem, ten einde elke respondent genoegsame tyd tot oorweging van response te gee. Deur vrae toe te laat, is moontlike onduidelikhede uit die weg geruim. Persone wat afwesig was weens siekte of verlof is ook op hierdie wyse geakkommodeer.

Van respondente is verwag om op 20 stellings, ten opsigte van kommunikasiebehoefte, te reageer. Elkeen moes aandui of hy / sy volmondig daarmee saamstem, gedeeltelik daarmee saamstem, onseker is daarvoor, ietwat daarvan verskil of totaal daarvan verskil. Alhoewel bestuur en werknemers op dieselfde vraelys moes reageer, is die response afsonderlik aangeteken.

6.3.4.1 OPLEIDING VAN VELDWERKERS

Daar is voorsiening gemaak vir bystand deur drie groepe veldwerkers, naamlik:

- (i) Personeelbeamptes wat op die skagte self (meestal in kantore) beskikbaar was om vraelyste uit te deel en onduidelikhede uit die weg te ruim.
- (ii) Kommunikasie Assistent wat in die hostelle in Kommunikasiesentrums dieselfde rol as die Personeelbeamptes vervul het.
- (iii) Opleidingsbeamptes (“ABET – Trainers”), wat na-uurse opleiding hanteer, wat in lesinglokale die invul van vraelyste gefasiliteer het.

Hierdie veldwerkers is op ‘n groepbasis ingelig oor die werkswyse en doel met die vraelyste. Hierna is hulle geleentheid gebied om die vraelyste self in te vul en moontlike probleemareas uit te lig.

Veldwerkers was gekies aan die hand van taalvermoë, kennis van en betrokkenheid by volwasse-opleiding en bereidwilligheid om met die opname te help.

Geen fasiliteerder het verantwoordelikheid vir meer as dertig (30) vraelyste gehad nie.

6.3.4.2 ONGELETTEDHEIDSPROBLEEM

Die hoë vlak van ongetteredheid onder mynwerkers (40% plus) het baie spesiale maatreëls geverg:

Ten eerste is die vraelys in ses tale vertaal:

- Afrikaans
- Engels
- Xhosa
- Tswana (Soethoe)
- Sepedi; en
- Fanakalo (Mynesperanto).

Ten tweede is daar van die respondent verwag om deur slegs ‘n kruisie (x) by die biografiese gedeelte en omkringing van die keuse ten opsigte van die 20 stellings. Die basiese uitleg was verder presies dieselfde by al ses die weergawes van die vraelys wat eenvormigheid bewerk het en voltooiing vergemaklik het.

Ten derde was daar toegang tot veldwerkers tydens die fisiese voltooiing van die vraelyste – soms is die vraelys dan ook namens die respondent ingevul.

Ten laaste het die respondente toegang tot die vraelyste gehad op so 'n wyse dat daar geen tydsdruk was nie – elke stelling kan deeglik oorweeg word voor reaksie. Daar is egter nie toegelaat dat response met kollegas bespreek kon word nie – tog was veldwerkers beskikbaar sou raad benodig word. Die meeste respondente het die vraelys binne 5 – 10 minute voltooi.

6.3.5 INTERPRETASIE VAN GEGEWENS:

Die response is verwerk met behulp van die "Statistika" sagtewarepakket.

6.3.5.1 ELEMENTE VAN KOMMUNIKASIEVRAELYS

Die vraelys bestaan uit twee dele, naamlik agt biografiese elemente wat vir verwerkingsdoeleindes as response 21 – 28 aangetoon word, sowel as 20 stellings ten opsigte van kommunikasiebehoeftes as response 1 – 20.

Die biografiese gedeelte is as volg saamgestel:

21. *Toon geslag van respondent aan – slegs twee alternatiewe (manlik of vroulik).*
22. + 23. *Toon moedertaal aan – twee stelle opsies van vyf elk om mees algemene tale op die myn te dek.*
24. *Ouderdom van respondent in vyf groepe saamgevat.*
25. *Opvoedkundige kwalifikasies in 5 groepe saamgevat.*
26. *Posbenaming/vlakte wat verdeel word in 5 kategorieë:*
 - *Halfgeskoold;*
 - *Geskoold;*
 - *Toesighouer;*
 - *Junior Bestuur; en*
 - *Bestuur.*
27. + 28. *Departemente waarin respondente werksaam is, word as twee groepe van 5 alternatiewe elk aangedui word.*

Die stellings ten opsigte van Kommunikasiebehoefte:

Hierdie 20 stellings het elk 5 moontlike response, na gelang die behoefte-evaluering van die respondent. Waar (1) dui op sterk verskil van die stelling, (2) verskil van die stelling, (3) onsekerheid, (4) ooreenstemming, en (5) sterk ooreenstemming met die stelling as synde 'n kommunikasiebehoefte van die respondent.

6.3.5.2 BEVINDINGS:

Volledige statistiese verwerkings en grafieke word as aanhangsel by die verhandeling ingesluit. Daar word vervolgens 'n opsomming gemaak van genoemde bevindings.

Die hoofdoel was hier, soos reeds genoem, om te bepaal of daar 'n beduidende verskil bestaan tussen die response van bestuur en werknemers – of daar dus verskille (of ooreenkomste) bestaan tussen die kommunikasiebehoefte van werknemers en bestuur op 'n Platinamyn.

6.3.5.2.1 BIOGRAFIESE GEGEWENS:

Die volgende informasie word saamgevat in dieselfde formaat as die vraelys, op een uitsondering na, naamlik by die respons oor beide posisie en posgradering. Hier is gegewens verwerk om ook op 'n vyfpunt-skaal in te pas. Die postitels is gebruik om kruisverwysing te dien met response 27 en 28 (Departemente) en die posvlakke is in die vyfpunt-skaal ingepas, en wel soos volg:

- (1) Halfgeskoolde werkers (Patterson A-Band);*
- (2) Geskoolde werkers (Patterson B1 – B4);*
- (3) Toesighouers (Patterson B5 – C2);*
- (4) Junior Bestuur (Patterson C4 – D2); en*
- (5) Bestuur (Patterson D3 – E3).*

Vervolgens 'n opsomming van die Biografiese gegewens:

21. Geslag:

Manlik	388	Vroulik	41	(-1)
--------	-----	---------	----	------

22. Moedertaal:

Afrikaans	76
Engels	37
Setswana	117
Xhosa	60
Suthu	16

23. Moedertaal (vervolg)

Zulu	6
Sepedi	81
Shangaan	23
Swazi	10
Ander	4

24. Ouderdom:

Jonger as 25 jaar	33
26 – 35 jaar	137
36 – 45 jaar	155
46 – 55 jaar	96
56 – 65 jaar	9

25. Opvoedkundige kwalifikasies

Graad 1 – 5	125	ABET 1&2
Graad 6 – 9	98	ABET 3&4
Graad 10 – 12	142	
Sertifikaat of diploma	50	
Graad of hoër	14	(-1)

26. Huidige posisie en posgradering

Posvlak : Half-geskoold	175
Geskoold	118
Toesighouer	96
Junior Bestuur	30
Bestuur	11

27. Departement

Mynbou	215
Ingenieurs/Logist.	44
Finans & Admin	25
Veiligheid & V/beh.	14
Beskermings-diens	9

28. Departemente (vervolg)

Metallurgie	65
Personeel/HR	40
Mediese diens	3
Hulpbronne/Res	12
Ander	3

- Uit bostaande gegewens is dit duidelik dat die Mynbedryf nog grootliks van manlike arbeid gebruik maak. (388 mans teenoor slegs 41 vroue) met een respondent wat nie die keuse aangeteken het nie).
- Die taalgroepe wat mees prominent verteenwoordig is, is Setswana (117), Xhosa (60), Sepedi (81) en Afrikaans (76).


- *Wat ouderdom aanbetref is die meeste respondente in die ouderdomsgroepe 20 – 35 jaar (137) en 36 – 45 jaar (155).*
- *Die meerderheid respondente is in die posgroepe van Half-geskoold (175) en Geskoold (118) met Toesighouers (96) volgende – 'n totaal van 389 in die klas van werknemers (90,46%) Junior Bestuur (30) en Bestuur (11) maak slegs 9,53% verteenwoordig.*
- *Synde die Mynbedryf ('n Platinamyn) sou verwag word dat die meerderheid werkers in die Mynboudepartement werk, dit is dan ook so (215 of 50%) met Metallurgie (65 of 15,11%) en Ingenieur (44 of 10,23%) wat volg.*
- *Die Mediese dienste is swak verteenwoordig (3 of 0,69%) grootliks omdat die Hospitaal en Klinieke op die myn onlangs deel van die Mediese Dienste Departement geword het – 'n aparte Besigheidseenheid.*
- *Die steekproef het, aangesien daar 'n hoë mate van kontrole was weens ongeletterheidsvlakke en die gebruik van opgeleide veldwerkers om hulp te veleen, die beplande verhoudings weerspieël tussen posvlakke, sowel as werknemers teenoor bestuur. Die steekproef was dus verteenwoordigend van die totale Mynpopulasie.*

6.3.5.2.2 REAKSIE OP DIE VRAELYS:

Soos reeds genoem is reaksie gevra op 20 stellings wat geïdentifiseerde kommunikasiebehoeftes omskryf. Die reaksie was aangedui op 'n vyfpunt-skaal waar (1) totaal verskil en (5) volmondig saamstem die twee pole verteenwoordig.

Voordat gekyk word na die reaksie op individuele stellings, die volgende histogram wat die totale gemiddelde response op die stellings, van werknemers en bestuur, aandui.

Histogram: TOTAAL: =(v1+v2+v3+v4+v5+v6+v7+v8+v9+v10+v11+v12+v13+v14+v15+v16+v



Die verskillende response op die vrae / stellings individueel vir bestuur en werknemers word saamgevat in diagramme wat gegewens, grafies (histogramme) asook beskrywend, saamvat as variasies 1 – 20. Hierdie gegewens word, soos genoem, as addendum tot die verhandeling aangeheg.

6.3.5.2.2.1 VERGELYKING VAN RESPONSE VAN WERKNEMERS EN BESTUUR

Vervolgens 'n vergelyking van die reaksie van bestuur en werknemers op die stellings:

Die volgende tabel vergelyk die persentasie positiewe response (keuses 4 en 5), onseker response (keuse 3) asook die negatiewe (response 1 en 2) van werknemers en bestuur op elke stelling. Hiervolgens is daar vir stellings 1, 4, 2, 5 en 9 die meeste ondersteuning by werknemers, terwyl bestuur 'n hoër voorkeur ten opsigte van stellings 4, 2, 17, 13, en 6 toon.

VERGELYKING: % POSITIEWE TEENoor NEGATIEWE RESPONSE BY WERKNEMERS EN BESTUUR.

RESPONS	STELLING 1		TOTAAL	STELLING 2		TOTAAL	STELLING 3		TOTAAL
	W	B		W	B		W	B	
Negatief	6,94	2,44	6,51	10,54	2,44	9,77	14,40	4,86	13,49
Onsekere	10,54	12,20	10,70	17,48	7,32	16,51	17,99	9,76	17,21
Positief	82,54	85,37	82,79	71,98	90,24	73,72	67,35	85,37	69,07
RESPONS	STELLING 4		TOTAAL	STELLING 5		TOTAAL	STELLING 6		TOTAAL
	W	B		W	B		W	B	
Negatief	7,45	4,88	7,21	12,34	4,88	11,63	11,83	2,44	10,93
Onseker	14,65	2,44	13,49	15,68	12,20	15,35	22,88	12,20	21,86
Positief	77,89	92,68	79,30	71,72	82,93	72,79	65,30	85,37	67,21
RESPONS	STELLING 7		TOTAAL	STELLING 8		TOTAAL	STELLING 9		TOTAAL
	W	B		W	B		W	B	
Negatief	17,99	4,88	16,75	16,20	-	14,65	13,88	4,88	13,02
Onseker	22,11	12,20	21,16	22,11	18,07	21,63	14,91	21,95	15,58
Positief	59,90	82,93	62,07	61,44	82,93	63,49	70,69	73,17	70,93
RESPONS	STELLING10		TOTAAL	STELLING 11		TOTAAL	STELLING 12		TOTAAL
	W	B		W	B		W	B	
Negatief	14,91	7,32	14,19	15,94	9,76	15,35	14,65	9,76	14,19
Onseker	17,48	14,63	17,21	17,74	9,76	16,98	20,31	12,20	19,53
Positief	67,61	78,05	68,60	66,32	80,49	67,67	64,78	78,05	66,05
RESPONS	STELLING13		TOTAAL	STELLING 14		TOTAAL	STELLING 15		TOTAAL
	W	B		W	B		W	B	
Negatief	20,05	4,88	18,60	16,97	9,76	16,28	14,65	7,32	13,95
Onseker	19,79	19,51	19,77	18,25	17,07	18,14	16,71	14,63	16,51
Positief	59,90	75,61	61,39	64,78	73,17	65,58	68,38	78,05	69,31
RESPONS	STELLING16		TOTAAL	STELLING 17		TOTAAL	STELLING 18		TOTAAL
	W	B		W	B		W	B	
Negatief	19,54	4,88	18,14	17,22	-	15,58	18,77	4,87	17,44
Onseker	22,11	24,39	22,33	15,94	12,20	15,58	14,91	12,20	14,65
Positief	57,84	70,73	59,07	66,84	87,80	68,84	66,07	82,93	67,67
RESPONS	STELLING19		TOTAAL	STELLING 20		TOTAAL	STELLING 21		TOTAAL
	W	B		W	B		W	B	
Negatief	8,77	2,44	17,21	17,48	9,77	16,74			
Onseker	15,68	19,51	16,05	17,48	9,76	16,74			
Positief	65,55	78,03	66,74	60,04	80,49	66,51			

Vir stellings 16, 13, 7, 8, 12 en 14 toon werknemers minder ondersteuning, terwyl hierdie tendens by bestuur bestaan ten opsigte van stellings 16, 9, 14, 13, 10 en 19.

Die volgende tabel dui positiewe response in rangorde van voorkeur by werknemers en bestuur aan.

Positiewe response (4 en 5) in rangorde van voorkeuer soos gekies

<i>Stelling</i>	<i>Werknemers</i>	<i>Bestuur</i>
1	1	4
2	3	2
3	8	4
4	2	1
5	4	7
6	13	4
7	18	7
8	16	7
9	5	18
10	7	13
11	10	11
12	14	13
13	18	17
14	14	18
15	6	13
16	20	20
17	9	3
18	11	7
19	12	13
20	17	11

6.3.5.2.2.2 VERDERE STATISTIEKE:

Soos onder (6.3.2) hierbo aangetoon, is die volgende doestellings gestel en statisties getoets:

- ***Te bepaal of die meetinstrument (vraelys) betroubaar is;***
- ***Te bepaal of bepaalde onderliggende faktorkonstruksie teenwoordig is; en***
- ***Te bepaal of daar beduidende verskille bestaan in die response van werknemers en bestuur (kommunikasiebehoefes).***

Is die Meetinstrument betroubaar?

'n Meting is betroubaar as dit meestal ware tellings weergee in verhouding tot die fout: 'n indeks van betroubaarheid word gedefinieer in terme van die proporsie ware telling variansie wat aangeteken word by respondente in verhouding tot die totale waargenome variansie.

Die mees algemene indeks van betroubaarheid is die Cronbach koëffisiënt alfa wat dan ook hier bereken is. Indien alle items totaal en al betroubaar is en dieselfde ding meet (ware telling), dan is die koëffisiënt alfa gelyk aan 1. **By verwerking van die data is 'n Cronbach alfa van 0,917994 en 'n gestandaardiseerde alfa van 0,918178 verkry – die betroubaarheid van hierdie meetinstrument (vraelys) is dus uiters betroubaar bevind.** Die itemkonstruksie toon interne ballans en korrelasie op die vlak van 0,36. 'n Visuele inspeksie van die korrelasiematriks dui ook op 'n redelike interne stabiliteit en ballans tussen die verskillende items. (Verwys na die statistiese data in die aanhangsels, p. 57.)

Is bepaalde onderliggende Faktorkonstruksie teenwoordig?

By die evaluering van die faktorkonstruksie is gekyk na hoofkomponentanalise soos in die statistiese resultaat bevind (sien aanhangsels, p.59 en 60).

Twee konstruksie is geïdentifiseer met hoë Eigenwaardes van onderskeidelik 7,874495 en 1,093431. Dit lyk dus asof die twee konstruksie in die vraelys gestandgedoen word.

Bestaan daar beduidende verskille tussen response van wernerers en bestuur?

Gewoonlik is die uiteindelijke doel van enige navorsing of wetenskaplike ontleding om verwantskappe tussen veranderlikes te bepaal. Daar word gepoog om hierdie verwantskappe op die eenvoudigste wyse moontlik te bepaal. Op bladsy 61 van die aangehegde statistiese resultaat word t – waardes, sowel as p – vlakke aangedui. Die t – waardes toon die verskille aan tussen gemiddeldes van die resultaat, terwyl die p – vlakke aantoon of die resultaat statisties betekenisvol is. 'n P – vlak van 0,05 en kleiner dui aan dat daar 'n beduidende verskil bestaan tussen die resultaat verkry tussen die twee groepe response, terwyl p – vlakke wat groter is op betekenisvolle ooreenkomste dui.

Uit die verwerkte resultaat kan dan afgelei word dat daar betekenisvolle (statisties beduidend) verskille by response ten opsigte van tien stellings bestaan (2,6,7,8,11,12,13,17,18 en 20), terwyl betekenisvolle ooreenkomste bestaan by die response ten opsigte van die ander 10 stellings.

6.3.6 GEVOLGTREKKINGS:

Daar is dus bewys:

- *Dat die meetinstrument (vraelys) betroubaar is;*
- *Dat bepaalde onderliggende faktorkonstruksie teenwoordig is; en*
- *Dat daar beduidende verskille, maar ook ooreenkomste, bestaan in die response van werknemers en bestuur op die twintig stellings of kommunikasiebehoefte.*

Deur op hierdie behoeftes – waar hulle verskil, maar ook waar hulle ooreenstem - te konsentreer tydens interaksie in die werksituasie, nou dat daar 'n hoë mate van bewustheid bestaan, sal beide partye se kommunikasiebehoefte grootliks bevredig word en sal die motivering wat volg, lei tot verhoogde doeltreffendheid wat tot voordeel van beide partye sal wees.

6.3.7 AANBEVELINGS:

- *Dat die geïdentifiseerde behoeftes in alle vorme van kommunikasie sterk figureer en dat werknemers / bestuur hieroor ingelig word.*
- *Dat beplanning van enige kommunikasieveldtog hierdie behoeftes as basis het.*
- *Dat hierdie behoeftes as raamwerk dien ten opsigte van die funksionering van kommunikasiesentrums op die Myn.*
- *Dat by die Werksplekforums van die geïdentifiseerde behoeftes as vaste punte op agendas geplaas word vir maandelikse vergaderings.*
- *Dat voorsiening gemaak word vir gereelde terugvoering aan werknemers deur bestuur ten opsigte van hierdie behoeftes.*
- *Dat maandelikse Maatskappy publikasies en nuusbriewe hierdie behoeftes gereeld aanspreek.*
- *Dat kanale geskep word vir werknemers om op groeps- en individuele vlak toegang tot bestuur te hê, byvoorbeeld:*
 - *Persoonlike onderhoude / konsultasies – oopdeur beleid.*
 - *Sisteem van voorstelle ten einde innovering en deelname te stimuleer.*
 - *Werksgroepbesprekings waartydens werknemer bydraes aangemoedig word.*

- *Dat aandag gegee word aan die kommunikasievaardighede van bestuurs- en werknemerverteenwoordigers. Dat opleidingsprogramme ontwikkel word en grootskaalse praktiese opleiding aangepak word met geïdentifiseerde behoeftes as basis.*

Deur die toepassing van hierdie bevindinge op die werksituasie sal kommunikasie tussen werknemers en bestuur onderskraag en verbeter kan word!

In die volgende hoofstuk word dan gepoog om bevindinge uit hierdie navorsing toe te pas op die werksituasie en aan die hand hiervan die bevindinge prakties toepasbaar te maak. Daar word ruimskoots gebruik gemaak van diagramme asook tabelle wat informasie bevat ten einde voorstelle verder toe te lig en te ondersteun. Daar word dus gepoog om die navorsingsresultaat prakties aan te wend.

HOOFSTUK 7: ONTWIKKELING VAN `n KOMMUNIKASIESTRATEGIE

7.1 Implikasies van die navorsingsresultaat vir die kommunikasieproses.

Uit die navorsing blyk dit duidelik dat die **fokus** geplaas moet word op die **inhoud van kommunikasie** tussen werknemer en bestuur, met ander woorde: wat werknemers van bestuur wil hoor en vir hulle wil sê, en ook wat bestuur vir werknemers wil sê en ook van hulle wil hoor! Die rede hiervoor is daarin geleë dat dit waarskynlik die enigste manier is om misverstand en konflik in die werksplek te verminder. Hoë kwaliteit kommunikasie, wat bevestig kan word, moet verseker word en só kan `n nuwe klimaat van onverdraaide en eerlike kommunikasie in die mynbedryf gevestig word. Die potensiële bydrae van kommunikasie, gerig op die inhoudelike, versterk dan ook die behoefte aan `n deeglik uitgewerkte en beplande strategie met die oog op `n **konstante vloeï van kwaliteit informasie van belang vir werknemers en ook in belang van die onderneming (bestuur)**. Doeltreffende organisatoriese boodskappe word mooi in meegaande diagram van Shockley-Zalabak (1991:163) saamgevat.

Aangesien **kommunikasiebehoefte van werknemers sowel as bestuur nou sentraal geplaas** moet word in die kommunikasieproses, word die daarstel van standarde voorveronderstel. Hierdie standarde kan as volg saamgevat word:

- ❖ Dit moet volledig wees;
- ❖ Dit moet ondubbelsinnig wees en sonder oorbeklemtoning van spesifieke aspekte;
- ❖ Dit moet tydig en toepaslik wees vir die teikenpopulasie;
- ❖ Dit moet akuraat wees; en
- ❖ Dit moet die uiteenlopende opinies en standpunte van die teikenpopulasie in ag neem.

Ek haal graag vir Gunneson (1991:140) aan as hy aanvoer: "The information we most need to communicate to each other, to help our organisations gain a competitive edge, is not

written down. It is stored in the minds and feelings of employees, ourselves, or those who work for us. It is easy to see that in a work climate of diversity and turmoil, this information will not be forthcoming voluntarily. In the case of an autocratic organisational culture, the information will not come even if requested.

A good communication system provides a continuous vehicle for this critical, day-to-day information stored in the memories and feelings of employees closest to the action. Managers that are not connected into both the formal and informal communications channels will not have the timely, real-world information with which to compete effectively. Managers who can foster open lines of communication, and make use of real-world information obtained from it, will boost their careers.”

Roger Smith (voormalige voorsitter van General Motors) het op 'n keer die volgende te sê gehad : “Communication should be treated with as much thoughtful planning and attention as quality, finance, engineering and manufacturing”.

7.2 Huidige benadering ten opsigte van kommunikasie in die organisasie

